0 43
A

HUMANITAS
RGN • HSRC

*RGN Voorligtingsreeks VR-1*

# skoolvoorligting: beginsels en metodes

raad vir geesteswetenskaplike navorsing

001.3072068

| Klasnr./Class No. | Registernr./No. |
| --- | --- |
| 001.3072068 HSRC O 43 | 41662/2 |

# RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

Privaatsak X41, Pretoria 0001, Republiek van Suid-Afrika

Telefoon 48-3944

Telegramme: RAGEN

President: Dr. A.L. Kotzee

Vise-presidente: Dr. J.D. Venter en dr. A.J. van Rooy

Sekretaris-tesourier: B.H. Steÿn, M.Com., M.B.A., B.Ed., A.C.I.S., L.I.A.H.

**Institute van die RGN**

Geskiedenisnavorsing

Inligting en Spesiale Dienste

Kommunikasienavorsing

Mannekragnavorsing

Navorsingsontwikkeling

Opvoedkundige Navorsing

Psigometriese Navorsing

Sosiologiese, Demografiese en Kriminologiese Navorsing

Statistiese Navorsing

-aal, Lettere en Kuns

-istrasie

-oördineer navorsing op die gebied van die geesteswetenskappe, dien die
-ies insake die benutting van navorsingsbevindinge en versprei inligting

HUMANITAS
RGN-HSRC

RGN-BIBLIOTEEK
HSRC LIBRARY

VERVALDATUM / DATE DUE

30 JAN 1981
1983 -05- 30
30 NOV 1991
TERUG

0000526665

001.3072068 HSRC O 43
*052666*

SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

*RGN Voorligtingsreeks VR-1*

# SKOOLVOORLIGTING: BEGINSELS EN METODES

J.B. HAASBROEK (Redakteur)
J.H. BEUKES B.A., M.Ed.
J.H. CARSTENS B.A. (Hons.) B.Ed.
C.J. BONGERS B.A. B.Ed.

INSTITUUT VIR OPVOEDKUNDIGE NAVORSING
DIREKTEUR: J.B. HAASBROEK

PRETORIA
1978

Verslag nr. **0-43**

Available in English
Kopiereg voorbehou
Prys: R1,90

ISBN 0 86965 559 0
(English edition ISBN 0 86965 560 4)

RGN BIBLIOTEEK LIBRARY HSRC
1979 -04-1 2
STANDKODE
BESTELNOMMER
NOMMER
041662
2

VOORWOORD

Indien leerlinge op skool 'n verantwoordelike en verantwoordbare vak-, studierigting- en beroepskeuse wil doen, is dit noodsaaklik dat leerlinge in dié verband op skool intensiewe voorligting moet kry. Gepaste voorligting oor onderwys- en beroepsgeleent=hede en die oriëntering van leerlinge met betrekking tot hul eie vermoëns, sal leer=linge in staat stel om ooreenkomstig hul vermoëns studierigtings op skool te kies wat by breë beroepsvelde sal aansluit en wat as sinvolle aanloop sal dien vir latere verantwoordelike beroepskeuse. Hierdie stelling is gemaak in die VERSLAG VAN DIE KOMITEE VIR GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS EN VOORLIGTING INSAKE 'N NASIONALE ONDERWYS=STELSEL OP PRIMÊRE EN SEKONDÊRE SKOOLVLAK MET VERWYSING NA SKOOLVOORLIGTING AS 'N GEÏNTEGREERDE DIENS VAN DIE ONDERWYSSTELSEL VIR DIE RSA EN VIR SWA (DEEL 1) en waarin aangedui is dat gedifferensieerde onderwys slegs sinvol geïmplementeer kan word as dit gepaard gaan met gepaste en doeltreffende voorligting.

Op grond van die genoemde verslag, is besluit dat die RGN inligtingstukke beskikbaar moet stel om personeel wat vir voorligting aan skole verantwoordelik is, in staat te stel om die skoolvoorligtingsdiens meer effektief aan te bied. 'n Reeks publi=kasies - bekend as die RGN Voorligtingsreeks - is gereed gemaak en word beskik=baar gestel aan skoolvoorligters en ander instansies wat met voorligting gemoeid is.

Met die onderhawige verslag getitel Skoolvoorligting: Beginsels en Metodes, is gepoog om meer as net 'n handleiding te skryf, omdat sowel die grondliggende teorie as die praktyk bespreek is. Die doel met die teoretiese uitleg is om skoolvoorligters (voorligter-onderwysers) en ander belanghebbendes 'n insig te bied in die aard en wese van skoolvoorligting sodat die praktyk meer sinvol en planmatig benader kan word.

Die grondgedagte waarop die metodes en beginsels van skoolvoorligting berus, is dat voorligting primêr as 'n saak van opvoeding beskou moet word. Dit beteken dat onder=wysers wat voorligting aan leerlinge bied, hulle opdrag in terme van begeleiding moet sien, dit wil sê dat die skoolvoorligter se taak is om leerlinge te begelei om self=standig en met insig en verantwoordelikheid keuses met die oog op 'n beroepstoekoms te doen. Hierdie begeleidingstaak bestaan uit die beskikbaarstelling van beroeps=inligting, voorbereidende opleiding met die oog op verdere naskoolse opleiding en/of beroepsbeoefening en opvoeding van leerlinge tot aanvaarding en verwesenliking van hulle eie moontlikhede deur geskikte onderwys- en beroepskeuses te doen wat by hulle moontlikhede aansluiting vind.

Hoewel hierdie verslag nie die laaste woord spreek oor beginsels en metodes van skoolvoorligting nie, sal dit beslis bydra om die belangrikheid van skoolvoorligting aan te toon. Dat skoolvoorligting 'n gespesialiseerde diens is wat deur persone behar=tig moet word wat vir hierdie taak opgelei is, spreek duidelik uit die verslag.

| HOOFSTUK | | BLADSY |
|---|---|---|
| 5.6 | Die onderhoud as metodologiese aangeleentheid | 57 |
| 5.7 | Die onderhoud op primêre en sekondêre skoolvlak | 59 |
| 5.8 | Perspektief | 65 |
| 6 | DIE ORGANISASIE VAN DIE SKOOLVOORLIGTINGSPROGRAM | 66 |
| 6.1 | Inleiding | 66 |
| 6.2 | Voorligting op primêre skoolvlak | 66 |
| 6.3 | Voorligting op sekondêre skoolvlak | 67 |
| 6.4 | Slotopmerking | 79 |
| 7 | PERSOONLIKE HOEDANIGHEDE VAN DIE SKOOLVOORLIGTER AAN SEKONDÊRE SKOLE VERBONDE | 80 |
| 7.1 | Inleiding | 80 |
| 7.2 | Die skoolvoorligter se persoonlike benadering van sy taak | 80 |
| 7.3 | Samewerking tussen die skoolvoorligter en die skoolhoof, onderwy=sers, ouergemeenskap en werkgewers | 84 |
| 7.4 | Persoonlike hoedanighede van die skoolvoorligter | 86 |
| 7.5 | Die opleiding van die skoolvoorligter | 89 |
| 7.6 | Terugblik | 90 |
| | LITERATUURLYS | 91 |

SUMMARY

The National Education Policy Act, Act 39 of 1967 as qualified by Act 73 of 1969, determines that pupils must receive adequate guidance with regard to their abilities, interests and aptitudes. In the Government Gazette of 19 March 1976 which deals with the training of teachers, guidance becomes compulsory in teachers training, whilst mention is also made of specialized guidance. Even though the interpretation of this instruction rests upon the various Education Departments, general guidance seems to be the task of all teachers, while specialized guidance implies special training and becomes therefore the task of a professional expert. This is also qualified by the goals of guidance at school. Basic guidance includes general guidance, identification, reference and individual guidance with regard to personal and educa= tional problems. Specialized guidance at school includes the afore-mentioned aspects, but with the addition of support and direction on group and individual basis concerning the making of a choice with regard to subjects, field of study and a vocation, which, because of the nature and extent thereof, requires specialized training.

Where mention is made in this manual of the guidance teacher, it refers the teacher(s) at school who is/are concerned with and responsible for the "subject" guidance at school. (Guidance teacher, teacher-psychologist.) The term guidance, as it is used in this manual, refers to specialized guidance to pupils with regard to subject, field of study and vocational (career) choices.

A system of differentiated education can be meaningfully implemented only if it is accompanied by an effective school guidance service. This principle was used as the point of departure not only in indicating the unity between education and guidance, but also in formulating important principles and in describing methods which may be of value in the practical school guidance situation. The principles and methods described in this report provide an indication of the nature and scope of school guidance and have a bearing on theoretical as well as practical aspects, so that school guidance teachers and other interested persons may consult this manual to good effect.

The report provides a brief exposition of the structure of education, with special reference to the underlying principles. To illustrate the close relationship between education and guidance, this report also discusses the place of guidance in the overall educational set-up. A fairly comprehensive discussion was also devoted to the nature and essence of guidance, especially with regard to the educational significance inherent in the term school guidance.

In addition to the fundamental justification for school guidance, attention was also devoted to important practical aspects of guidance, namely:

(1) The information function

An important part of a school's guidance programme is to make information available and to inculcate knowledge, *inter alia*, on personality potentialities of pupils and

educational and vocational opportunities of which pupils, their parents and other interested persons concerned should be aware. This information is necessary to enable pupils to enlarge their self-concept while at the same time acquiring sufficient insight into vocational reality to make a meaningful choice of sucjects, field of study and vocation.

(2) Exploratory/diagnostic function

Standardised psychological and scholastic tests and profile formation play an impor= tant role in guidance, especially in determining the abilities of pupils (their aptitudes, interests and attitudes). Since the administering of the psychological and scholastic tests is a highly responsible task, important principles were discussed that should be borne in mind when these tests are used. Less conventional methods such as observation and exploration of historicity were also discussed.

(3) Interviews

The interviews that have to be conducted with pupils constitute one of the most important aspects of guidance. The interview situation is particularly suitable for accomplishing the highest form of individualization. The educational value of the interview was emphasised while different techniques for conducting an interview were also discussed.

(4) Organization of the guidance programme

The effectiveness with which a school's guidance programme can be implemented is de= termined by the way in which it is organised. Practical hints were discussed for arranging interviews, completing tests, laying out the guidance library as well as methods of presenting the lesson.

In the last instance, however, it is the guidance teacher who determines the degree of success that can be achieved with guidance. In the last chapter a brief dis= cussion was devoted to the task of the school guidance teacher, the training he should receive and the personal qualities he should have to make a success of his task of guidance.

Principals and methods of school guidance are of academic as well as practical interest to everyone concerned with guidance. The content was presented in such a way that it may serve at the same time as u useful manual for school guidance officers.

## OPSOMMING

Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet nr. 39 van 1967, soos gewysig deur Wet nr. 73 van 1969, bepaal dat leerlinge op grond van hulle vermoëns, belangstellinge en aanlegte gepaste voorligting moet ontvang. In die Staatskoerant van 19 Maart 1976 insake die opleiding van onderwysers, word skoolvoorligting 'n vereiste in onderwysers=opleiding, en word ook melding gemaak van gespesialiseerde voorligting. Hoewel die interpretasie daarvan by die onderskeie Onderwysdepartemente berus, blyk algemene skoolvoorligting dus die taak te wees van alle onderwysers, terwyl gespesialiseerde voorligting uiteraard spesifieke opleiding impliseer en dus die taak is van 'n profes=sioneel-deskundige. Dit blyk ook uit die doelstellings met voorligting op skool. Basiese voorligting behels kortliks algemene voorligting, uitkenning en verwysing en indiwiduele voorligting ten aansien van persoonlike en opvoedkundige probleme. Ge=spesialiseerde voorligting op skool sluit die voorgaande in, maar met byvoeging van steungewing en leiding op groep- en indiwiduele basis ten opsigte van die uitoefening van vak- en studierigtingkeuses en 'n beroepskeuse, wat uit die aard en omvang daarvan, gespesialiseerde opleiding vereis waar daar in hierdie verslag van skoolvoorligter/voorligting melding gemaak word.

Waar daar in hierdie handleiding na skoolvoorligter/voorligter verwys word, het dit uitsluitlik betrekking op daardie persoon/persone verbonde aan skole wat verantwoorde=likheid aanvaar vir die "vak" voorligting op skool (voorligting-onderwyser, voorlig=ter-onderwyser, onderwyser-voorligter, onderwyser-sielkundige). Verder dui die begrip skoolvoorligting/voorligting soos in hierdie handleiding gebruik, op gespesialiseerde voorligting aan leerlinge ten opsigte van vak- en studierigtingkeuses en ook beroepskeuses.

'n Stelsel van gedifferensieerde onderwys kan alleen sinvol deurgevoer word as dit gepaard gaan met 'n doeltreffende skoolvoorligtingsdiens, veral aan skole. Hierdie beginsel is as uitgangspunt gebruik om nie alleen die hegte eenheid tussen onderwys en voorligting aan te dui nie, maar ook om belangrike beginsels te formuleer en metodes te beskryf wat vir die praktyk van skoolvoorligting waardevol kan wees. Die beginsels en metodes wat in die verslag beskryf is, gee 'n aanduiding van die aard en omvang van skoolvoorligting en het betrekking op sowel teoretiese as praktiese aspekte, sodat skoolvoorligters en ander belanghebbendes met vrug hierdie verslag kan raadpleeg.

In die verslag is kortliks 'n uiteensetting gegee van die struktuur van die onderwys met spesiale verwysing na die beginsels wat dit onderlê. Ten einde die noue ver=vlegtheid tussen onderwys en voorligting aan te dui, is hiermee saam die plek wat voorligting in die totale onderwysopset inneem, bespreek. Verder is 'n redelik volledige bespreking gewy aan die aard en wese van voorligting, veral met betrekking tot die opvoedingsbetekenis wat daar in die begrip skoolvoorligting opgesluit lê.

Afgesien van die fundamentele regverdiging vir skoolvoorligting, is daar ook aandag aan belangrike praktiese aspekte van voorligting gegee, naamlik:

(1) Die inligtingsfunksie: Die beskikbaarstelling van inligting en die bybring van kennis oor onder andere persoonsmoontlikhede van leerlinge en onderwys- en beroepsgeleenthede waarvan leerlinge, hul ouers en ander belanghebbendes bewus moet wees, vorm 'n belangrike deel van 'n skool se voorligtingsprogram. Hierdie inligting is belangrik om leerlinge in staat te stel om hul selfbeeld te verruim en terselfdertyd genoeg insig in die beroepswerklikheid te verwerf om sinvolle vak-, studierigting- en beroepskeuses te kan doen.

(2) Verkennings-/diagnostiseringsfunksie: In voorligting speel die toepassing van gestandaardiseerde sielkundige en skolastiese toetse en persoonsbeeldvorming 'n belangrike rol, veral om leerlinge se vermoëns (aanlegte, belangstellings en houdings) te bepaal. Aangesien die toepassing van die sielkundige en skolastiese toetse 'n uiters verantwoordelike taak is, is belangrike beginsels bespreek wat in gedagte gehou moet word waar van sielkundige en skolastiese toetse gebruik ge=maak word. Minder konvensionele metodes soos observasie en historisiteitsver=kenning is ook bespreek.

(3) Onderhoude: Een van die heel belangrikste aspekte van voorligting is die onder=houde wat met leerlinge gevoer moet word. Die onderhoudsituasie is by uitstek die geleentheid waar die hoogste vorm van indiwidualisering bewerkstellig kan word. Die opvoedingswaarde van die onderhoud is beklemtoon, terwyl ook verskil=lende tegnieke vir onderhoudvoering bespreek is.

(4) Organisasie van die voorligtingsprogram: Die doeltreffendheid waarmee 'n skool se voorligtingsprogram afgehandel kan word, word bepaal deur die wyse waarop dit georganiseer word. Praktiese wenke vir die reël van onderhoude, afhandeling van toetse, uitleg van die voorligtingsbiblioteek en metodes van lesaanbieding, is bespreek.

Die sukses wat met voorligting behaal kan word, word egter in die laaste instansie deur die skoolvoorligter self bepaal. In die laaste hoofstuk is 'n kort bespreking gewy aan die taak van die skoolvoorligter, die opleiding wat hy behoort te hê en die persoonlike hoedanighede waaroor hy moet beskik om sy voorligtingstaak suksesvol te kan deurvoer.

Beginsels en metodes vir skoolvoorligting is van sowel akademiese as praktiese belang vir almal wat met voorligting te make het. Die inhoud is op so 'n wyse aange=bied dat dit terselfdertyd as nuttige handleiding vir veral skoolvoorligters kan dien.

HOOFSTUK 1

# DIE SKOOLVOORLIGTINGSDIENS AS GEÏNTEGREERDE HULPDIENS VIR DIE ONDERWYS

## 1.1 INLEIDING

Sedert 1973 is al die verskillende onderwysdepartemente in die Republiek van Suid-Afrika besig om 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys suksesvol te implementeer. Die basis waarop hierdie stelsel berus, is -

(a) om gedifferensieerde onderwys aan leerlinge ooreenkomstig hulle vermoëns te verskaf sodat elke leerling tot volle verwerkliking van sy moontlikhede kan kom; en

(b) om gepaste voorligting aan leerlinge te gee met betrekking tot onderwys- en beroepskeuses wat in ooreenstemming met hulle persoonlike aanleg en belangstel= ling en met inagneming van die mannekragbehoeftes van die land, gedoen moet word.

Hierdie twee bepalings wat by wyse van Nasionale wetgewing[1)] neergelê is, het nie al= leen die totale onderwysopset in die RSA radikaal verander nie, maar het ook verreiken= de implikasies vir die praktyk van skoolvoorligting ingehou. Een van die belangrik= ste implikasies was seker dat skoolvoorligting as 'n voldonge feit aanvaar en dat die noodsaaklikheid daarvan bo alle twyfel bewys is. Dit blyk onder andere uit die feit dat die skoolvoorligtingsdiens tans as 'n integrerende deel van die onderwys funksioneer. Om hierdie noodwendig noue vervlegtheid tussen onderwys en skoolvoorligting te illu= streer, is dit nodig om baie kortliks na die teoretiese agtergrond te verwys waarteen die huidige stelsel van gedifferensieerde onderwys en voorligting geïnterpreteer moet word.

## 1.2 DIE AGTERGROND WAARTEEN DIE HUIDIGE NASIONALE ONDERWYSSTELSEL VIR DIE RSA GEFORMULEER IS

### 1.2.1 Kindbeskouing

Daar word allerweë aanvaar dat 'n kind iemand is wat op opvoeding aangewese is en dat hy hierdie opvoeding van volwassenes moet ontvang. Kinders word dus nie volwassenes buite die opvoeding om nie. Dit is merkwaardig dat nòg die kind, nòg die volwassene wat hierby betrokke is, die opvoeding rig en bepaal, maar dat dit in die eerste plek bepaalde waardes, norme of behoorlikheidseise is wat inhoud en momentum aan opvoeding gee. 'n Kind wat opgevoed word, word voortdurend met waardes en norme gekonfronteer. Dit word van hom verwag om hierdie waardes te aanvaar as behoorlik, en sy lewe daar= volgens te rig en te normeer. Ofskoon die inhoud van hierdie waardes van land tot land, volk tot volk en selfs van gemeenskap tot gemeenskap kan verskil, neem dit nie die feit weg dat elke kind wat opgevoed word, met waardes gemoeid is nie. 'n Kind se

---

1) Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet nr. 39 van 1967.

gemoeidwees met waardes is 'n beginsel wat in die Suid-Afrikaanse onderwysopset aanvaar en eerbiedig word. Die onderwys is daarop ingestel om 'n waardelewe by leerlinge op te wek.

'n Tweede aspek wat baie nou verband hou met voorgaande, is die feit van gelykwaardigheid van kinders. Almal word gelykwaardig beskou, wat beteken dat elke leerling menswaardig geag word en nie as mens ondergeskik aan ander leerlinge gestel kan word nie. Sy waardigheid ontleen hy aan die feit dat almal skepsele is van God, en almal is na sy Beeld geskape. Hierdie gelykwaardigheid moet duidelik onderskei word van die begrippe gelykheid/ongelykheid. Laasgenoemde dui op verskille tussen mense ten opsigte van onder andere verstandelike vermoëns, temperament, emosionaliteit, aanleg en belangstelling, wat dan een kind in staat stel om te kan vermag wat 'n ander nie kan nie of slegs gedeeltelik kan vermag. Sowel die gelykwaardigheid van leerlinge as ongelykheid tussen hulle word in die stelsel van gedifferensieerde onderwys erken en gehandhaaf. Dit word gedoen by wyse van gedifferensieerde studierigtings, kurrikula en sillabusse wat weer aanleiding gee tot gedifferensieerde verwerking van leerstof en gedifferensieerde evaluering en sertifikaatuitreiking. Elke leerling word toegelaat om self te besluit oor die studierigting wat hy wil volg, kombinasie van vakke binne die studierigting asook die moeilikheidsgraad van elke vak. Alle leerlinge het hierdie vryheid van keuse kragtens hulle gelykwaardigheid om as mens self oor sy toekoms te besluit, maar dan altyd na gelang van elkeen se eie besondere vermoëns wat blyke gee van ongelykheid tussen mense.

### 1.2.2 Die Christelike en nasionale karakter van die onderwys

Onderwys met 'n Christelik-nasionale karakter impliseer 'n nasionale gesindheid en stellingname wat op 'n Christelike lewensbeskouing gefundeer is en wat daardeur gevoed word om aan die nasionale karakter van die onderwys besondere inhoud en betekenis te gee. Hierdie twee momente is inherent aan of lê in die opvoedingshandeling ingebed. (Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet nr. 73 van 1969 soos gewysig).

### 1.2.3 Die mannekragbehoeftes van die land

Om die mannekragbehoeftes van die land in aanmerking te neem as 'n grondslag vir gedifferensieerde onderwys, is geensins 'n poging om die onderwys van die kind in die toekoms aan die behoeftes van die beroepsektore uit te lewer nie. Met ander woorde, die arbeidsbestel kan - en mag ook nooit - aan die sekondêre onderwys voorskryf hoeveel leerlinge sogenaamd "opgelei" moet word vir mannekragbehoeftes in spesifieke beroepsrigtings wat deur middel van vooruitskattings gemaak word nie.

In die onderwys gaan dit immers eerstens om die religieus-sedelike, die intellektuele en kulturele vorming van die kind sodat dit uiteindelik in sy lewe as volwassene uitkristalliseer in selfstandige taakaanvaarding en -vervulling as aangeleentheid van lewensvervulling. Trouens, dit is juis gedurende hierdie sekondêre skooljare dat die kind sinvol betekenis moet gee aan dit wat daar van hom verwag word om eendag as doel-

en arbeidsgerigte mens op die "akker" te gaan staan en as "iemand" gereken te word.

As daar dan in die sekondêre skooljare eerstens ruim voorsiening gemaak word vir die onderwys van die kind as toekomstige opgevoede beroepsbeoefenaar, dan is dit ook be=tekenisvol om hom in die tweede plek tot wete (kennis) te bring aangaande die beroepspraktyk. Teenswoordig het die omvang en kompleksiteit van die beroepswêreld so toegeneem dat dit onlogies sal wees om die Suid-Afrikaanse kind geheel en al on=voorbereid die verwikkelde beroepswerklikheid in te stuur. Omdat hy nie die geheel van die beroepsbestel in sy skoollewe kan deurvors nie, is dit sinvol dat daar in die onderwysstelsel waarin 'n doeltreffende skoolvoorligtingstelsel geïntegreer is, van die mannekragbehoeftes van die land kennis geneem word en die werklikheid van die beroepsbestel in die skool gedifferensieer word tot kleiner strukture bekend as beroepsrigtings, waarop die kind se studie afgespits kan word. Sodanige studierig=tings is die volgende: 'n geesteswetenskaplike, 'n natuurwetenskaplike, 'n handels-, 'n landboukundige, 'n kuns- en 'n tegniese studierigting.

## 1.3 DIE STELSEL VAN GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS

### 1.3.1 Primêre onderwys

#### (a) Die aard van die primêre onderwys

Primêre onderwys as eerste vorm van opsetlike, beplande skoolonderwys vir onderwys- en opvoedbare kinders, is uiteraard elementêr en fundamenteel van aard - dit is basis=onderwys. In die primêre onderwys moet die breë opvoedings- en kennisbasis gelê word waarop voortgebou en waarby aansluiting gevind moet word in alle onderwys en opvoeding wat daarop sal volg.

#### (b) Die plek van die primêre onderwys binne die breë onderwysopset

Primêre onderwys kan gesien word as verlengstuk en as voortsetting, maar veral as uitbreiding van die voorskoolse opvoedingsbemoeienis wat die kind tuis ervaar het. Daarbenewens is dit egter ook aanloop tot en voorbereiding vir die sekondêre onderwys wat daarop sal volg.

In die huidige Suid-Afrikaanse opset word leerlinge nie meer toegelaat om die skool na voltooiing van die primêre kursus te verlaat nie. Van alle normaal begaafde leerlinge word vereis om minstens 'n driejarige sekondêre vorming te deurloop. Uit hoofde van hierdie feite kan primêre onderwys nie meer beskou word as regstreekse voorbereiding vir die "lewe" nie.

#### (c) Die taak van die primêre onderwys

Die spesifieke taak van die primêre onderwys omvat veral twee belangrike fasette:

(1) Die vroeë algemene vorming van die kind in sy totaliteit, wat impliseer dat aandag geskenk sal word aan sy kultureel-verstandelike, kultureel-estetiese,

sosiaal-affektiewe en religieus-etiese ontplooiing, asook aan sy fisieke ont=wikkeling, en

(2) die deeglike voorbereiding van die kind, wat onder andere impliseer bemeeste=ring van die basiese kennis en vaardighede, die wek van die regte gesindhede teenoor die onderwys en die aanleer van die regte selfstandige denk- en studie=gewoontes, met die oog op doeltreffende aansluiting by en benutting van die sekondêre onderwys.

(d) Oorplasing na die sekondêre skool

Leerlinge bereik gewoonlik die boonste grens van die tradisionele sewe jaar primêre skoolkursus op nagenoeg $12\frac{1}{2}$-jarige leeftyd. Sommige onderwysdepartemente het die reëling gehad dat leerlinge wat 13 jaar oud word voordat hulle standerd 5 bereik het, oorgeplaas moet word na die sekondêre skool en wel aan die begin van die jaar waarin hulle 14 jaar oud word. Hierdie leerlinge is na die sogenaamde "aanpassingsklas" oor=geplaas, maar die onderwysdepartemente wat hierdie reëling gehad het, het nou daarmee weggedoen. 'n Soepeler benadering ten aansien van verpligte oorplasing na die sekondêre skool is nodig, aangesien leerlinge wat 'n jaar of meer vertraag is as gevolg van plasing in die voorbereidingsklas, of vanweë druiping of siektetoestande, met meer vrug in 'n gewone klas in die primêre skool kan vertoef as om na die sekondêre skool (junior sekondêre skoolfase) oorgeplaas te word. Oorplasing van leerlinge van die primêre skool na die junior sekondêre skoolfase sal aan die einde van die senior primêre skoolfase (standerd 4) geskied. Alle leerlinge wat die primêre skoolkursus in die gewone tydsduur kan voltooi, sal op 12- tot 13-jarige ouderdom oorgeplaas of bevorder word na standerd 5 van die junior sekondêre skoolfase, terwyl verstandelik beperk gestremde leerlinge (domnormales) asook normaal begaafdes wat op een of ander wyse skolasties vertraag geraak het, moontlik eers later oorgeplaas kan word.

(e) Buitengewone onderwys en spesiale onderwys

Leerlinge wat nie in die gewone primêre skool kan vorder nie, behoort so vroeg as moontlik geïdentifiseer te word met die oog op plasing in skole of klasse vir buiten=gewone onderwys of spesiale onderwys. Dit geld vir verstandelik gestremdes (subnor=male leerlinge), verstandelik beperk gestremdes (domnormale leerlinge), verstandelik erg gestremdes, swakhorendes, dowes, swaksiendes, blindes, epileptici, liggaamlik gestremdes, serebraal gestremdes, en outistiese kinders.

1.3.2 Sekondêre onderwys

(a) Skooltipes

Sekondêre onderwys word in twee fases, te wete in 'n junior sekondêre (standerds 5-7) en 'n senior sekondêre fase (standerds 8-10) aangebied. Ofskoon die junior sekondêre fase as 'n organisatoriese eenheid beskou word, bly standerd 5 deel van die primêre skool. Sekondêre skooltipes het dus net betrekking op standerds 6-10 en kwalifiseer

as verskillende tipes skole hoofsaaklik op grond van verskillende kurrikula vir standerds 8-10. Die volgende tipes sekondêre skole kan onderskei word:

(1) Gewone hoërskole (sekondêre skole)

(2) Tegniese skole

(3) Handelskole

(4) Handels- en tegniese skole

(5) Landbouskole

(6) Huishoudkundeskole

(7) Skole vir Kuns, Musiek en Ballet.

(b) Die aard van sekondêre onderwys

Sekondêre onderwys is sowel algemene as beroepsgerigte onderwys. Die junior sekondêre skoolfase verteenwoordig 'n verkenningstydperk waarin keusevakke tot die minimum beperk is. Leerlinge word in standerd 6 die geleentheid gegee om tussen sekere vakke soos byvoorbeeld 'n derde taal, 'n handels- of musiekvak te kies, maar vir die res van die kurrikulum neem alle leerlinge dieselfde vakke. Die keuse van tipe skool vind gewoonlik aan die einde van standerd 5 plaas. Die onderwys is baie algemeen van aard en die doel is dat leerlinge kennis en ervaring van so veel moontlik vakke opdoen met die oog op die keuse van 'n studierigting vir die senior sekondêre skoolfase.

Aan die einde van standerd 7 moet leerlinge 'n keuse tussen verskillende studierigtings doen. Sommige skole bied al die studierigtings aan, maar waar skole sekere rigtings nie aanbied nie, is dit soms nodig dat leerlinge van skool moet verander. Die studie=rigtings wat aangebied word, is die volgende:

(1) Algemene studierigting

(2) Geesteswetenskaplike studierigting

(3) Handelstudierigting

(4) Tegniese studierigting

(5) Landboustudierigting

(6) Huishoudkunde studierigting

(7) Kunsstudierigting

(8) Praktiese kursus.

Hierdie studierigtings is almal in meerdere of mindere mate beroepsgerig in dié sin dat vakkombinasies van studierigtings beslis betekenis het vir relevante beroeps=rigtings. Met die uitsondering van die praktiese kursus wat reeds vanaf standerd 6

aangebied word, word die ander studierigtings vanaf standerd 8 aangebied.

Verder word daar ten opsigte van elke vak twee standaarde van aanbieding gegee, te wete 'n gewone of standaardgraad en 'n hoër graad. Dit stel leerlinge in staat om enige vak waarin genoeg belangstelling getoon word, te neem en wel volgens moeilik=heidsgraad wat by elkeen se besondere vermoëns pas. Die onderskeiding tussen stan=daardgraad en hoër graad word uiteindelik by wyse van sertifikaatuitreiking erken, veral met betrekking tot leerlinge wat universiteitstoelating wil verwerf.

1.3.3 Samevatting

Die doel met die stelsel van gedifferensieerde onderwys soos kortliks uiteengesit, is om onderwys te gee ooreenkomstig leerlinge se vermoëns, aanleg en belangstelling en met inagneming van die mannekragbehoeftes van die land. Om dit doelgerig en sukses=vol te kan doen, is 'n voorligtingsdiens wat as geïntegreerde hulpdiens binne die stelsel van gedifferensieerde onderwys kan funksioneer, egter onontbeerlik.

## 1.4 DIE NOODSAAKLIKHEID VAN 'N SKOOLVOORLIGTINGSDIENS

Die noodsaaklikheid van 'n skoolvoorligtingsdiens moet gesien word in terme van die onderwys se onderrig- en opvoedingsfunksie. Soos reeds aangedui, is die stelsel van gedifferensieerde onderwys in die RSA konseptueel verbind aan die idee van gelyk=waardigheid van leerlinge en aan die erkenning van onderlinge verskille tussen leerlinge en die inherente reg van elke leerling tot selfbeskikking en eie keuses. In die praktiese onderwyssituasie kom dit daarop neer dat elke leerling onderwys ooreenkomstig sy besondere vermoë moet ontvang, en dat elke leerling ook die reg moet kan uitoefen van vak- en studierigtingkeuses op skool te kan doen wat by sy persoon=like vermoëns, bekwaamheid en belangstelling pas. Dit is in 'n groot mate die skool se taak om toe te sien dat elke leerling hierdie reg op 'n verantwoordelike wyse uitoefen. Tussen hierdie twee pole, naamlik die skool se taak om aan elke leerling die onderrig en opvoeding te gee waarop hy geregtig is aan die een kant en die leer=ling se reg tot selfbeskikking en eie keuse aan die ander kant, lê die noodsaaklik=heid van 'n voorligtingsdiens as integrerende deel van die totale onderwysopset opge=sluit. In die hieropvolgende paragrawe word die noodsaaklikheid van so 'n diens ooreenkomstig die skool se voorligtingsfunksie en -behoeftes breedvoeriger toegelig.

1.4.1 Die voorligtingsfunksie van die skool ten opsigte van leerlinge

Elke leerling wat tot die skool toetree, doen dit met die verwagting dat die onderwys en opvoeding wat hy/sy daar gaan ontvang, hom/haar sal help om die normbeeld van volwassenheid te bereik wat binne die konteks van 'n bepaalde lewensopvatting geldig is. Daar word trouens algemeen aanvaar dat die kwaliteit van die onderwys en opvoeding wat 'n kind ontvang, medebepalend is vir die normbeeld van volwassenheid wat hy uiteindelik gaan vertoon. Binne die Suid-Afrikaanse onderwysopset geld die strewe om aan elke leerling onderwys en opvoeding binne eie reg te gee, dit wil sê onderwys en opvoeding wat by elke leerling se moontlikhede of potensialiteite sal pas. Om

dit te kan doen, sal die skool hom baie deeglik moet vergewis van (a) die normbeeld van volwassenheid wat hy met elke leerling op die oog het, en (b) die persoons= moontlikhede van elke leerling wat tot die bedoelde normbeeld gevorm kan en behoort te word. Die skool se voorligtingsfunksie ten opsigte van leerlinge kan veral volgens laasgenoemde gedefinieer word.

Die skool se eerste werklike voorligtingsfunksie tree derhalwe reeds met skooltoetrede in werking en hou vol tot leerlinge die skool finaal verlaat. Met skooltoetrede moet leerlinge geïdentifiseer word met die oog op skoolgereedheid al dan nie. Opvoedings= tekorte asook psigiese afwykings of maatskaplike verwaarlosing kan ook nou reeds ge= identifiseer word met die oog op vroegtydige hulpverlening. Namate die leerling op skool vorder, ontwikkel hy al meer vaardighede, belangstellings begin uitdifferensieer, talente word ontdek en 'n duideliker beeld van elke leerling se skolastiese bekwaamheid tree na vore. In die onderwys moet daar erkenning en waardering vir hierdie moontlik= hede van leerlinge wees, terwyl indiwiduele verskille tussen leerlinge eweneens in aanmerking geneem moet word. Dit is egter ook bekend dat die skool vir baie leerlinge problematies is, in dié sin dat hulle nie kan vorder nie, onderpresteer, gedragsprobleme openbaar, psigiese of fisiese tekorte het of enige ander probleme ondervind wat verhoed dat elkeen maksimum voordeel uit die onderwys kan trek.

Daar kan ook 'n verdere voorligtingsfunksie ten opsigte van leerlinge onderskei word en dit staan in verband met die onderwys- en beroepskeuses van leerlinge. In werklik= heid kan onderwys- en beroepskeusevoorligting nie losgemaak word van voorligting soos hierbo geïnterpreteer nie, want die aanvanklike identifisering van leerlinge se moontlikhede word juis gedoen om te verseker dat elke leerling onderwys- en later beroepskeuses doen wat in ooreenstemming met sy/haar moontlikhede is. Die ontwikkeling van 'n keuse by 'n leerling hang ten nouste saam met sy opvoeding, die onderwys wat hy ontvang, sy persoonstruktuur en die voorligting wat hy in dié verband kry.

Die voorligtingsfunksie van die skool met betrekking tot leerlinge impliseer dus dat daar erkenning verleen moet word aan die diepgaande aard en uitgebreide omvang van indiwiduele verskille tussen leerlinge met die oog op voldoende indiwidualiserings= moontlikhede, terwyl daar vir elke leerling die geleentheid gebied word om onderwys= keuses (vak- en studierigtingkeuses) te doen wat aansluiting vind by elkeen se beson= dere vermoëns en belangstellings. Opsommenderwys kan die belangrikste voorligtings= funksies van die skool ten opsigte van leerlinge as volg saamgevat word:

a. Uitkenning en plasing van sowel die skoolgereed-leerlinge in aanvangsonderwys as die uitkenning van die nie-skoolgereed-leerlinge vir plasing in 'n voorberei= dingsklas vir latere aansluiting by die aanvangsonderwys.

b. Erkenning van die diepgaande aard en uitgebreide omvang van indiwiduele ver= skille. Deur die identifisering van die aard en omvang van die indiwiduele verskille kan daar ook doeltreffend voorsiening gemaak word vir gedifferen= sieerde onderwys waarin daar voldoende indiwidualiseringsmoontlikhede sal bestaan.

Indiwiduele verskille wat ter sake is, is onder andere verstandelike vermoë, belangstelling, persoonlikheid, sosiale georiënteerdheid, skolastiese vordering, asook huislike milieu en liggaamlike gesteldheid van die kind.

c. Uitkenning, verwysing en plasing van leerlinge met probleme na buitengewone onderwys, spesiale onderwys en/of vir ortopedagogiese, ortodidaktiese en sosio-pedagogiese hulpverlening.

d. Hulp ten aansien van leer- en studieprobleme.

e. Hulp ten aansien van selfkennis, selfaanvaarding en sosiale inskakeling.

f. Hulp ten aansien van skooltipe-, vak- en studierigtingkeuse, beroepsrigting- en beroepskeuses.

1.4.2 Die voorligtingsfunksie van die skool ten opsigte van die ouer

Die opvoeding van die kind bly primêr nog die verantwoordelikheid van die ouer. Nou is dit so dat met die snelle vernuwing op die gebied van die onderwys en die fenome= nale ontwikkeling op tegnologiese en industriële gebied die ouer onmoontlik kan byhou met kennis om sodoende sy kind met hulp en raad by te staan. Onderwysvernuwing het nuwe metodes, tegnieke en benaderingswyses gebring. Ontwikkeling op die gebied van die tegnologie en industrie het 'n ontsettend wye veld in die beroepsbestel geopen. In hierdie sake het die ouer 'n behoefte aan gespesialiseerde hulpverlening aan sy kind omdat hy nie by magte is om aan sy kind hulp te verleen en leiding te gee nie. Hierdie hulp verwag die ouer vandag van die onderwys en meer by name van die skool= voorligtingsdiens as hulpdiens in die onderwys, veral met betrekking tot sake soos uitkenning en plasing van leerlinge wat skoolgereed en nie-skoolgereed is nie, remediërende onderwys (ortodidaktiese hulp), inligting ten aansien van skoolkeuse, vakkeuse, studierigtingkeuse en ook uiteindelik 'n beroepskeuse.

Die skool het ook in groot mate die taak om opvoedingsvoorligting aan ouers te gee. Afgesien van die feit dat opvoedingsvoorligting aan ouers kan meehelp om dekadente neigings soos dwelmverslawing, perversiteite, vervlakking van geestelike waardes en gesagsontkenning teen te werk, het die ervaring ook bewys dat ouers in baie gevalle onkundig is omtrent hul opvoedingstaak wat beslis moeiliker en moeiliker geword het. Trouens, daar word reeds deur sommige beweer dat opvoeding in ons tyd nie meer so 'n vanselfsprekende aangeleentheid soos enkele jare gelede is nie. Opvoedingsvoorligting behoort daarop ingestel te wees om ouers nie net meer bewus te maak van opvoedings= verantwoordelikheid nie, maar ook leiding te gee hoe om hierdie taak uit te voer. So behoort die skool die ouers daarop te wys dat die gesagspatroon wat tuis geld, die grondslag lê vir hul kinders se latere gesagserkenning in die skool en die beroeps= lewe en dat van ouers verwag word om gesag oor hulle kinders uit te oefen. Voorts kan ouers aangemoedig word om tuis 'n atmosfeer van wedersydse vertroue in gesinslede onderling te bewerkstellig, want sodoende word groter onderlinge begrip vir mekaar opgebou. Ouers se aandag behoort ook gevestig te word op die belangrikheid van ge= noegsame omgang of saamverkeer met hulle kinders. Deur voldoende geleentheid te skep

vir saamwees van die gesin, kan vrugbare ontmoetingsituasies ontstaan wat vir die opvoeding van hul kinders van besondere belang is.

### 1.4.3 Die voorligtingsbehoeftes van die skool

Waar die skool as onderwys- en opvoedingsinrigting enersyds 'n bepaalde voorligtings=funksie het om te vervul, is hy op sy beurt egter weer van voorligting afhanklik om doeltreffend uitvoering aan sy onderwys- en opvoedingsopdrag te kan gee. Die voor=ligtingsbehoeftes van die skool het hoofsaaklik betrekking op die onderwyspersoneel wat in die laaste instansie verantwoordelikheid moet aanvaar vir die doeltreffende implementering van gedifferensieerde onderwys. Die vakonderwyser moet in die aan=bieding van sy vak met die indiwiduele verskille tussen leerlinge rekening hou en dit kan hy slegs doen as hy kennis dra van die vermoëns en belangstellings van sy leerlinge. Hy sal moet weet watter leerlinge probleme ondervind en hy sal sy optrede en handelingswyses met hulle in dié lig moet kan verantwoord. Hierdie kennis van leerlinge, hul vermoëns, belangstellings, prestasies en omstandighede kan hy nie op toevallige wyse opdoen nie, maar behoort dit onder andere van die skool se voorligtings=personeel te verkry. Dit beteken vir die vakonderwyser soveel meer vir sy didaktiese beplanning en aanpakwyse as hy die leerlinge waarmee hy daagliks werk, soveel beter ken.

Die vakonderwyser kan op sy beurt egter ook 'n reuse bydrae lewer met betrekking tot die voorligtingsprogram op skool. Die vakonderwyser is eintlik in 'n baie gunstige posisie om inligting aangaande leerlinge in die klaskamersituasie te bekom wat voor=ligtingsbetekenis kan hê.

In die lig van wat tot dusver met betrekking tot die voorligtingsfunksie van die skool gestel is, kan daar baie kortliks na die doelstellings van die voorligtings=diens verwys word.

### 1.4.4 Die doelstellings met skoolvoorligting

Die doelstellings met skoolvoorligting moet ooreenkomstig die sentrale onderwys=doelstelling geïnterpreteer word, en dit is opvoeding. Eers nadat skoolvoorligting as aangeleentheid van opvoeding gesien word, kan daar besin word oor die meer spesifieke aard van hierdie doelstellings. Die skoolvoorligtingsprogram wat nou in werklikheid 'n opvoedingsprogram verteenwoordig, het betrekking op al die fundamentele aspekte wat die opvoedingsverskynsel ten grondslag lê en sluit dus nie net die verstandelike of kognitiewe vorming van leerlinge in nie, maar ook hul affektiewe en normatiewe vorming. Die implikasie hiervan is dat die totale voorligtingsprogram ook voorsiening sal moet maak vir leerlinge by wie hierdie opvoeding om verskeie redes nie toereikend genoeg verloop nie, ekstra hulp te verleen by wyse van onder andere identifisering en verwysing vir ortopedagogiese en ortodidaktiese hulp, of deur hulle te verwys vir byvoorbeeld mediese, paramediese of maatskaplike hulp. Die primêre doelstelling met skoolvoorligting is dus om aan alle leerlinge die opvoeding te gee waarop hulle, elkeen na sy vermoë, geregtig is.

Die tweede doelstelling wat nie minder belangrik as eersgenoemde geag kan word nie, staan in verband met onderwys- en beroepskeuse-oriëntering van leerlinge. Hierdie doelstelling ontleen sy sin aan eersgenoemde omdat onderwys- en beroepskeuse-oriëntering aan leerlinge nie buite hul opvoeding te bedink is nie. Opvoeding maak onderwys- en beroepskeuse-oriëntering juis moontlik en ook sinvol. Die doel van die skoolvoorligter is om uiteindelik die leerlinge te steun tot verantwoordelike en verantwoordbare onderwys- (vak- en studierigtingkeuses) en beroepskeuses, dit wil sê keuses wat blyke gee van 'n positiewe arbeidsgesindheid, verantwoordelike taakaanvaarding, keuseweerbaarheid en toereikende selfverwerkliking.

Die doelstellings met voorligting kan inhoudelik verduidelik word aan die hand van die volgende:

(1) Leerlinge moet in die skool en veral deur middel van die voorligtingsprogram gehelp word om 'n selfbegrip te ontwikkel en uiteindelik hulleself te kan beoordeel. Dit beteken dat leerlinge bekwaam gemaak moet word om hulle eie persoonsmoontlikhede soos onder meer skolastiese bekwaamheid, aanleg, verstandsmoontlikheid, taalvaardigheid en belangstelling te ondersoek en te evalueer. Met hierdie insig of selfbegrip moet hulle dan die eise en geleenthede wat die leefwêreld (onderwys- en beroepswêreld) stel, in oënskou neem en 'n sinvolle integrasie bewerkstellig by wyse van keuses wat gedoen word. Dit beteken ook verder dat leerlinge gelei moet word om rekenskap te gee van hulle gehoorsaamheid aan die norme en waardes soos onder andere vergestalt in 'n lewensopvatting. Hierdie gehoorsaamheid verwerklik by wyse van sedelike oordele oor hulleself. Keuseweerbaarheid is bereik wanneer tussen goed en kwaad, reg en verkeerd onderskei kan word en hierdie onderskeid in keuse en handeling konsekwent gehandhaaf word.

(2) Leerlinge moet veral deur middel van die voorligtingsprogram op skool begelei word om sedelik selfstandig besluite te neem en daarvolgens te handel. Dit geld vir besluite oor 'n wye terrein van 'n mens se lewe en sluit onderwys- en beroepskeusebesluite in. Besluitvaardigheid word nie oornag verwerf nie, maar moet ingeoefen word en hierin lê dan ook die sin van 'n deurlopende voorligtingsprogram op skool.

(3) Leerlinge moet gelei word om verantwoordelikheid te aanvaar. Ofskoon dit elke onderwyser se taak is om verantwoordelikheid by leerlinge te wek, kan die skoolvoorligter doelgerig te werk gaan om 'n verantwoordelikheidsbesef by leerlinge in te skerp. Dit kan gedoen word deur leerlinge bewus te maak van die feit dat elkeen sy eie keuses moet maak en die gevolge daarvan moet dra. Dit is elkeen se verantwoordelikheid om oor sy eie toekoms besluite te neem en aan hierdie besluite uitvoering te gee by wyse van onder andere beroepsbeoefening.

Dit blyk uit voorgaande dat die doelstellings met skoolvoorligting nie eng geïnterpreteer moet word nie, omdat voorligting een van die wyses van opvoeding is. Al die doelstellings wat by opvoeding geld, geld ook by voorligting. Voorligting kan egter,

kragtens die besondere aard daarvan, sekere van hierdie doelstellings meer doelgerig en met meer toewyding verwesenlik. Per slot van sake moet voorligting hom altyd ten doel stel om die stelsel van gedifferensieerde onderwys op sowel primêre as sekondêre skoolvlak te laat slaag en deur uitvoering aan die opvoedingsdoelstellings te gee, word hierin geslaag.

## HOOFSTUK 2

## DIE SKOOLVOORLIGTINGSITUASIE AS 'N ONDERWYSENDE-OPVOEDENDE SITUASIE

### 2.1 INLEIDING

Die uiteindelike doel met voorligting op skool is om leerlinge in die lig van hulle persoonsmoontlikhede tot 'n verantwoordelike en verantwoordbare onderwys- (skool-, vak- en studierigtingkeuse) en beroepskeuse te begelei. Dit is van die belangrikste en mees beslissende, maar ook van die moeilikste keuses wat van leerlinge verwag word. Derhalwe is dit noodsaaklik dat die voorligtingsdiens wat aan leerlinge gebied word, op 'n uiters bekwame en verantwoordelike wyse hanteer moet word. Dit is slegs moontlik as die skoolvoorligter wat hom aan die praktyk van skoolvoorligting wil waag, deeglik rekenskap kan gee van die wetenskap wat sy praktyk ten grondslag lê. Derhalwe word in hierdie hoofstuk gepoog om op 'n beknopte maar tog eenvoudige wyse 'n uiteensetting te gee van die teorie wat die skoolvoorligtingspraktyk ten grondslag lê.

### 2.2 DIE ESSENSIES VAN SKOOLVOORLIGTING

Skoolvoorligting kan beskou word as verantwoordbare hulpverlening en steungewing deur die skoolvoorligter aan leerlinge wat ten aansien van hulle onderwys- en beroepskeuse hulp- en steunbehoewend is, sodat hulle op grond van noukeurige selfbeoordeling sodanige insig in hulle situasie verwerf en stellingname teenoor hulle beroepstoekoms verower, dat hulle op eie verantwoordelikheid 'n onderwys- en beroepskeuse sal doen as voorstadium tot taakverrigting as beroepsvolwassene.

Hierdie omskrywing van skoolvoorligting kan nou verder toegelig word deur sekere essensies wat daarin genoem is, kortliks te bespreek.

a. Skoolvoorligting is verantwoordbare hulpverlening en steungewing tot selfbeoordeling

Die feit dat skoolvoorligting in die eerste plek verantwoordbare hulpverlening en steungewing is, beklemtoon die skoolvoorligter se aandeel in die skoolvoorligtings=praktyk. Die belangrikste implikasies is dat die skoolvoorligter ten minste op 'n wetenskaplike wyse rekenskap moet kan gee van sy praktyk. Die hulp en steun wat hy aan leerlinge verleen, moet verantwoordbaar wees na gelang van wat hy doen, waarom hy dit doen asook die wyse waarop dit gedoen word. Die antwoorde vir die wat, waarom en wyse van doen behoort gevind te word in die wetenskap wat die skoolvoorligtings=praktyk ten grondslag lê. Kortliks kom dit daarop neer dat 'n wetenskaplike verantwoord=bare skoolvoorligtingspraktyk deeglik rekening moet hou met die feit dat dit gaan om 'n leerling wat opvoedingshulp soek, in besonder onderwys- en beroepskeusehulp. Verantwoordbare hulpverlening deur die skoolvoorligter impliseer dus oriënteringshulp aan 'n leerling sodat hy op eie verantwoordelikheid sy posisie of plek binne die onderwys- en beroepswêreld in die lig van sy persoonsmoontlikhede kan bepaal en 'n keuse kan doen wat in alle opsigte blyke gee van sedelik-selfstandige oordeel en besluitvorming.

Sedelik-selfstandige oordeel en besluitvorming is egter net op grond van noukeurige selfbeoordeling moontlik. Leerlinge word begelei om gedurende hul skoolloopbaan van tyd tot tyd skool-, studierigting- en vakkeuses en later ook 'n beroepskeuse te doen. Elkeen van hierdie keuses is persoonlike beslissings wat deur leerlinge self gedoen moet word, en die verantwoordelikheid vir die keuses is dié van die leerlinge self. Elk van hierdie keuses word deur die leerling in die lig van sy beskouing of oordeel oor homself gedoen. 'n Vak word gekies omdat 'n leerling meen hy beskik oor die moontlik= hede om die vak te kan bemeester, of omdat hy meen dit is belangrik vir sy beroeps= toekoms, of omdat hy daarin belangstel. Anders gestel: 'n onderwys- en beroepskeuse word op grond van selfbeoordeling gedoen. Hoe noukeuriger die leerling se selfbeoorde= ling, hoe geringer is die risiko van 'n verkeerde of onverantwoordbare vakkeuse.

Skoolvoorligting het ten doel om leerlinge behulpsaam te wees om hulleself, dit wil sê hulle moontlikhede, te begryp en noukeurig te beoordeel en om in die lig daarvan 'n verantwoordbare onderwys- en beroepskeuse te doen. Die persoonsmoontlikhede waarmee leerlinge toegerus is en wat deur die leerlinge tot ontplooiing gebring behoort te word, sluit onder andere in verstandsvermoë, besondere talente of aanlegte, belangstellings en vaardighede. Dit is belangrik om daarop te wys dat die Christelik-Nasionale lewensbeskouing, wat die grootste groep van die Suid-Afrikaanse bevolking se lewe ten grondslag lê, alle mense oproep om hulle talente tot die beste van hulle vermoëns te verwerklik. In die skoolvoorligtingsituasie gaan dit dan nie net om leerlinge tot noukeurige selfbeoordeling te steun nie, maar ook en veral om hulle op te roep om onderwys- en beroepskeuses te doen wat blyke daarvan gee dat hulle van voorneme is om hulle moontlikhede ten volle te verwerklik.

b. <u>Skoolvoorligting is oriëntering tot stellingname</u>

Elke keuse wat 'n mens doen, beteken stellingname of plekbepaling. 'n Leerling wat 'n bepaalde skooltipe, studierigting, vak of beroep kies, doen dit omdat hy 'n besondere standpunt daarteenoor ingeneem het. Dit is nie 'n willekeurige standpuntinname nie, maar 'n standpunt wat op sekere kennis berus. Die leerlinge se standpuntinname met betrekking tot 'n skool-, vak- of beroepskeuse, word beïnvloed deur die kennis wat hulle van hul verstandsvermoë, belangstelling, aanleg, vaardighede, prestasies, ervaringe en verwagtinge het. Hierdie stellingname kan positief of negatief wees en wel in die sin dat 'n bepaalde keuse ten gunste van of teen 'n bepaalde skool, vak, studie- of beroepsrigting kan wees. Skoolvoorligting se bydrae tot die stellingname waartoe leerlinge ten opsigte van hulle onderwys- en beroepskeuses kom, lê daarin dat leerlinge gesteun word om op grond van noukeurige selfbeoordeling, selfstandig en verantwoordbaar stelling in te neem teenoor hulle persoonsmoontlikhede, sodat hulle op grond van hul selfbeoordeling die onderwys- en beroepsmoontlikhede wat vir hulle oopval, kan raaksien en om 'n verantwoordbare keuse te doen.

c. <u>Skoolvoorligting is onderwys- en beroepsoriëntering</u>

In die vorige paragraaf is melding gemaak van die feit dat 'n leerling wat 'n onderwys- of beroepskeuse wil doen, stelling moet inneem ten opsigte van sy eie persoonsmoontlik=

hede en die moontlikhede wat daar vir hom in die onderwys- en beroepswêreld op grond van sy persoonsmoontlikhede oopval. Uit die aard van die saak weet leerlinge nie altyd watter onderwys- en beroepsmoontlikhede daar vir hulle bestaan nie. Dit is die taak van die skoolvoorligter om leerlinge behulpsaam te wees om benewens kennis van hulle persoonsmoontlikhede, ook kennis van die onderwys- en beroepswerklikheid te verkry. Hierdie aangeleentheid word breedvoerig bespreek in hoofstuk 4 wat handel oor die inligtingsaspek van skoolvoorligting.

## 2.3 SKOOLVOORLIGTING IS 'N AANGELEENTHEID VAN OPVOEDING

Skoolvoorligting soos in hierdie handleiding beskryf, is noodwendig 'n aangeleentheid van opvoeding omdat dit in wese gaan om hulp en steun aan leerlinge wat op weg is na beroepsvolwassenheid as komponent van volwassenheid. Die skoolvoorligtingspraktyk is dus noodwendig ook opvoedingspraktyk omdat die leerlinge tot beroepsvolwassenheid, wat 'n besondere waardelewe inhou, opgevoed word. Ten einde die opvoedingsmomente wat prominent in die skoolvoorligtingsituasie figureer, duideliker aan te toon, is dit nodig om vanuit 'n skoolvoorligtingsperspektief na opvoeding te kyk en die essensiële van die skoolvoorligtingsituasie as opvoedingsituasie te beskryf. Sodanige perspektief wys dat daar binne die skoolvoorligtingsituasie sprake is van -

(a) 'n bepaalde verhouding tussen die skoolvoorligter en leerlinge,

(b) bepaalde bedrywighede wat voortdurend in die skoolvoorligtingsituasie verwerklik word, en

(c) 'n bepaalde doel wat nagestreef word.

### 2.3.1 Opvoedingsverhoudinge binne die skoolvoorligtingsituasie

#### a. Die begrypingsverhouding in die skoolvoorligtingsituasie

Die stigting van 'n begrypingsverhouding tussen skoolvoorligter en leerlinge vereis dat die skoolvoorligter oor besondere kennis moet beskik insake kindwees en oor kennis van 'n bepaalde leerling in sy besondere gesitueerdheid. Kennis van kindwees, dui op kennis van die wordingsmomente (grootwording) wat in die lewe van elke kind na vore tree, en wat vir die opvoedingsituasie en derhalwe ook vir die skoolvoorligtingsituasie van besondere betekenis is. Die wordingsmomente het betrekking op die psigiese lewe, die geestelike lewe, die sosiale lewe en die liggaamlikheid van 'n kind gedurende sy peuter-, kleuter-, kleinkinder-, kinder-, puberteits- en adolessente leeftyd. Hierdie momente word in hoofstuk 4 breedvoeriger behandel.

Kennis van kindwees dui verder daarop dat die skoolvoorligter vir homself rekenskap moet kan gee van die doel wat hy met leerlinge (kinders) in die skoolvoorligting= situasie nastreef. Die doel is naamlik om leerlinge in die skool te steun tot verant= woordelike en verantwoordbare onderwys- en beroepskeuses. Dit bring mee dat die skoolvoorligter homself gedurig op die hoogte moet hou met die onderwys- en beroeps= opset en die eise wat dit aan die persoonsmoontlikhede van mense stel.

Benewens hierdie sake waarvan die skoolvoorligter kennis moet dra, is dit belangrik dat hy ook elke kind in sy besondere gesitueerdheid sal begryp. Die historisiteit of

persoonlike geskiedenis van elke kind moet nagegaan word en diagnostiserings- of verkenningsgegewens moet versamel en georden word sodat dit altyd beskikbaar is wanneer 'n persoonsbeeld van 'n bepaalde leerling gevorm moet word (vgl. hoofstuk 4).

Wanneer die skoolvoorligter oor hierdie kennis beskik en begrip het vir elke kind in sy besondere omstandighede, is hy in staat om leerlinge te steun tot selfkennis en selfbegrip met die oog op 'n onderwys- en beroepskeuse.

b. Die vertrouensverhouding in die skoolvoorligtingsituasie

In die skoolvoorligtingsituasie is wedersydse aanvaarding voorwaarde vir die stigting van 'n vertrouensverhouding. Die skoolvoorligter moet die leerling onvoorwaardelik en onbevooroordeeld met sy persoonsmoontlikhede, wat van hoogs begaafd tot uiterste begrensdheid kan wissel, aanvaar en steun om sy moontlikhede te verwerklik deur middel van 'n verantwoorde onderwys- en beroepskeuse. Aanvaarding van die leerling deur die skoolvoorligter vereis bereidwilligheid om 'n verhouding te stig met die voorneme om die leerling met 'n bepaalde doel te steun. Aanvaarding beteken verder dat die leerling aangespreek en aangehoor word sodat die skoolvoorligter en die leerling saam die toekoms tegemoet gaan. Deurdat die skoolvoorligter die leerling aanvaar soos hy is, openbaar die skoolvoorligter eerbied vir die leerling se persoonswaardigheid soos dit deur sy beroepskeuse-andersheid en sy vryheid om self te kies en te handel, gekenmerk word.

c. Die gesagsverhouding in die skoolvoorligtingsituasie

Met gesag in die skoolvoorligtingsituasie word nie bedoel die afdwing van gesag as mag of dissipline deur die skoolvoorligter nie. In die gesagsverhouding gaan dit om ontsag vir en aanvaarding van die skoolvoorligter as gesaghebbende draer van kennis. Die skoolvoorligter beskik oor wesenskennis van kindwees, asook oor kennis van die onderwys- en beroepsbestel, die lewensvereisende en lewensbehoorlike waardes as aangeleentheid van beroepsvolwassenheid of beroepsmondigheid, en van die betrokke leerlinge in hulle gesitueerdheid. Die skoolvoorligter beskik dus oor die kennis om die leerlinge wat nie weet nie, te steun tot kennis en helderheid van hulle situasie. Derhalwe word die skoolvoorligter deur die leerlinge aanvaar as gesaghebbende wat simpatiek leiding kan gee, en is hulle bereid om in 'n gespreksituasie as inligting-, beraadslaging-, raadgewing-, en terapeutiese situasie met die skoolvoorligter te tree om aangespreek en opgeroep te word om verantwoordelikheid te aanvaar om self te kies.

### 2.3.2 Opvoedingsbedrywighede of -handelinge in die skoolvoorligtingsituasie

Tot dusver is daarop gewys dat 'n skoolvoorligtingsituasie slegs bestaan vir sover daar sprake is van 'n bepaalde verhouding tussen skoolvoorligter en leerlinge. Die besondere inhoud van die gebeure wat deur middel van bedrywighede of handelinge in die betrokke situasie voltrek word, gee op hulle beurt gestalte aan 'n skoolvoorligtingspraktyk. Hierdie bedrywighede wat die skoolvoorligtingsituasie ten grondslag lê, word vervolgens bespreek.

a. Skoolvoorligting is die oriëntering van leerlinge tot sinvolle betekenis=gewing aan 'n onderwys- en beroepskeuse en arbeidsverwerkliking

Om betekenisvol en sinvol 'n onderwys- en beroepskeuse te kan doen, vereis dat die leerlinge as nie-volwassenes (nie-mondiges) opgevoed moet word tot verantwoordelik=heid met betrekking tot arbeidsverwerkliking en arbeidsgesindheid soos dit van 'n volwassene of mondige verwag word. Deur gemoeid te wees met die wyse waarop daar in die gesinsverband, in die gemeenskap en in die skool standpunt ten aansien van arbeidsverwerkliking en -gesindheid ingeneem word, gee die leerling 'n eie unieke betekenis aan arbeidsverwerkliking en arbeidsgesindheid wat medebepalend is vir sy beroepskeuse, toekomstige arbeidsverwerkliking en -gesindheid.

Die skoolvoorligter moet die jeugdige opvoed om toenemend verantwoordelik en verant=woordbaar betekenis te gee aan sy beroepstoekoms. Hy moet sy aangesprokenheid besef om 'n beroepskeuse te doen en om sy keuse as beroepsbeoefenaar te verwerklik. Hy moet ook besef dat sy keuse verantwoordbaar moet wees, aangesien dit moet ooreen=stem met sy eie indiwidualiteit en waardigheid, en dat hierdie betekenisgewing aan sy beroepskeuse, onderwys- en beroepskeuse-intensionaliteit of beroepskeuse-gerigtheid nie sonder inspanning verwerklik kan word nie.

b. Skoolvoorligting is die oriëntering van leerlinge om met inspanning 'n onderwys- en beroepskeuse te doen en 'n beroep te beoefen.

Die leerling kan kies om arbeid te verrig of nie te verrig nie, maar hy moet in die skoolvoorligtingsituasie georiënteer word om weg te breek van arbeidsledigheid of inspanningloosheid tot arbeidsverrigting binne sy moontlikheidsgrense. Hierdie weg=breek van 'n inspanningloosheid vereis inspanning en 'n bereidheid tot arbeidsverrigting. In die skoolvoorligtingsituasie word die leerling gesteun om te begryp dat hy 'n beroepskeuse moet doen en dat hy 'n beroep moet gaan beoefen (beroepsarbeid moet verrig). Dit vereis dat die leerling georiënteer moet word om bereidwillig te wees om met inspanning sy beroepstoekoms te bepaal deur middel van 'n verantwoordelike en verantwoordbare beroepskeuse.

Hierdie wegbreek van inspanningloosheid om 'n beroepskeuse te doen, na die doen van 'n beroepskeuse met inspanning, is in ooreenstemming met die behoorlikheidseise soos in die arbeidsopvatting opgeneem. Beroepskeuse-inspanning is 'n voortdurende verheffing van 'n positiewe stellingname teenoor arbeid en arbeidsverrigting, deurdat die leer=ling die sinvolheid van beroepskeuse en beroepsbeoefening, die eie persoonsmoontlik=hede as keuse en beroepsbeoefeningsmoontlikhede, en die verkenning van die beroeps=werklikheid toenemend begryp. Sodoende kan hy aan die hand van waardes en norme (arbeidsopvatting) wat hy eweneens met inspanning verower het, sy beroepskeuse normeer dit wil sê wegbreek van 'n situasie wat "is" na 'n situasie wat "behoort te wees" volgens die arbeidsopvatting.

c. Skoolvoorligting is die oriëntering van leerlinge tot die nalewing van die behoorlikheidseise in die skoolvoorligtingsituasie en in die beroepsbestel

Die nalewing van die behoorlikheidseise (waardes) as opgawe in die skoolvoorligting=situasie veronderstel die toe-eiening van die lewensverpligtende en lewensvereisende waardes met die doen van 'n onderwys- en beroepskeuse asook in die arbeid. Die lewensverpligtende waardes soos in die arbeidsopvatting vervat, moet deur die leerlinge toegeëien word as waardes wat hom oproep tot verwerkliking daarvan. Die religieuse waarde as sentrale waarde roep die leerling op tot verantwoordelike arbeid. Voortvloeiend uit die religieuse waarde is die medemenslike waarde (sosiale waarde) as dienslewering, die selfverwerklikingswaarde as verwerkliking van die persoons=moontlikhede in 'n onderwys- en beroepskeuse en in beroepsvervulling, die instellings=waarde as bereidwilligheid om die beste van sy situasie te maak, die dankbaarheids=waarde as dankbaar wees vir die geleentheid tot keuse en die verwerkliking (self=verwerkliking) van die keuse in die arbeid.

Die leerlinge moet opgevoed word om vir hulle 'n behoorlike arbeidsopvatting toe te eien en na te leef. Dit is moontlik deur identifikasie met die skoolvoorligter wat hierdie waardes as behoorlikheidseise in die arbeid voorleef, en ook aan die leerling die geleentheid gee om dit na te lewe. Die skoolvoorligter kan alleen waardes/en hulle norme voorleef as hy die arbeidsopvatting met sy waardes huldig. In die skoolvoor=ligtingsituasie word die leerling dus opgeroep tot roepingsbewustheid en handelings=bereidwilligheid.

d. Skoolvoorligting is oriëntering van leerlinge tot verwerkliking van moontlikhede

Die skoolvoorligtingsituasie bied die leerling die geleentheid om dit wat hy in die toekoms kan en behoort te wees, te verwesenlik deurdat hy opgeroep word om sy po=sitiewe moontlikhede (onder andere sy verstandsvermoë, aanleg en belangstelling) deur middel van die ontwerp van 'n beroepstoekoms te verwerklik. Die ontwerp van 'n beroepstoekoms is altyd aan norme gebonde en in die skoolvoorligtingsituasie word die leerling georiënteer om aan sy moontlikhede besondere waarde toe te ken. Derhalwe moet hy in die lig van die arbeidsopvatting sy aangesprokenheid besef om sy toekoms te ontwerp en sy moontlikhede te verwerklik. Bereidwilligheid tot verwerkliking van sy moontlikhede stoot deur na die ontwerp van die toekoms, wat die hoop op en vervul=ling van 'n beroepsbestemming bevorder.

e. Skoolvoorligting is oriëntering van leerlinge tot selfbegryping met die oog op 'n onderwys- en beroepskeuse

Die leerlinge moet tot selfbegryping georiënteer word sodat hy met selfstandige en verantwoordelike selfbegrip en met kritiese selfbeoordeling kan kies en handel. Die leerling moet georiënteer word tot begryping van sy positiewe menslike moontlikhede, want die idee of begrip wat hy van sy moontlikhede het, bepaal sy onderwys- en beroepskeuse. Selfbegryping sluit ook kennis van menswees in, dit wil sê begryping van die behoorlikheidseise waaronder die mens staan. Die leerling in die skoolvoor=ligtingsituasie staan onder die arbeidsopvatting met sy lewensverpligtende en lewens=

vereisende waardes waarvolgens hy sy onderwys- en beroepskeuse en toekomstige beroeps= beoefening moet normeer. Deur kennis van sy moontlikhede en van die arbeidsopvatting te verwerf, begryp die leerling dat aan hom eise gestel word om sy moontlikhede te ver= werklik en om in die arbeid sy moontlikhede tot diens van sy medemens te stel - dit wil sê hy moet tot roepingsbewustheid gelei word.

f. Skoolvoorligting is die oriëntering van leerlinge tot beroepskeuseverantwoor= delikheid

In die skoolvoorligtingsituasie word leerlinge gesteun om toenemend verantwoordelik= heid te aanvaar vir hulle betekenisgewing aan die lewenswerklikheid. Dit impliseer dat leerlinge ooreenkomstig behoorlikheidseise sinvol moet lewe. Leerlinge word in die skoolvoorligtingsituasie gesteun om self die verantwoordelikheid vir hulle onderwys- en beroepskeuse te aanvaar. Dit beteken leerlinge moet kies soos hulle behoort te kies, dit wil sê in ooreenstemming met hulle moontlikhede wat ook hulle begrensdhede impliseer. Aanvaarding van verantwoordelikheid vir 'n eie onderwys- en beroepskeuse is die aanloop tot verantwoordelikheid vir beroepsbeoefening wat as beroepsvolwassen= heid gekwalifiseer word.

2.3.3 Skoolvoorligting en opvoedingsdoelstellings

In die voorgaande gedeelte is aangedui dat skoolvoorligting primêr 'n aangeleentheid van opvoeding is. Die opvoedingsverhoudinge, opvoedingsbedrywighede is altyd in die voorligtingsituasie aanwesig. Hieruit volg dan dat die doelstellings wat vir die opvoeding geld, noodwendig vir skoolvoorligting segwaarde het. In hoofstuk een is die doelstellings met skoolvoorligting behandel en daaruit het die opvoedingsbetekenis van byvoorbeeld onderwys-, beroepskeuse en persoonstruktuurvoorligting reeds geblyk. Deur verderaan kortliks die opvoedingsdoelstellings aan te dui, kan die voorligting= implikasies daarvan nog duideliker na vore tree. Hierdie opvoedingsdoelstellings is:

(1) 'n Besef van die sinvolheid van eie bestaan: Deur die opvoeding word gepoog om leerlinge te laat besef dat hulle bevraagdes is, dit wil sê dat hulle nie eise aan die lewe durf stel nie, maar dat hulle 'n aktiewe, konkrete antwoord moet gee op die eise wat die lewe stel. Die sin van 'n mens se bestaan is geleë in die feit dat hy op hierdie eise sal antwoord by wyse van die aanvaarding van 'n roeping en dat hieraan uitvoering gegee moet word.

(2) Bekwaamheid tot selfbeoordeling: Leerlinge moet opgevoed word tot 'n kritiese stellingname teenoor hulleself. Dit beteken dat elkeen homself moet begryp ooreenkomstig sy talente, bekwaamhede en strewes. Dit lei tot 'n helder self= begrip wat belangrik is vir sinvolle arbeid en diens aan die medemens.

(3) Sedelik selfstandige besluitvorming: Opvoeders (ouers, onderwysers) strewe daarna om kinders (leerlinge) so selfstandig te maak dat hulle uiteindelik op eie verantwoordelikheid keuses en besluite kan neem en dit kan deurvoer. Die totale opvoedingsbemoeienis is hierop toegespits. In die voorligtingsituasie ontvang leerlinge hulp met betrekking tot onder andere onderwys- en beroeps=

keuses, maar steeds met die voorbehoud dat elkeen op eie verantwoordelikheid moet besluit en die konsekwensies van hierdie besluite self moet aanvaar.

(4) Opneem van verantwoordelikheid: Verantwoordelikheid word aanvaar as een van die grondbeginsels van volwaardige volwassenheid. Iemand wat nie ver=antwoordelikheid vir sy dade kan aanvaar nie, word as nie-volwasse of onvolwasse bestempel. Deur opvoeding en onderwys word verantwoordelik-wees sterk beklemtoon en dan geld dit nie net sekere aspekte van die leerling se lewe nie, maar sy totale gemoeid-wees met die lewenswerklikheid. Leerlinge se ingesteldheid teen=oor die lewenswerklikheid moet toenemend getuig van 'n bewus-wees van wat verantwoordelikheid inhou en van 'n wete dat elkeen se deelname aan die lewe 'n taakverrigtende deelname behoort te wees.

(5) Eie lewensopvatting: Elke volwasse mens se lewe word gedra en gestuur deur die bepaalde lewensopvatting wat hy huldig. Die lewensopvatting van volke, nasies, kultuurgroepe en selfs indiwidue kan van mekaar verskil, maar telkens is dit die lewensopvatting wat die werklike inhoud vir die opvoeding voorsien. Die Christen-opvoeder kry die inhoud van sy opvoedingsprogram uit die Bybel wat as rigsnoer dien hoe om sy kinders op te voed. Die opvoedingsdoel is dan ook om aan sy kinders 'n Christelike lewensopvatting voor te hou waarvolgens hulle hul eie lewens kan inrig. Hierdie lewensopvatting bepaal die mens se totale lewe, ook in die arbeid. Skoolvoorligting bied ruim geleentheid om leerlinge bewus te maak van die belangrike rol wat 'n mens se lewensopvatting vervul wanneer dit kom by keuses en beslissinge wat geneem moet word. 'n Leer=ling se keuses en die daarmee gepaardgaande handelinge moet altyd 'n openbaring wees van 'n hegte gebondenheid aan een of ander vorm van behoorlikheid soos omvat in sy lewensopvatting.

## 2.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is aangedui dat skoolvoorligting as opvoedingsaangeleentheid beskou moet word en dat al die fundamentele aspekte wat vir die opvoeding geld, ook in die voorligtingsituasie aanwesig is. Wanneer in die verdere hoofstukke aandag gegee word aan meer praktiese aspekte van skoolvoorligting, moet dit in gedagte gehou word dat hierdie essensies ook daarin 'n beslissende rol speel.

HOOFSTUK 3

# DIE INLIGTINGSASPEK VAN SKOOLVOORLIGTING

## 3.1 WAT ONDER DIE INLIGTINGSASPEK VAN SKOOLVOORLIGTING VERSTAAN WORD

Die skoolvoorligtingsdiens verteenwoordig ook 'n inligtingsdiens. Die lewering van hierdie diens vereis dat inligting op 'n wetenskaplike wyse, sistematies en doelgerig georden en beskikbaar gestel of deurgegee word oor elke leerling se persoonstruktuur asook oor onderwys- en beroepsaangeleenthede. Dit is belangrik om daarop te wys dat hierdie inligting nie net deur die skoolvoorligter ingesamel, gesistematiseer en georden word nie, maar ook deur hom geïnterpreteer en op so 'n wyse aan leerlinge, ouers en onderwysers beskikbaar gestel word, dat die leerling se belange regstreeks of onregstreeks daardeur gedien word. Wat betref die persone aan wie inligting ver=strek word, kan die volgende onderskeiding gemaak word:

(1) Inligting word aan leerlinge oor onderwys- en beroepsaangeleenthede in die lig van hul persoonstruktuur (persoonsmoontlikhede) verskaf, om hulle tot insig en begrip te bring van die eise wat beroepe stel aan sowel die onderwys as aan die persoonsmoontlikhede (dit wil sê ook aan die leerlinge).

(2) Inligting word aan ouers, onderwysers en ander belanghebbende persone beskikbaar gestel sodat hierdie persone elke leerling as unieke persoon met besondere moont=likhede kan begryp, om sodoende te weet waartoe elke leerling in staat is wanneer dit gaan oor skoolse, beroeps- en persoonsaangeleenthede.

Die feit dat inligting oor 'n bepaalde leerling op 'n sistematiese en doelgerigte wyse ingesamel, georden, geïnterpreteer en weer beskikbaar gestel word, dui daarop dat dit nie gaan om kennis van 'n leerling ter wille van die kennis nie. Trouens, dit gaan om kennis ter wille van beter begrip van die leerling met die oog op effektiewe hulpver=lening wat heeltemal in lyn is met die uiteindelike doel met skoolvoorligting, te wete hulp tot beroepsvolwassenheid. Die sin van inligting in skoolvoorligtingsverband is daarin geleë dat elke kind tot sodanige selfbegrip gelei moet word as wat nodig is om 'n sinvolle integrasie tussen die eie persoonsmoontlikhede en die onderwys- en beroeps=werklikheid te bewerkstellig.

Die inligtingsaspek van skoolvoorligting is in wese 'n verkenningsaangeleentheid. Die skoolvoorligter versamel inligting oor die onderwys- en beroepsbestel - dit wil sê hy verken - en stel dit in 'n geïnterpreteerde vorm aan leerlinge beskikbaar wat op hul beurt die geïnterpreteerde onderwys- en beroepsinligting verken. Inligting oor die leerlinge se persoonstruktuur word deur die skoolvoorligter met behulp van diagnositeringsmedia of verkenningsmedia ingewin en is 'n verkenning van die leer=linge se persoonsmoontlikhede. Die inligtingsaspek wat 'n verkenningsgeleentheid is, word in die skoolvoorligtingsituasie na gelang van die leerlinge se situasie in groeps- of indiwiduele verband voltrek. In groepsverband gaan dit oor die beskik=baarstelling van geïnterpreteerde feitelike onderwys- en beroepsinligting om leerlinge tot kennis van die onderwys- en beroepswerklikheid te bring. Hierdie kennis

stel ook die leerling in staat om die eise wat beroepe aan onderwys en opleiding stel, te begryp. Sodoende begryp die leerlinge dat onderwyskeuses by beroepsrigtings aansluiting moet vind. In indiwiduele verband gaan dit om verkenning van die persoon= struktuur en beroepsgeleenthede, en inligting met die oog op integrering tot beroeps= keuse.

## 3.2 KENNIS VAN DIE LEWENSWERKLIKHEID EN SELFKENNIS IN SKOOLVOORLIGTINGSVERBAND

Kennis van die lewenswerklikheid in skoolvoorligtingsverband, is algemene feitelike inligting oor onderwys-, beroeps- en persoonstruktuuraangeleenthede wat op geen spesifieke beroep, onderwyssituasie of leerling betrekking het nie. Hierdie algemene inligting het ook nie op 'n probleem binne die genoemde terreine betrekking wat deur middel van waarneming, of diagnostisering (verkenning) van 'n leerling geïdentifiseer is nie, of wat deur 'n indiwiduele leerling onder die aandag van die skoolvoorligter gebring is nie. Dit is inligting wat 'n verskeidenheid van onderwys-, beroeps- en persoonstruktuuraangeleenthede in die algemeen aansny om leerlinge ten aansien van die lewenswerklikheid as onmiddellike en toekomstige opgaaf te oriënteer.

Anders gestel, deur inligting aan leerlinge te verstrek, kom hulle tot verkenning van onderwys-, beroeps- en persoonstruktuuraangeleenthede en die samehang van hierdie inligting as 'n keuse gedoen moet word.

Hierdie inligting is in verskeie bronne beskikbaar, maar moet deur die skoolvoorlig= ter volgens die inligtingsbehoeftes van leerlinge gesistematiseer en tydig en op 'n taktvolle en 'n pedagogies-didakties[1] verantwoordbare wyse in groepsverband vir die leerlinge omsluit word.

Selfkennis impliseer in skoolvoorligtingsverband inligting aan 'n indiwiduele leerling aangaande sy eie positiewe persoonsmoontlikhede en beperkthede. Sodanige spesifieke inligting oor die leerling word deur die skoolvoorligter op 'n pedagogies verantwoorde wyse in indiwiduele verband aan die betrokke leerling oorgedra nadat 'n persoonsbeeld saamgestel is deur middel van onder andere agtergrondgegewens (huis en skool) en 'n verskeidenheid van pedodiagnostiseringsmedia (verkenningsmedia). Met pedagogies verantwoordbare oordraging van inligting in hierdie verband word bedoel die oordra van inligting insake die leerling se moontlikhede en beperkinge (onder andere verstands= vermoë, aanleg, belangstelling en liggaamlikheid) om die leerling tot insig, begrip en aanvaarding daarvan te bring. Die positiewe moontlikhede bied 'n uitdaging wat die leerling tot selfverwerkliking oproep - met ander woorde hy moet iets positiefs met sy moontlikhede doen. Maar aan die ander kant moet hy gesteun word om ook sy beperkinge te begryp en te aanvaar vir die uitoefening van 'n beroepskeuse.

## 3.3 DIE PLEK VAN ALGEMENE INLIGTING IN DIE SKOOLVOORLIGTINGSPROGRAM

Die verskaffing van algemene inligting aan leerlinge soos in die voorgaande paragraaf gestel, het van die leerlinge se toetrede tot die aanvangsklas in die primêre skool tot en met skoolverlating 'n besondere plek in die skoolvoorligtingsprogram. In die

[1] Pedagogies-didakties dui op die opvoedkundige en onderwyskundige vereistes wat aan 'n skoolvoorligtingsles gestel word.

eerste plek ontsluit die skoolvoorligter die onderwys- en beroepswerklikheid as sinvolle aangeleenthede van die lewenswerklikheid vir die leerlinge. Aan die hand van inligting steun die skoolvoorligter die leerlinge tot verkenning van skoolse en beroepsaangeleenthede om hulle sodoende van basiese sekerhede te voorsien aan die hand waarvan die leerlinge hulleself binne die totale onderwys- en beroepstruktuur kan oriënteer. Deur taktvolle en doelgerigte oordrag van inligting oor persoonstruktuur=aangeleenthede aan leerlinge, verkry hulle kennis en kom tot insig van hul eie persoonsmoontlikhede (persoonstruktuur) as 'n determinant van beroepskeuse en beroeps=beoefening. Die leerlinge kom sodoende onder die besef dat hulle hul positiewe moontlikhede en beperkinge in ag moet neem wanneer hulle 'n onderwys- en beroepskeuse doen. Die inligtingsaspek van skoolvoorligting stel derhalwe nie net aan die skool=voorligter 'n opgaaf om inligting te versamel en deur te gee nie, maar stel ook die opgaaf aan die leerling om aktief op die verkenning van sy eie positiewe persoons=moontlikhede en die onderwys- en beroepsmoontlikhede gerig te wees. Derhalwe is die inligtingsaspek van skoolvoorligting 'n verkenningsituasie vir die leerling.

In die tweede plek is dit veral gedurende hierdie algemene inligtingsituasies in groepsverband dat die skoolvoorligter die geleentheid vind vir die skepping of stigting van 'n atmosfeer wat bevorderlik sal wees vir die totstandkoming of stigting van 'n vertrouens-, begrypings- en gesagsverhouding tussen hom en die leerlinge. In sy hantering van algemene inligting in groepsverband is die skoolvoor=ligter en leerlinge in 'n omgangsverhouding bymekaar, en moet die leerlinge op grond van die skoolvoorligter se meerdere kennis hom aanvaar as 'n persoon wat met gesag kan optree en wat vertrou kan word as iemand wat weet watter inligting vir die leerlinge noodsaaklik is. Die leerlinge moet ook besef dat die skoolvoorligter hulle aanvaar as persone wat nie kennis het van die aangeleenthede waaroor hy hulle wil inlig nie, en dat die inligtingsituasie hierdie wedersydse vertroue vereis. Indien hierdie verstandhouding tussen skoolvoorligter en leerlinge positief verloop, is die geleentheid daar vir ontmoeting tussen leerlinge en skoolvoorligter, en sal leerlinge met vertroue ook in indiwiduele verband hulp ten aansien van probleme kan soek.

## 3.4 DIE AARD VAN INLIGTING

Inligting wat by skoolvoorligting ter sake is, bestryk 'n baie wye terrein en hou verband met skoolaangeleenthede, die beroepswêreld asook persoonlike gegewens omtrent leerlinge. Dit beteken egter nie dat elk van genoemde aspekte 'n selfstandige terrein van voorligting uitmaak nie. Onderwys-, beroeps- en persoonstruktuurvoor=ligting vorm 'n geïntegreerde eenheid met die gevolg dat die inligtingsaspek daarvan ook as 'n eenheid gesien moet word. Dit blyk egter dat die aard van inligting wat vir voorligting relevant is, nie vir alle onderwysfases ewe belangrik of ewe noodsaaklik is nie. Die aard van inligting hang onder andere van die volgende faktore af.

(1) Onderwysfase: Leerlinge in die primêre skool het nie belang by inligting wat leerlinge in die sekondêre skool moet kry nie. Vak- en studierigting=

keuses is byvoorbeeld nie ter sake by leerlinge tot op ten minste standerd 5-vlak nie.

(2) Inligting moet vir leerlinge betekenis inhou in dié sin dat dit hulle sal help om 'n duideliker selfbeeld op te bou en terselfdertyd hulle kennis van die lewenswerklikheid sal verbreed. Leerlinge se wordingsniveau sal dus ook in aanmerking geneem moet word by die bepaling van inligting wat aan hulle gegee moet word.

(3) Dit is nie net leerlinge wat inligting oor hulleself in die onderwys- en beroepswêreld moet kry nie, maar ook hul onderwysers en ouers. Dit beteken dat relevante inligting ook aan laasgenoemde beskikbaar gestel sal moet word.

(4) Laastens moet in gedagte gehou word dat die inligting wat aan leerlinge, ouers of onderwysers gegee word, altyd met 'n bepaalde doel voor oë moet geskied. Leerlinge kry byvoorbeeld inligting met die doel om hulle vir 'n bepaalde taak, byvoorbeeld studierigtingkeuse, te bekwaam.

Teen hierdie agtergrond kan daar nou breedvoeriger aandag gegee word aan die aard van inligting wat by elke onderwysfase ter sake is.

### 3.5 INLIGTING OP PRIMêRE ONDERWYSVLAK

Die inligting wat op primêre onderwysvlak aan leerlinge gegee word, het basies ten doel om leerlinge se leefwêreld met betrekking tot hulleself en die lewenswerklikheid in die algemeen geleidelik te laat ontvou. Hierdie leefwêreld ontvou geleidelik en die inligting wat hulle behoort te kry, behoort by hierdie natuurlike en spontane ontvouing aan te sluit. Tot op standerd 5-vlak ontvang leerlinge basiese onderwys, wat beteken dat daar nie van leerlinge verwag word om doelbewus vir hulle onderwys- en beroepstoekoms te beplan nie. Vak- en studierigtingkeuses is nie vir hulle aktueel nie en beroepskeuse is glad nie ter sake nie. Nogtans moet primêre onderwys die nodige voorbereidingswerk doen vir sekondêre onderwys. Leerlinge moet gereed gemaak word vir die sekondêre skool met sy anderse aard en eie besondere opgawes. Hierdie voorbereidingswerk wat reeds in die primêre skool gedoen moet word, hou bepaalde opgawes vir voorligting in, en een hiervan is om leerlinge en ouers van die nodige inligting te voorsien.

Uit wat tot dusver gestel is, blyk dit nie nodig te wees om tot op ten minste standerd 4-vlak 'n periode vir voorligting op die skoolrooster in te ruim nie. Inligting oor onderwys-, beroeps- of persoonstruktuuraangeleenthede aan leerlinge blyk tot op hierdie vlak nie nodig te wees nie, omdat leerlinge nie skool- of vakkeuses hoef te doen nie en omdat die persoonstruktuurinligting (kennis aangaande verstandsmoontlik= hede, aanleg en belangstelling) wat daarmee verband hou, nie vir die leerlinge werk= lik betekenis inhou nie. Hulle is trouens nog nie eers in die puberteitsfase nie, met die gevolg dat identiteitsbelewing (soeke na eie identiteit en selfbegrip) nog nie sterk na vore tree nie. (Die wordingsniveau van hierdie groep leerlinge word in die hoofstuk oor verkenning breedvoerig behandel.)

Standerd 5 is egter die laaste jaar wat leerlinge aan die primêre skool deurbring alvorens hulle sekondêre skool toe gaan, dit wil sê 'n nuwe bedeling tegemoettree. Voorbereiding vir die sekondêre skool moet nou gedoen word sodat leerlinge nie oningelig na standerd 6 gaan nie. Die inligting wat leerlinge moet kry, sal afhang van wat in die sekondêre skool verwag word. Die belangrikste besluite wat aan die einde van standerd 5 geneem moet word, is die keuse van tipe sekondêre skool en in 'n mindere mate die beperkte keuse van vakke wat sommige skole in standerd 6 aanbied. Hierdie keuses kan leerlinge egter nie op eie verantwoordelikheid neem nie en daarom word daar ook kortliks verwys na die rol wat ouers, onderwysers en die voor=ligter in dié verband moet vervul.

Die beleid is dat leerlinge se ouers die finale beslissing kan gee oor die tipe skool, kursus en vakke wat leerlinge in standerd 6 kan volg. Dit behoort uit die aard van die saak in noue samewerking met die departementele voorligtingsdiens en onderwysers in die primêre skool gedoen te word. Die leerling moet egter self ook by hierdie plasing geken word en wel by wyse van 'n inligtings- en/of raadgewingsgesprek. Dit spreek vanself dat nòg die leerlinge, nòg sy ouers oor die plasing van die leerling in standerd 6 'n verantwoordelike bydrae kan lewer as hulle nie oor die nodige inligting beskik nie. Vervolgens sal aandag gegee word aan die tipe inligting wat leerlinge, ouers en onderwysers betrokke by die plasing, moet hê.

(1) Inligting aan standerd 5-leerlinge: Die inligting moet binne die belewings=veld van die leerlinge val, dit wil sê dit moet vir hulle belangrik en sinvol wees, veral vir sover dit hulle beter kan oriënteer met betrekking tot die uitdaging wat die sekondêre skool stel. Die volgende aspekte kan behandel word:

(a) Leerlinge moet ingelig word oor die algemene opset van die sekondêre skool en dit behels die verdeling van sekondêre onderwys in junior en senior sekondêre skoolfases, die verskillende tipes skole wat sekondêre onderwys aanbied (gewone, tegniese, landbou-, kuns- en handelskole) die gewone en die praktiese kursus, en die betekenis van sekondêre onderwys vir toekomstige beroepskeuses en beroepsbeoefening.[1)]

(b) Leerlinge moet ook kennis neem van die feit dat baie sekondêre skole in standerd 6 'n beperkte vakkeuse toelaat. Dit is veral belangrik om te wys op die verdere onderwys- en beroepskeuse-implikasies van so 'n vakkeuse.[2)]

(c) Finale vak- en studierigtingkeuses word eers aan die einde van standerd 7 gedoen, maar dit bevorder 'n goeie doel óm leerlinge se aandag reeds in standerd 5 op die belangrikheid van hierdie keuses te vestig. Hulle moet veral goed begryp dat standerds 6 en 7 as verkenningsjare sal dien sodat hulle met al die vakke kennis kan maak en sodoende bepaal watter vak- en studierigting=keuse vir hulle die beste sal wees.

---

[1+2)] Skoolvoorligters moet hulle betrokke onderwysdepartemente se voorskrifte in dié verband raadpleeg.

(d) Leerlinge kan ook daarop gewys word dat vak- en studierigtingkeuses in verband staan met persoonlike vermoëns en belangstelling. Elkeen doen 'n keuse wat sy vermoëns en belangstelling pas.

Hierdie inligting moet aan die standerd 5-klas as groep meegedeel word, maar wanneer dit by die finale keuse van skooltipe kom, moet elke leerling individueel in 'n gesprek betrek word sodat sy besondere posisie met hom bespreek kan word.

(2) <u>Inligting aan ouers:</u> Die ouers het gewoonlik die finale keuse wanneer dit by keuse van tipe skool, vak- en studierigting kom, en juis daarom moet hulle goed ingelig word oor wat so 'n keuse behels. Die volgende is belangrike inligting waarvan die ouers moet kennis dra.

(a) Die aard van die verskillende soorte sekondêre skole: Die amptelike beleid is dat leerlinge vir sover moontlik die sekondêre skool naaste aan hulle besoek, maar wanneer 'n leerling 'n tegniese, handels-, landbou- of huishoudkundeskool of 'n skool vir kuns, musiek en ballet wil bywoon, moet daar deeglik besin word oor die sinvolheid van so 'n besluit. Ouers behoort goed ingelig te word oor die aard van en doel met elk van hierdie tipes skole wat beroepsgerigte onderwys aanbied.

(b) Leerlinge se moontlikhede: Ouers behoort ingelig te word oor die skolastiese bekwaamheid en vermoëns van hul kinders, veral vir sover dit betrekking het op die eise wat in die sekondêre skool en later ook op tersiêre onderwysvlak gestel word. Dit geld veral vir ouers wat twyfel oor die wenslikheid van tipe skool en die keuse tussen die praktiese en gewone kursus.

### 3.6 HANTERING VAN DIE INLIGTINGSFUNKSIE

Uit voorgaande uiteensetting het dit geblyk dat inligting wat in die primêre skool gegee moet word, slegs tot standerd 5-leerlinge beperk is. Hierdie taak kan gedurende die laaste kwartaal/termyn afgehandel word. Die skoolhoof in samewerking met die departementele voorligter, voorligter en een of meer van sy senior personeellede behoort hierdie aspek te hanteer. Leerlinge kan die inligting verkry gedurende 'n voorligtingsperiode wat slegs vir een kwartaal op die rooster ingeruim behoort te word, terwyl hul ouers tydens een of meer ouervergaderings oor hierdie sake toegespreek kan word en deur onderhoude met die skoolvoorligter en/of skoolhoof verder hieromtrent ingelig word.

Afhangende van die aard van die organisasie van die verskillende onderwysdepartemente behoort die skoolsielkundige of departementele voorligter die skoolhoof by te staan om raad en advies te gee waar nodig. Departementele skoolsielkundiges/beroepsoriën=teurs/voorligters behoort dan reeds te beskik oor belangrike gegewens van leerlinge soos onder meer die uitslae van skolastiese en gestandaardiseerde sielkundige toetse wat noodsaaklike hulpmiddels is om ouers en leerlinge te adviseer oor keuse van skole, vakke en studierigting waar toepaslik.

## 3.7 INLIGTING OP SEKONDÊRE ONDERWYSVLAK

Inligting op sekondêre onderwysvlak neem 'n al belangriker posisie in die voorligtings=program in. Waar die inligting in standerd 5 hoofsaaklik gesentreer het om voor=bereiding vir die sekondêre skool, veral vir sover dit betrekking gehad het op die keuse van die tipe skool, word daar in die sekondêre skool veel meer eise aan leer=linge ten opsigte van vak-, studierigting en beroepskeuses gestel. Die vraag na inligting, veral beroepsinligting word al groter namate die beroepswêreld in omvang en kompleksiteit toeneem. Hierdie behoefte bestaan nie net by leerlinge nie, maar ook by hul ouers en selfs voorligter-onderwysers benodig steeds meer en meer inligting wat hulle in voorligting kan gebruik. Die doel met hierdie handleiding is nie om aan hierdie behoefte te voldoen nie, maar behoort nietemin 'n aanduiding te gee van die tipe inligting wat in voorligting belangrik is.

Op sekondêre skoolvlak moet daar 'n duidelike onderskeid gemaak word tussen die aard van hierdie inligting wat in die verskillende onderwysfases (junior en senior sekondêre onderwysfases) aan leerlinge beskikbaar gestel moet word. Die aard van die inligting het betrekking op die inhoud van hierdie inligting, dit wil sê inligtings=temas. Vervolgens sal die inligtingstemas wat vir die verskillende onderwysfases relevant is, bespreek word.

### 3.7.1 Inligting vir leerlinge in die junior sekondêre onderwysfase

Die inligting wat hier ter sake is, geld net vir standerds 6- en 7-leerlinge, aangesien standerd 5-leerlinge, hoewel hulle ook junior sekondêre onderwys ontvang, reeds in die vorige afdeling bespreek is.

Die junior sekondêre fase staan bekend as 'n oriënterings- of verkenningstydperk. 'n Verskeidenheid vakke word aangebied waaruit aan die einde van standerd 7 'n keuse gedoen moet word. Leerlinge kry sodoende geleentheid om kennis op te doen oor die inhoud van verskeie vakke en terselfdertyd kan hulle 'n idee begin vorm van hulle bekwaamheid in elk van hierdie vakke. Dit is egter nie net bekwaamheid en belangstelling in besondere vakke wat bepaal welke vak- en studierigtingkeuses gedoen behoort te word nie, maar ook die beroepskeuse-implikasies daarvan. Gevolglik behoort standerds 6- en 7-leerlinge oor die volgende aspekte ingelig te word:

a. Onderwysinligting

(1) Die doel met junior sekondêre onderwys, naamlik verkenning van al die moontlike vakke wat uiteindelik in senior sekondêre onderwys aangebied word.

(2) Die belangrikheid van deeglike kennis van en insig in die inhoud van die verskillende vakke sodat realistiese vakkeuse gedoen kan word.

(3) Die aard van verskillende studierigtings wat in die senior sekondêre fase aangebied word.

(4) Die beroepskeuse-implikasies van elk van die onderskeie studierigtings.

(5) Oor- en omskakelingsmoontlikhede nadat vak- en studierigtingkeuses gedoen is.

(6) Die verband tussen vak- en studierigtingkeuse en tersiêre onderwys met verwysing na universiteitstoelatingsvereistes.

b. Beroepsinligting

Hoewel standerds 6- en 7-leerlinge nog nie baie intensief met die keuse van 'n beroep of beroepsrigting gemoeid is nie, bevorder dit 'n goeie doel om elementêre beroepsin= ligting met hulle te bespreek. Dit verbreed hulle kennis van die beroepswêreld en inspireer hulle om 'n belangstelling in hulle beroepstoekoms te ontwikkel. Terselfder= tyd moet leerlinge opgevoed word om 'n positiewe arbeidsgesindheid te openbaar en sodoende algaande die sin van arbeid en beroepsbeoefening te ontdek. Om dit te bewerkstellig kan die volgende temas bespreek word:

(1) Die algemene belangrikheid van beroepe in die samelewing met verwysing na die diens wat deur beroepsbeoefening aan die gemeenskap gelewer word.

(2) Die noodsaaklikheid dat elkeen 'n beroep moet kies en dit uiteindelik gaan be= oefen om 'n sinvolle bestaan te voer en sodoende 'n bydrae te lewer tot die algemene welsyn van die mensdom.

(3) Algemene vereistes wat die beroepswêreld stel soos hardwerkenheid, pligsgetrou= heid, ywer, deursettingsvermoë en lojaliteit.

(4) Die verband tussen vak- en studierigtings op skool en beroepsrigtings.

(5) Algemene onderwysvereistes wat beroepe en beroepsrigtings stel.

(6) Algemene wyses van beroepsopleiding soos universiteitsopleiding, opleiding aan verskillende kolleges, deeltydse/na-uurse opleiding, indiensopleiding en korrespondensiekursusse.

(7) Algemene verband tussen persoonlike belangstellings, aanleg, vermoëns en beroepsrigtings.

(8) Die belangrikheid van toereikende beroepskennis en selfkennis alvorens 'n beroeps= keuse gedoen kan word.

(9) Die invloed wat nasionale diensplig het op beroepsopleiding en -beoefening.

(10) Loopbaanstudie kan deur indiwiduele leerlinge of groepe leerlinge oor genoemde temas gedoen word. Vanweë die wordingspeil van standerds 6- en 7-leerlinge blyk dit nie sinvol te wees om beroepstudies aan te pak nie.

Die belangrikste temas met betrekking tot onderwys- en beroepsinligting is kortliks genoem en kan as raamwerk dien aan die hand waarvan 'n volledige inligtingsprogram vir elke skool met sy besondere omstandighede uitgewerk kan word. Inligting van hierdie aard kan hoofsaaklik aan die klas as groep, dit wil sê gedurende voorligtingsperiodes gegee word. Standerd 7-leerlinge behoort egter in indiwiduele onderhoude betrek te word ten einde hulle insig in en kennis van vak- en studierigtingmoontlikhede te evalueer met die oog op raadgewing.

c. <u>Persoonstruktuurinligting</u> (Persoonlikheidsvoorligting)

Inligting wat met persoonstruktuurvorming verband hou, kan geïntegreer word by temas oor onderwys- en beroepsinligting. Die rol wat verstandsmoontlikhede, aanleg en belangstelling by die keuse van vak-, studierigting- en beroepskeuses speel, kan bespreek word in die lig van temas wat onder onderwys- en beroepsinligting genoem is. Dit geld ook vir aspekte soos verantwoordelikheid, arbeidsgesindheid, menseverhoudings en sosialiteit. Daar moet egter gewaak word teen die gevaar om temas te bespreek wat nie vir leerlinge aktueel of betekenisvol is nie en gevolglik nie begryp word nie. Dit kan lei tot 'n algemene gebrek aan belangstelling in voorligting en 'n negatiewe gesindheid teenoor die voorligtingsdiens as sodanig.

d. <u>Inligting aan ouers</u>

Die ouers van standerd 7-leerlinge is net so nou by die keuse van vak- en studie=rigtings vir hul kinders betrokke as die leerlinge self. Per slot van sake oefen die ouers seker nog die grootste invloed uit wanneer dit by 'n finale keuse kom. Dit is dus te begrype dat ook die ouers deeglik ingelig behoort te wees oor wat die vak- en studierigtingkeuses behels en die verdere implikasies van so 'n keuse.

Om die ouers van die nodige inligting te voorsien, is soms nie maklik nie en derhalwe sal daar waarskynlik van verskillende metodes gebruik gemaak moet word soos deur middel van inligtingstukke, persoonlike onderhoude en tydens oueraande. Die inlig=ting wat aan die leerlinge gegee word met betrekking tot onderwys- en beroepskeuse-aangeleenthede moet ook aan die ouers gegee word en dit kan nie aan leerlinge oorge=laat word om hulle ouers hieromtrent in te lig nie.

e. <u>Aanbiedingswyses</u>

Hoewel inligting 'n baie belangrike aspek van voorligting op skool uitmaak, is dit nie die enigste wat ter sake is nie. Verkenning en raadgewing vorm saam met inligting 'n geïntegreerde eenheid.

Derhalwe kan dit soms nodig wees om gedurende verkenning- en/of raadgewingsituasies ook inligting aan leerlinge te gee. Die verskillende wyses waarop genoemde inligting aan leerlinge gegee kan word, is nie net tot die formele voorligtingsperiode beperk nie en moet op allerlei ander wyses aangevul word. Hierdie wyses word in hoofstuk 6 breedvoerig bespreek.

3.7.2 <u>Inligting vir leerlinge in die senior sekondêre skoolfase</u>

In die senior sekondêre skoolfase is die leerlinge in 'n natuurwetenskaplike, geestes=wetenskaplike, landbou-, tegniese, handels-, kuns- of algemene studierigting geplaas op grond van die onderwyskeuse wat die leerling gedoen het. Omdat hierdie studierig=tings by naskoolse opleiding, indiensopleiding en beroepsbeoefening aansluit, is dit noodsaaklik dat onderwys- en beroepsinligting met die oog op die naskoolse lewe aan die leerlinge gegee moet word. Dus is daar drie aspekte waaroor inligting aan die senior sekondêre skoolleerlinge gegee moet word, naamlik <u>onderwysinligting</u> en <u>beroepsinligting</u> om die leerlinge tot 'n beroepskeuse met die geïmpliseerde oplei=

ding te steun, en die arbeidsopvatting met die oog op beroepsgesindheidsvorming.

a. Onderwysinligting

Onderwysinligting en beroepsinligting kan nie afsonderlik van mekaar gegee word nie, omdat beroepe sekere opleiding vereis. Die volgende onderwysinligting moet aan leerlinge verstrek word:

1. Inligting oor opleiding aan tersiêre onderwysinrigtings

Inligting oor tersiêre onderwys op universitêre en nie-universitêre onderwysvlak moet verstrek word, met verwysing na toelatingsvereistes, naamlik dat toelating tot graadstudie en vir sekere diplomakursusse aan 'n universiteit die st. 10-universiteits=toelatingsertifikaat vereis, terwyl ander diplomakursusse aan universiteite en ander tersiêre opleidingsinrigtings 'n st. 10-universiteitstoelatingsertifikaat of 'n st. 10-skooleindsertifikaat vereis.

2. Inligting oor soorte tersiêre opleidingsinrigtings

Die leerlinge moet ingelig word dat daar universiteite, onderwyserskolleges, kolleges vir gevorderde tegniese onderwys, tegniese kolleges, landboukolleges, bosboukolleges en tegniese institute is waar hulle opgelei kan word. 'n Adreslys van die inrigtings moet ook tot die leerlinge se beskikking gestel word.

3. Inligting oor kursusse aan tersiêre onderwysinrigtings

(i) Universiteite

In breë trekke moet die fakulteite en departemente van universiteite toegelig word met verwysing na voltydse en deeltydse kursusse, en die vereistes wat vir toelating tot studie in die verskillende fakulteite gestel word.

(ii) Onderwyserskolleges

Die studierigtings aan onderwyserskolleges moet aan leerlinge bekend gestel word.[1)]

(iii) Kolleges vir gevorderde tegniese onderwys, tegniese kolleges, landboukolleges, bosboukolleges en tegniese institute

Die grootste groep van die leerlinge wat vanaf st. 8 die skool verlaat en baie van die leerlinge wat die st. 10-eksamen afgelê het, gaan nie na 'n universiteit of onderwyserskollege nie. Hierdie leerlinge is merendeels onkundig oor na st. 10-op=leiding aan tersiêre onderwysinrigtings (universiteite uitgesluit). Hierdie leer=linge moet ingelig word dat kolleges vir gevorderde tegniese onderwys, tegniese kolleges, landboukolleges, bosboukolleges en tegniese institute 'n verskeidenheid van kursusse aanbied, met verwysing na stapelkursusse, voltydse kursusse, deeltydse kursusse, indiensopleiding en groepopleidingskursusse, wat op die verwerwing van 'n sertifikaat of 'n diploma uitloop.

[1)] Skoolvoorligters moet inligting oor studierigtings aan onderwyserskolleges van die onderwysdepartemente aanvra.

Die volgende kursusse is enkeles wat toegelig kan word:

(a) Kursusse vir laboratoriumtegnici in analitiese chemie, materiaaltoetsing en mikrobiologie.

(b) Kursusse vir landbou-tegnici in plant- en diernavorsing, velddienste (voorligting en grondbewaring, inspeksiedienste en meganiese ingenieurswese).

(c) Kursusse vir opmetingstegnici (geodeties, siviele ingenieurswese, kadastraal, topografies).

(d) Kursusse vir tegnici in die tekenkunde (boukunde, kartografie, meganies, struktureel en siviele ingenieurswese).

(e) Kursusse vir tegnici in die weermag (chemie, instrumentasie, ammunisie en radio-, vliegtuig-, motorvoertuig- en wapeningenieurswese).

(f) Kursusse vir tegnici in geologie, hidrologie, lugvaartradio, oseanografie en weerkunde.

(g) Kursusse in gesondheidsdienste (farmasie, oogkunde, arbeids- en fisioterapie, radiografie, gesondheidsinspekteurs, ortopediese tegnici).

(h) Kursusse in handel en bestuurswese (elektroniese dataverwerking, kosterekenmeesters, sekretariële dienste, toerisme, hotelbedryf).

(i) Kursusse in ingenieurswese (elektroniese, meganiese, produksie-, radio-, siviele en skeepsingenieurswese).

(j) Kursusse in grafiese ontwerp, keramiek, beeldende kuns, mode-ontwerp en nywerheidsontwerp.

(k) Kursusse vir tegnici in mynbou (essaieerwerk, metaalmynbou, reduksiewerk, mynbougeologie, mynopmeting).

(l) Kursusse in telekommunikasie.

(m) Kursusse deur professionele institute aangebied (geoktrooieerde sekretariële kursus, kursus in handel en administrasie, bemarkingsbestuur, boekhou, en koste- en bedryfsrekenmeesterskursus).

Onderwysinligting wat op naskoolse opleiding betrekking het, word volledig uiteengesit in die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing se verslag getitel "Tersiêre opleiding buite die universiteit en beroepsgeleenthede"[1].
Hierdie verslag, wat in sowel Afrikaans as Engels opgestel is, is gratis deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing aan alle sekondêre skole gestuur.

1) RGN Voorligtingsreeks VR-4. Tersiêre opleiding buite die universiteit en beroepsgeleenthede.

4. Inligting oor beurse vir naskoolse studie[2)]

Groot getalle leerlinge kan nie tersiêre opleiding geniet nie omdat dit finansieel vir hulle onmoontlik is. Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing se verslag getitel "Toekennings beskikbaar vir voorgraadse studie aan Suid-Afrikaanse universi= teite vir Blankes", waarin al die besonderhede verskyn en wat gratis aan elke sekon= dêre skool in die land gestuur is, kan vir hierdie doel gebruik word.

5. Indiensopleiding

Indiensopleiding moet verduidelik word. Hierdie opleiding behels dat die persoon in diens geneem word en salaris ontvang, terwyl hy in die werksituasie opleiding geniet en van tyd tot tyd met volle salaris opleiding aan 'n kollege vir gevorderde tegniese onderwys ontvang.

b. Beroepsinligting[3)]

Soos blyk uit onderwysinligting wat aan leerlinge verstrek moet word, is daar 'n nou verband tussen beroeps- en onderwysinligting. Derhalwe moet onderwys- en beroepsin= ligting met die oog op die naskoolse beroepslewe so aangebied word dat dit die leerling ten aansien van sy studierigting wat by 'n beroepsrigting of beroepsveld aan= sluit, sal oriënteer tot meerdere kennis van sy situasie.

Die volgende werkwyses kan gevolg word om leerlinge in groepsverband tot meerdere beroepskennis te bring:

1. Beroepsklassifikasies

Die leerling moet ingelig word oor die struktuur van die beroepsbestel met verwysing na die professionele en semi-professionele beroepe, administratiewe beroepe, klerklike beroepe, verkoopsberoepe, ambagte, buiteberoepe, beroepe in die boerdery, vissers- en bosboubedryf, huishoudelike dienste, operateursberoepe en beroepe vir halfgeskoolde werkers en ongeskooldes. Die beroepsamestelling van die beroepsgroepe moet verstrek word om die leerlinge tot beroepskennis te steun.

2. Die verband tussen beroeps- en studierigtings

Die leerlinge moet ook ingelig word oor die beroepsmoontlikhede wat by hulle studie= rigtings aansluit met verwysing na opleiding en voorbereiding vir die beroepe.

3. Beroepstudies deur leerlinge met die oog op groepbesprekings

Beroepstudies deur groepe leerlinge kan aan die hand van die volgende skema gedoen word:

---

2) RGN Voorligtingsreeks VR-7. Toekennings beskikbaar vir voorgraadse studie aan Suid-Afrikaanse universiteite vir Blankes.

3) RGN Voorligtingsreeks VR-6. Beroepsinligting vir voorligters.

(i) Belangrikheid van die beroep.

(ii) Die aard van die werk.

(iii) Werksomstandighede.

(iv) Eise wat die beroep aan die beoefenaar of werker stel.

(v) Opleiding wat vir toetreding tot die beroep vereis word.

(vi) Diensvoorwaardes.

(vii) Bevorderingsmoontlikhede en verwante beroepe.

(viii) Voor- en nadele van die beroep.

Die organisasie van die studiegroepe kan soos volg geskied:

(i) Lys van temas word opgestel waaruit leerlinggroepe (groepe van drie leer=linge) 'n keuse doen (slegs een tema aan 'n groep per jaar).

(ii) Onderwerpkaarte waarop die literatuur vir 'n tema verskyn, word aan 'n leer=groep vir naslaandoeleindes in die biblioteek gegee.

(iii) Die groepbespreking word deur die leier van die groep, gesteun deur die ander twee lede, ingelei, waarna die ander leerlinge ook deelneem.

(iv) Die skoolvoorligter maak 'n opsomming van die essensies van die beroep op die skryfbord en sluit die bespreking met 'n samevatting van die essensies af.

Op hierdie wyse word die leerlinge tot beroepskennis gesteun.

4. Beroepsveldstudie

In die raadgewende situasie steun die skoolvoorligter die leerling tot selfkennis deur op 'n verantwoordbare en verantwoordelike wyse die leerling se beroepsbeeld aan hom te interpreteer, sodat die leerling tot 'n integrasie van sy self- en beroepskennis kan kom om 'n verantwoordbare en verantwoordelike beroepsveldkeuse te kan doen. Die leerlinge en skoolvoorligter baken die beroepsveld tot 'n paar beroepe af. Die leerlinge gaan doen dan self 'n intensiewe beroepstudie van elkeen van hierdie beroepe. Sodoende kom hy tot beroepsinligting wat hom in staat stel om self 'n beroepskeuse te doen ooreenkomstig sy moontlikhede.

c. Persoonstruktuurinligting (Persoonlikheidsvoorligting)

Net soos vir junior sekondêre skoolleerlinge behoort persoonstruktuurinligting vir senior sekondêre skoolleerlinge ook by onderwys- en beroepsinligting geïntegreer te word. Standerd 9- en veral standerd 10-leerlinge is nou baie meer gereed om ver=antwoordelikheid te neem ten opsigte van hulleself en hul keuses. Temas soos arbeidsopvatting, beroepsvolwassenheid, dienslewering en keuseweerbaarheid kan met vrug met hulle bespreek word. Hulle kan met meer insig oordeel oor hul verstands=moontlikhede, aanleg en belangstelling, terwyl die betekenis van hierdie persoons=kwaliteite vir beroepskeuses en beroepsbeoefening duidelik begryp kan word. Uit die aard van die saak behoort elke leerling in standerd 10 deeglik ingelig te word

oor sy/haar besondere moontlikhede en die beroepskeuse-implikasies daarvan behoort bespreek te word. Laasgenoemde is 'n saak vir die onderhoudsituasie en word in 'n latere hoofstuk verder toegelig.

d. Aanbiedingswyses

Die volgende metodes en hulpmiddels kan aangewend word om die inligting soos bespreek, aan die leerlinge te gee. Dit moet egter slegs as riglyne beskou word, aangesien elke skool se situasie anders sal wees en moontlik ook nie oor al die fasiliteite sal beskik nie. In hoofstuk 6 word meer aandag hieraan gegee. Die metodes is die volgende:

(1) Films, skyfies en prente kan vertoon word om leerlinge se algemene kennis oor die beroepswêreld te verbreed. Hierdie hulpmiddele behoort slegs gebruik te word om aan die voorligtingsles wyer trefkrag en dieper betekenis te gee en nie bloot ter wille van die interessantheid daarvan nie.

(2) Uitstappies en besoeke kan gereël word sodat leerlinge in die praktyk kan waarneem hoe verskillende beroepe beoefen word.

(3) Werkgewers en selfs werknemers kan dan (met toestemming van die betrokke Onderwysdepartement) gevra word om die voorligtingsklas te besoek om oor beroepe met betrekking tot opleiding vir die aard en moontlikhede van die beroep met die leerlinge te bespreek en vrae in dié verband te beantwoord.

(4) Leerlinge behoort literatuurstudie te onderneem oor verskillende temas en dit sluit loopbaanstudies in.

3.8 SLOTOPMERKING

In hierdie hoofstuk is gepoog om die inligtingsfunksie van voorligting aan te dui. Inligting oor onderwys-, beroeps- en persoonstruktuur- (persoonlikheids-) aangeleenthede vorm die kerninhoud van die inligtingsprogram en moet in samehang met die verkennings- en raadgewingsfunksie wat in die volgende twee hoofstukke bespreek word, geïnterpreteer word.

HOOFSTUK 4

# DIE VERKENNINGSASPEK VAN SKOOLVOORLIGTING

## 4.1 INLEIDING

Daar is in die voorgaande hoofstuk gewys op die belangrike plek wat inligting in die skoolvoorligtingspraktyk vervul. Veral twee aspekte van die inligtingsfunksie van skoolvoorligting is beklemtoon, naamlik die insameling en ordening van inligting en die deurgee of beskikbaarstelling van hierdie inligting. Die insameling en ordening van inligting kan op verskillende wyses gedoen word, maar vir sover dit deel van 'n skoolvoorligtingspraktyk uitmaak, word daar van verkenning of diagnostisering gepraat. In hierdie hoofstuk word die verkenningsaspek van voorligting breedvoerig behandel.

## 4.2 AANLOOP TOT PEDAGOGIES VERANTWOORDBARE VERKENNING

Dit lei geen twyfel nie dat skoolvoorligting 'n uiters riskante saak sou wees as dit nie in sy praktyk voorsiening maak vir verkenning nie. Op die minste word daar van die skoolvoorligter, net soos van enige onderwyser, verwag om rekenskap te kan gee van sy bepaalde handelwyse met 'n bepaalde kind (leerling). Om dit te kan doen, sal hy oor kennis en begrip moet beskik van die leerlinge met wie hy in die skoolvoorligtingspraktyk (praktiese skoolvoorligtingsituasie) in verhouding staan. Pedagogies verantwoordbare verkenning deur die skoolvoorligter het ten doel die verkryging van sodanige wesenskennis van die kind as wat nodig is om hom te begryp en te steun op sy pad na die wêreld van die volwassene.

## 4.3 BASIESE BEGINSELS VAN VERKENNING

Daar is reeds in die voorgaande daarop gewys dat verkenning binne die praktyk van skoolvoorligting 'n pedagogies verantwoordbare aangeleentheid behoort te wees. Wat hier aangebied word, is 'n paar basiese beginsels waarmee die praktyk van verkenning deeglik rekening sal moet hou as enigermate op verantwoordbaarheid aanspraak gemaak wil word.

(a) Skoolvoorligting is 'n suiwer opvoedingsaangeleentheid. Skoolvoorligting moet, as dit op verantwoordbaarheid aanspraak wil maak, die saak van die opvoeding op 'n onverduisterde wyse dien. 'n Skoolvoorligtingsituasie, of dit inligtend, verkennend of beraadslagend is, moet 'n bepaalde strukturele voorkoms hê, alvorens dit as 'n opvoedingsituasie kwalifiseer. Die struktuur van die verkenningsituasie lê daarin dat die betrokkenheid van die volwassene en leerling (kind) in dié situasie sal moet blyke gee van 'n vertrouens-, 'n ken- (begrypings-) en 'n gesagsverhouding. Voorts sal in dié situasie 'n bepaalde verloop gestalte moet kry namate bepaalde opvoedingsbedrywighede beoefen word. Dit lei uiteindelik tot die verwesenliking van die opvoedingsdoel, naamlik volwassenheid.

(b) Verkenning word altyd gerig op die totale situasie van die kind. Die versoeking is groot om in simptoom-diagnose verstrik te raak sodat 'n geheel oorsaaklike diagnose waarin die kind as totaliteit sentraal staan, nie tot sy reg kan kom nie.

Die belewing deur die kind van sy probleem en nie die probleem as sodanig nie, maak die sin van verkenning uit. Die verkenningsituasie stuur dus af op opvoedingshulp. Die skoolvoorligter betrek 'n kind in 'n verkenningsituasie nie net om sy begaafdhede en beperkinge te leer ken nie, maar om die kind te help om sy eie moontlikhede te begryp, te interpreteer en te verwerklik.

(c) As die skoolvoorligter 'n kind opvoedingshulp wil gee, moet hy eers die kind in sy oorspronklike wêreldbetrokkenheid begryp. Dit is 'n oorspronklike begryping omdat dit gaan om die beluistering en interpretasie van die oorspronklike dialoog wat 'n kind van meet af aan met sy wêreld voer. 'n Kind is van geboorte af in 'n bepaalde gesinsituasie onder bepaalde omstandighede, hy word groot in 'n bepaalde gemeenskap en hy besoek 'n bepaalde skool of skole - almal sake waarmee hy in 'n meerdere of mindere mate vertroud raak. Aan elk van hierdie sake gee hy 'n besondere betekenis. Hierdie betekenisgewing is medebepalend vir die kwaliteit van die verhoudinge wat hy met die wêreld (mense, dinge) om hom stig, en dit word sy uiteindelike leefwêreld. Elke saak of gebeurtenis wat binne sy leefwêreld afspeel, het vir hom 'n sekere betekenis. Hierdie leefwêreld kring algaande verder uit namate die aard en omvang van die tweegesprek en verhoudinge wat hy stig in diepte toeneem, maar dit is altyd vanuit die reeds bekende dat verdere sin- en betekenisgewing plaasvind. Wil die skoolvoorligter die kind in sy wese begryp, sal hy sy verkenning op hierdie oorspronklike dialoog moet rig, ook soos dit van tyd tot tyd verander en verdiep. Anders gestel, die verhoudinge met die dinge of mense soos die kind dit self in aansyn roep, moet deur middel van verkenning ondersoek en geïnterpreteer word.

(d) Die sin van verkenning is verder daarin geleë dat dit die pedagogies bereikte in verhouding tot die pedagogies bereikbare wil evalueer. Dit gebeur dikwels dat daar tussen dit wat reeds bereik is en dit wat bereik behoort te wees, 'n baie definitiewe gaping bestaan. Die kwaliteit van die verhouding of tweegesprek tussen 'n leerling en sy wêreld gee baie duidelike blyke van die mate waarin sy opvoeding reeds geslaag het of nie geslaag het nie.

Dit het hieruit hopelik duidelik geword dat pedagogies verantwoordbare verkenning veel meer insluit as net die inskakeling van 'n reeks toetse en die interpretasie van die resultate daarvan. Pedagogiese verkenning wil in die wydste sin van die woord die kind ken soos hy is om hom dan daarvandaan verder te ondersteun. 'n Kind soos hy is, is 'n kind-in-opvoeding wat onderweg is na volwassenheid, maar die weg ken hy nie en die wêreld van die volwassene begryp hy nie. Die bewering sou dus gemaak kon word dat die opvoeding van die kind in die skool (as verlengstuk van die gesin) baie moeilik gerealiseer kan word sonder pedagogies verantwoordbare verkenning.

## 4.4 DIE VERKENNINGSPROGRAM

### 4.4.1 Uitkenning

Wanneer die skoolvoorligter hom aan die praktyk van verkenning begin waag, moet hy deeglik rekening hou met die feit dat hy besig is met die opvoeding van kinders, maar

in besonder met hulpverlening ten aansien van onderwys- en beroepskeuse-aangeleenthede in die lig van 'n kind se persoonstruktuur. Onderwys- en beroepskeuse-verkenning en persoonstruktuurverkenning sal altyd moet geskied in die lig van die opvoeding van 'n kind. Uitgaande hiervan beteken dit dat elke kind in die verkenningsituasie raakgesien moet word as iemand

- wat vir sy opvoeding op ouers of voogde aangewys is en met wie hy in bepaalde opvoedingsituasies staan;
- wat medemenslike verhoudinge van watter aard ook al aanknoop en daarom in sosiale situasies verwikkel is;
- wat besig is om toenemend volwassenheid te verower en telkens 'n bepaalde niveau van wording (ontwikkelingspeil) bereik;
- wat in die klaskamer onderrig ontvang en daarom in 'n reeks didaktiese situasies gekonfronteer word met 'n leeropdrag;
- wat op sy eie bepaalde wyse sin en betekenis aan dinge en mense toeken en daarom binne 'n bepaalde leefhorison of leefwêreld as betekeniswêreld (wêreld van seker= heid waaraan die leerling sy eie sin en betekenis reeds toegeken het) beweeg;
- met 'n eie ervaringswêreld waarin hy sy wil op sy eie unieke wyse tot uitdrukking bring; en
- wat besig is om hom voor te berei vir 'n onderwys- en beroepskeuse wat met die verloop van tyd meer diepte en kwaliteit verkry, in dié sin dat die keuses meer verantwoordelik en verantwoordbaar word.

Die ervaring het geleer dat die opvoeding nie altyd by alle kinders ewe geslaagd is nie. In elk van die tipes situasies soos in die voorgaande paragraaf genoem, kan die opvoeding problematies wees omdat die leerling se moontlikhede deur opvoeding nie optimaal verwesenlik is nie. Wanneer dit die geval is, word daar gepraat van pedagogiese verwaarlosing en nou val dit by uitstek die skoolvoorligter ten laste om hierdie tendens uit te ken. Vir die doel van uitkenning sal hy van veral die volgende sake deeglik rekenskap moet kan gee:

- Word die opvoeding van elke kind gerealiseer ten aansien van onder andere -

(i) die vertrouensverhouding
(ii) die begrypingsverhouding (kenverhouding)
(iii) die gesagsverhouding
(iv) die opvoedingsbedrywighede
(v) die onderrig
(vi) die psigiese lewe van die kind
(vii) die sosiale wording van die kind
(viii) die liggaamlike wording en
(ix) die normatiewe wording?

- Indien die opvoeding van 'n kind misluk ten aansien van bogenoemde sake, in welke mate wreek dit hom in -

(i) sy affektiewe of gevoelsmatige lewe

(ii) sy kognitiewe of verstandelike lewe, en

(iii) sy normatiewe lewe?

- Hoe moet daar nou verder met hierdie kind gehandel word?

Vir sover die skoolvoorligter rekenskap kan gee van hierdie drie sake, het hy blyke gegee van 'n verantwoordbare aanloop tot sy verdere verkenning en hulpverlening. Dit volg eintlik logies dat 'n kind eers na behore uitgeken is nadat die verkenning volledig afgehandel is, maar die opgeleide skoolvoorligter behoort op grond van sy kennis en sy ervaring tot 'n groot mate in staat te wees om gou vas te stel in welke mate 'n opvoedingstekort hom in òf die affektiewe òf die kognitiewe toon, al sou hy nie op die oog af die oorsaak daarvan kan identifiseer nie.

Van besondere belang vir voorligting ten aansien van onderwys- (vak-, kursus- of skoolkeuse) en beroepskeuses is die verkenning van sekere aspekte van die persoonstruk=tuur wat afsonderlik en gesamentlik vir die uiteindelike keuses besondere implikasies inhou. Dit is veral hierdie sake waarmee die skoolvoorligter met die oog op latere inligtings- en raadgewings-, beraadslagings- en moontlik selfs terapeutiese gesprekke deeglik rekening sal moet hou. Elke kind sal geken moet word na dié mate waarin hierdie momente meer of minder prominent is. Daar word slegs op enkele van hierdie aspekte gewys, maar dit sal eers later in hierdie hoofstuk vollediger in behandeling geneem word. Hierdie aspekte is onder andere -

(1) liggaamlike moontlikheid,

(2) verstandsmoontlikheid,

(3) sosiale moontlikheid,

(4) belangstelling en aanleg, en

(5) verantwoordelikheid.

Hoewel die skoolvoorligter 'n kind sal begryp ten aansien van hierdie persoonsmoontlik=hede eers na afloop van 'n deeglike verkenningsprogram, moet hy hom van meet af aan daarop toespits om die kinders te leer ken namate hierdie potensialiteite tot ont=plooiing gebring word.

Tot dusver is daarop gewys dat uitkenning nie net betrekking het op problematiese opvoedingsituasies nie, maar ook op die uitkenning van elke ander kind as besondere unieke persoon. Hierdie besondere unieke gesteldheid van elke kind stel egter 'n baie wye spektrum van wordingstendense (ontwikkelingspeile) aan die orde sodat daar vir sover dit skoolgaande kinders betref, 'n poging aangewend sal word om sekere van die mees algemene tendense uit te wys wat vir die skoolvoorligter as 'n nuttige handleiding behoort te dien aan die hand waarvan sy uitkenning van kinders, veral ten aansien van die problematiese, vergemaklik kan word.

Dit sou baie moeilik en in 'n sekere sin ook onverantwoordbaar wees om skoolkinders sonder meer in groepe of fases in te deel en aan elke fase 'n definitiewe reeks eien=skappe toe te skryf waarna die skoolvoorligter moet oplet om die kind na sy wordingstand of ontwikkelingspeil te beoordeel. Daar is vandag 'n groot verskeiden=heid literatuur in dié verband beskikbaar, veral van Amerikaanse oorsprong,[1)2)] maar ook hier te lande is daar al aandag aan dié kwessie gegee.[3)] Hoewel dit gestel is dat kinders nie sonder meer in "fases" ingedeel kan word nie, kan die onderskeiding in groepe (leeftydperiodes) tog in 'n mate geregverdig word, veral op grond van wordingspsigologiese tendense wat die kinders in die onderskeie groepe openbaar. Wat hier aangebied word, is 'n tentatiewe indeling van kinders in groepe wat hulleself psigopedagogies gesien eintlik bymekaar skaar en waarin sekere wordingstendense (ontwikkelingstendense) dan aangetoon sal word waarna die skoolvoorligter in besonder kan oplet. Daar moet egter baie streng gewaarsku word om nie sonder meer enige tendens te veralgemeen nie.

a. Pre-primêre skool

In die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika is pre-primêre onderwys nie ver=pligtend nie, aangesien skoolplig op sesjarige ouderdom vasgestel is. Die oorvol pre-primêre skole en die toenemende aanvraag na nuwe pre-primêre skole is egter genoegsame bewys daarvan dat ouers die belangrikheid en in baie gevalle ook die noodsaaklikheid daarvan terdeë besef. Pre-primêre onderwys vorm in baie opsigte die wegbereider tot primêre onderwys omdat die kleuter voor skooltoetrede sekere fisieke vaardighede soos onder andere vormwaarneming, oog-hand-koördinasie, fyn motoriek, kleuronderskeidings en sekere basiese liggaamskennis in die pre-primêre skool verwerf wat vir die leeropdragte in die eerste aanvangsklas van die primêre skool van funda=mentele belang is. Die gevoelsmatige of affektiewe gesteldheid van 'n kleuter wat onder andere weerspieël word in die tipe kinderspel waarmee hy hom besig hou, die mate van veiligheid wat hy beleef, die vertroue wat hy in sy opvoeders het en die

---

1) Peters, H.J. & Hansen, J.C. Vocational Guidance and Career Development. MacMillan Co., New York 1966.

2) Super, D.E. Appraising vocational Fitness by means of Psychological Tests. Harper and Brothers, New York 1949.
Bühler, C. From Birth to Maturity. Kegan Paul, French and Trubner & Co. Ltd., London 1935.
Ausubel, D.P. Theory & Problems of Adolescent Development. Grune & Stratton, New York 1954.

3) Sonnekus, M.C.H. Die leerwêreld van die kind as beleweniswêreld. Universiteits=uitgewers en -Boekhandelaars (Edms.) Bpk., Stellenbosch 1968 en
Nel, B.F. Fundamentele oriëntering in die Psigologiese Pedagogiek. Universiteitsuitgewers en -Boekhandelaars (Edms.) Bpk., Stellenbosch 1968.

mate waarin hy gesag kan aanvaar, vind dikwels in groot mate ook sy beslag in die kleuterskool. Al die genoemde faktore speel afsonderlik en gesamentlik 'n belangrike rol by die evaluering van 'n kind ten aansien van skoolgereedheid. Daar kan dus seker weinig twyfel oor bestaan dat die pre-primêre skool as voorstadium tot die primêre skool 'n baie belangrike aanknopingspunt is vir die werksaamhede van die skoolvoorligter.

Die gedagte is nie dat die skoolvoorligtingspraktyk na die pre-primêre skool uitgebrei moet word nie, maar dat die pre-primêre skool as 'n belangrike inligtingsbron vir die doel van skoolvoorligting kan dien. Voordat dit moontlik is, sal pre-primêre skole hulle opset egter so moet inrig dat daar noukeurig van elke kind in die pre-primêre skool verslag gedoen kan word ten aansien van al die sake waarna reeds verwys is. Hierdie verslag behoort die kind na die primêre skool te vergesel, sodat die beamptes van die departementele skoolvoorligtingsdiens reeds met die toetrede van 'n leerling tot die primêre skool 'n beeld van so 'n kind kan hê. So 'n verslag impliseer dat daar in die pre-primêre skool reeds 'n evalueringsprogram ingeskakel moet word wat dan as eerste maatstaf vir die evaluering van skoolgereedheid gebruik behoort te word. Die vraag is egter wat so 'n evalueringsprogram behels, en watter inhoud behoort daaraan toegeken te word. Indien so 'n verslag 'n aanknopingspunt vir skoolvoorligting op primêre skoolvlak gaan wees, veral met die oog op die bepa= ling van skoolgereedheid en ook later verdere skoolvoorligting, behoort dit te bestaan uit -

- 'n toelatingsvorm wat by geleentheid van die eerste onderhoud met die kleuter se ouers deur die skoolhoof ingevul moet word, asook
- 'n evalueringsverslag wat bygehou moet word om rekenskap te kan gee van die kleuter se totale ontplooiing.

Op die toelatingsvorm behoort voorsiening gemaak te word vir die volgende besonderhede omtrent die kleuter en sy gesinsagtergrond.

(1) <u>Gesinsgeskiedenis en huislike agtergrond</u>

Besonderhede omtrent die gesinsgeskiedenis behels die huistaal wat gebesig word, die kerkverband, die vader en moeder se beroepe, die grootte van die gesin, die aard van die verhouding tussen die kind en sy ouers, die tipe huisvesting van die gesin en enige ander relevante inligting wat die gesinsomstandighede enigermate verduidelik of toelig.

(2) <u>Die ontwikkelingsgeskiedenis van die kleuter</u>

Sake van belang is die geboorte (normale geboorte, instrumentbaba, fisiese toestand van moeder, siektes wat moeder tydens swangerskap gehad het, traumatiese ervaringe van die moeder gedurende swangerskap en die voorkeur van wat die ouers ten opsigte van die geslag van die baba gehad het), voeding van die baba (bors- of bottelvoeding) slaapgewoontes van die baba, motoriese ontwikkeling van die baba (ouderdom waarop hy begin sit, kruip en loop het), taalontwikkeling en spraakprobleme.

(3) Die fisiese en gesondheidstoestand van die kind

Dit is belangrik om te weet of daar enige liggaamlike gebreke is, of die sintuie normaal is, welke siektes die kind reeds gehad het, welke mate van sindelikheid die kind reeds aangeleer het, asook of daar enige fisiese abnormaliteite soos spraak=gebreke, lompheid en swak motoriek aanwesig is.

(4) Algemene besonderhede

Algemene besonderhede wat van belang is, is die kind se speelgewoontes, sy sosiale omgang met ander, die gevoelslewe van die kind, sy gesagsaanvaarding, enige vrese wat hy het, enige besonder eienaardige gewoontes en besondere vaardighede wat die kind reeds bemeester het, soos tel, teken en skryf.

Die evalueringsverslag hieroor moet suiwer op waarneming berus. Vir die doel van sodanige evaluering kan verskillende kategorieë van die kleuter se ontwikkeling uit=gesonder word aan die hand waarvan die totale persoonswording of ontwikkeling van die kleuter geëvalueer kan word. Die kategorieë of stadia van ontwikkeling van die kleuter wat in die evalueringsverslag opgeneem behoort te word, is die volgende:

(i) Liggaamlike ontwikkeling

Vir sover dit die liggaamlike ontwikkeling van die kleuter betref, blyk dat hy spoedig sekere roetines soos eetgewoontes, slaapgewoontes, aantrek-, was- en toilet=gewoontes aanleer. Hiermee saam val spierkoördinasies en motoriese bewegings wat vir bogenoemde roetinehandelinge belangrik is. Na al hierdie aktiwiteite van die kleuter sal die pre-primêre skoolonderwyseres baie noukeurig moet oplet alvorens sy 'n evaluering van die liggaamlike ontwikkeling van die kleuter kan maak.

(ii) Gevoelsontplooiing (affektiewe ontplooiing)

Die gevoelsontplooiing van die kleuter is uiters belangrik omdat dit die basis vorm vir sy verdere verstandelike ontplooiing. Dit is dus belangrik om te evalueer of die kleuter homself veilig en geborge by sy ouerhuis en in die kleuterskool voel, of hy uitermate buierig en aggressief is, of hy sy emosies kan beheer en welke mate van bestendigheid (stabiliteit) daar reeds ten aansien van die gevoelslewe (affektiewe lewe) ingetree het.

(iii) Sosiale ontplooiing

'n Baie goeie maatstaf vir die evaluering van 'n kleuter se gevoels- of affektiewe lewe is om sy verhouding met sy maats, ouers en ander persone te evalueer. Die kleuter wat afwysend ten aansien van sy medemens staan, gee blyke van ontoereikende opvoeding.

(iv) Verstandsontplooiing

Die verstandsontplooiing van die kleuter is eweneens belangrik omdat hy hom toenemend gereed moet maak vir die formele leeropgawes van die primêre skool. Dit is dus nodig dat daar 'n evaluering gemaak sal word van die taalontwikkeling, die mate van intellektuele weetgierigheid wat die kleuter openbaar, sy verbeelding, sy visuele persepsie en die mate waarin hy daarin kan slaag om probleme op te los.

(v) Aktiwiteite in die Pre-primêre skool

Die opvoedingsprogram in die pre-primêre skool bestaan nie uit formele opdragte nie, maar merendeels uit 'n aantal vrye aktiwiteite waaraan die kleuters vrywillig kan meedoen. Die mate waarin die kleuter hieraan deelneem, is belangrik omdat dit 'n aanduiding is van die mate waarin hy veiligheid beleef, van sy bereidheid tot eksplo= rasie en van die mate waarin hy met ander medemenslike verhoudinge aanknoop. Aktiwi= teite in die pre-primêre skool waarna opgelet behoort te word, is die tipe spel wat hul= le speel, die mate waarin hulle in stories geïnteresseerd is, die tipe stories waarna hulle graag luister, die belangstelling in musiek, die natuur en skeppende aktiwi= teite.

Deur middel van die inligting op die toelatings- en evalueringsvorms kan soveel as moontlik van 'n kleuter se verlede, sy gesinsagtergrond en sy persoonsmoontlikhede bekom word wat vir die departementele skoolvoorligter/skoolvoorligter later van die grootste belang kan wees.

b. Die primêre skool

Die primêre skool is in 'n junior primêre skoolfase (Graad 1/Sub. st. A tot standerd 1) en 'n senior primêre skoolfase (standerd 2 tot standerd 4) ingedeel, wat onder= skeidelik vir die junior en senior groep primêre skoolleerlinge se onderwys voorsiening maak.

1. Leerlinge in die junior primêre skoolfase

Hierdie groep leerlinge, veral die skoolbeginners, staan nog grootliks in 'n affektief- of gevoelsbelaaide wêreld. Mense en dinge word grotendeels gevoelsmatig beleef en die kind kondig hom deurentyd aan as spelende. Dit is dan ook te begrype dat die klaskamer met die "leermateriaal" wat daarin teenwoordig is, (onder andere swartbord, skryfmateriaal en skoolbanke) vir die kind tot 'n groot mate spelmateriaal verteen= woordig. Die formele klaskamersituasie is vreemd en enige kennismaking met hierdie geformaliseerde wêreld van tyd en ruimte word deur die skoolbeginner onmiddellik teruggelei tot sy wêreld van die gevoelsmatige. Die skool moet die kind stelselmatig inlei in onder andere die formele wêreld van sistematiek, orde, saaklikheid en objektiwiteit. Dit is goed te begrype dat hierdie aanvangsjare 'n moeilike opgaaf aan sowel die kind as die onderwyser(es) stel en as 'n kind nie daarvoor gereed is nie, word hy 'n defnitiewe opgaaf vir die departementele skoolvoorligtingsdiens.

Dit is belangrik om daarop te wys dat die kind in die junior primêre skoolfase hom algaande en in steeds toenemender mate aan die formele sal moet waag. Die voorwaarde daarvoor is dat die aanvanklike gevoelsmatige belewing van dinge 'n stabili= teit sal moet verkry om as vastrapplek te dien vanwaar die oorgang na die formele of verstandelik-objektiewe bekyking van sy wêreld gemaak kan word. Die departementele skoolvoorligtingsbeampte/voorligter sal veral die skoolbeginner, maar ook die ander leerlinge in hierdie skoolfase moet ken, voordat hy in staat sal wees om ongerymdhede uit te ken. Die uitkenning van kinders wat nie skoolgereed is nie, of probleme van enige ander aard openbaar, kan aansienlik vergemaklik word as die volgende sake in

gedagte gehou word:

(a) Die mate van stabiliteit wat die affektiewe lewe van die kind met skooltoetrede bereik het, kan as 'n nuttige maatstaf vir die evaluering van skoolgereedheid[1] gesien word. 'n Oormatige labiele effek is 'n duidelike vingerwysing na ontoereikende opvoedingsverwerkliking. 'n Onsekere of labiele gevoelslewe openbaar hom in 'n kind wat onder andere -

(i) hom nie aan die leeropdrag, hoe elementêr ook al, wil waag nie;
(ii) nie aktief aan die klaskamergebeure wil deelneem nie;
(iii) nie aan kinderspel kan of wil deelneem nie (met skooltoetrede behoort 'n kind wat skoolgereed is, reeds op konstruktiewe en illusiewe niveau te kan speel, dit wil sê 'n spel waarin daar van 'n bepaalde tema en bepaalde inhoud sprake is);
(iv) herhaaldelik bed natmaak;
(v) geen vordering op skool toon nie;
(vi) fisies verwaarloos voorkom;
(vii) nie in sy moedertaal behoorlik kan kommunikeer nie, dit wil sê die taalontwikkeling en -beheersing nie bevredigend is nie,
(viii) geen positiewe of baie swak verhoudinge met sy maats en die onderwyser(es) aanknoop;
(ix) oormatig aggressief en/of depressief voorkom;
(x) baie onsindelik voorkom;
(xi) ernstige motoriese of liggaamlike uitvalle vertoon wat moontlik kan dui op onder andere minimale breindisfunksie, epilepsie, sydigheidsverwarring en organiese gestremdhede.

(b) Hoewel kinders in die junior primêre skoolfase hulle wêreld grotendeels affektief of gevoelsmatig beleef, kom daar algaande en in toenemende mate ook verstands- of kognitiewe momente na vore waarsonder die leeropdrag eintlik nie aan te pak is nie. Die mate waarin 'n leerling gereed is om hierdie kognitiewe momente te verwerklik by skooltoetrede, kan deur middel van 'n skoolgereedheidsondersoek vasgestel word.[2] Dit word in die reël van 'n meer intelligente kind verwag om sekere basiese vaardighede soos leer lees, leer skryf en leer reken relatief gou te bemeester. Die probleem is egter dat die intelligente kind net soos enige ander kind ook gevoelsmatig so onstabiel kan raak dat hy nie sy kognitiewe potensialiteite na behore kan ontplooi nie, en dikwels as 'n dom of lui leerling bestempel word. Die departementele skoolvoorligtingsbeampte sal daarop bedag moet wees om hier 'n baie fyn waarneming te maak. 'n Skielike daling in skoolprestasies in hierdie vroeë jare dui gewoonlik op gevoelsmatige terugvalle waardeur die kognitiewe wording uit die aard van die saak vertraag word. Vroeg=

---

1) Vgl. ook in dié verband: 'n Oorsig oor die vraagstuk van skoolrypheid. F.J. Potgieter. Opvoedkundige studies nr. 36, Universiteit van Pretoria.

2) RGN Voorligtingsreeks, VR-2 Handleiding vir die gebruik van sielkundige en skolastiese toetse as hulpmiddels by skoolvoorligting. (Ter perse.)

tydige uitkenning het dus benewens terapeutiese ook voorkomende waarde.

2. Leerlinge in die senior primêre skoolfase

Leerlinge (kinders) in die senior primêre skoolfase behoort nou reeds 'n deurbraak na die kognitiewe of verstandelike te gemaak het. Die klaskamersituasie is nou baie meer formeel as in die aanvangsklasse en die kind met 'n veilige gevoelsmatige basis behoort nou meer ekspansief-kreatief tot sy wêreld toe te tree. Hy het 'n meer realistiese in=stelling en wil sy wêreld verstandelik verken, dit wil sê onder andere denkend, verge=lykend, redenerend en memoriserend[1]. Veral seuns, maar ook meisies, gaan nou heelte=mal in hulle wêreld op en is nie so intens bewus van hulle eie liggaam nie. Vandaar dat dit nie vreemd is nie om veral seuns in hierdie leeftydsperiode in hierdie skoolfase as onnet, slordig en selfs traak-my-nie-agtig te bestempel. Die gevaar bestaan natuur=lik dat leerlinge op hierdie stadium hulle wêreld sodanig wil beheers, byvoorbeeld deur stoei, en liggaamlike spel soos voetbal en liggaamlike avonture dat hulle daardeur minder kognitief op die leeropdrag gerig is. Die seun beleef byvoorbeeld sy liggaamlike besigwees sodanig dat die aandag van die verstandelike afgelei word.

Die vraag vir die departementele skoolvoorligtingsbeampte/voorligter is of die kind in hierdie groep altyd daarin kan slaag om die oorgang van die gevoelsmatige na die verstandelike te maak. Kinders wat nie daarin slaag nie, begin die leeropdrag afwys sodra die moeilikheidsgraad daarvan verstandelike inspanning begin vereis. Skool=prestasies daal oor die algemeen, maar daar vind veral 'n verswakking in die taalkon=stituering op abstrakte niveau plaas, terwyl die abstrakte rekenprobleme soos die "taalsomme"[2] 'n groot opgawe word. Insig in die suiwer rasionele rekenkundige konstruk=sies word moeilik bewerkstellig omdat die denke nou nie meer primêr op die saak-logiese nie, maar op die gevoelsmatige of affektiewe ingestel is.

c. Die sekondêre skool

Leerlinge aan die sekondêre skool laat hulle nie maklik in groepe indeel nie, omdat die leerlinge van die sekondêre skool hulle in besonder laat ken deur die puberteitsperiode of -leeftyd en adolessensieleeftyd wat hulle deurloop. Die seun in standerd ses (±13-14 jaar) en soms nog in standerd sewe bevind hom dikwels nog in die laat-puerale periode (leerlinge in die junior sekondêre skoolfase) aangesien puberteit by seuns op ongeveer veertien jaar intree. Die seun in standerd nege en tien bevind hom dikwels op die drempel van adolessensie. Meisies in die junior sekondêre skoolfase is egter deurgaans reeds in die puberteit met 'n gemiddelde intree-ouderdom van dertien jaar. Die seun en meisie in standerds ses en sewe bevind hulle dus nie op dieselfde wordingsniveau nie, terwyl die verskille in standerds agt tot tien minder opvallend word wanneer hulle in die adolessente leeftyd verkeer.

---

1) Die verskillende leerwyses is reeds deur prof. M.C.H. Sonnekus in sy werk Die leerwêreld van die kind as beleweniswêreld aan die orde gestel en dit is later deur andere verder uitgewerk waaronder G.V. Ferreira, A. van der Merwe, P.A. van Niekerk en J.W.M. Pretorius.

2) "Taalsomme" is by uitstek 'n kognitiewe (verstandelike) opgawe omdat 'n rekenkundige probleem wat aanvanklik verbaal geformuleer is, eers in 'n rekensisteem ingedink moet word voordat die verdere bewerking gedoen kan word.

Wanneer die kind puberteit bereik, tree daar 'n merkwaardige verandering in. Hy kom naamlik te staan voor 'n ontdekking van sy nuwe veranderde liggaam en hy word opnuut daarop teruggegooi en wel in so 'n mate dat hy dikwels op 'n sterk gevoelsmatige wyse daarin vasgevang sit. By die dogter tree daar tydens puberteit benewens 'n fisiese ryping ook 'n psigies-geestelike pubertering in waaronder verstaan word 'n erotiese (verliefde) bewondering vir die teenoorgestelde geslag. Net soos by die seun, word die dogter teruggewerp op haar liggaamlikheid maar sy sit ook nog met 'n verdere probleem, naamlik die aanvaarding van haarself as vroulikheid.

Wat besonder merkwaardig is by die puberteitskind is dat hy/sy hom/haar meer as ooit tevore liggaamlik baie sterk beleef onder die blik van veral die teenoorgestelde geslag. Die seun beleef sy seksueel-erotiese verhouding tot die meisie in besonder by wyse van fantasievlugte of voorstellinge waarin die realiteit gewoonlik verlaat word en dit kan baie maklik stremmend inwerk op sy/haar gerigtheid op die leeropdrag. Die dogter daarenteen visualiseer in haar verbeelding slegs die mooie, die skone, die verhewene en raak ook dikwels in hierdie verbeeldingsvlugte geheel en al van die realiteit los.

Dit dien verder vermeld te word dat die toekomsgerigtheid van die sekondêre skool= leerlinge veral in standerds nege en tien sterk reëel gekleurd is, want hulle wag die beroepstoekoms met opwinding, maar ook dikwels met vrees in. Van die belangrikste keu= ses, sowel ten opsigte van 'n skoolloopbaan as 'n beroepsloopbaan, word in hierdie tyd gemaak en dit is goed te begrype dat die kind wat in puberteit vasgevang is, hierdie opgawes uiters problematies beleef. Dit verbaas dus hoegenaamd nie dat baie kinders op hierdie stadium 'n onderwys- en beroepskeuse doen wat sterk subjektief en gevoelsmatig gekleurd is nie. Dit is dan ook hier dat die skoolvoorligter 'n belang= rike bydrae te lewer het. Nie alleen moet hy 'n wakende oog hou oor die ontluiking van die kind nie, maar hom ook intensief begelei om die wêreld van die volwassene met verantwoordelikheid tegemoet te tree. Die kind met probleme in die skoolsituasie wat kan varieer van suiwer gevoelsmatige blokkeringe tot didaktiese ontsporinge en probleme ten aansien van onderwys- en beroepskeuses, vra 'n simpatieke luisteraar en hulpverlener wat hy kwalik elders so duidelik verpersoonlik sal kry as in die persoon van die skoolvoorligter. Die kind wat so gevoelsmatig oorweldig word dat hy op daardie niveau stagneer, moet deur die volwassene losgeruk word. Daarom dat baie kinders wat in standerds nege en tien geen tentatiewe keuses wil waag nie en op die oog af belangeloos[1)] voorkom, deur die skoolvoorligter gesteun moet word om hulle te rig op die pad wat elke kind eenvoudig moet loop.

Hieruit behoort dit duidelik te wees dat die skoolvoorligter aan 'n sekondêre skool 'n besondere opgaaf het, wat hy nie kan bemeester as hy nie die kind in sy wese begryp nie.

---

1) Vgl. in dié verband ook Die problematiek van skoolverlating deur W.J. Louw, W.J. Smit, G.V. Ferreira en T.R. Botha en Die belewenisswêreld van die stokkies= draaier deur P.A. van Niekerk. Pedagogiekstudies nr. 64, Universiteit van Pretoria.

4.4.2 Historisiteitsverkenning

Dit is nie die bedoeling om die problematiek van historisiteit hier volledig te be= handel nie, maar slegs om die betekenis daarvan saaklik weer te gee met die oog op skoolvoorligting.

Historisiteit beteken kortweg die geskiedenis van 'n mens se verhoudinge met sy wêreld. Van die wieg tot by die graf staan 'n mens in 'n reële wêreld waartydens hy dinge laat gebeur of dinge met hom gebeur. Geen saak, geen gebeure, geen insident of geen objek wat op 'n mens se lewenspad kom, ontsnap die aandag alvorens daar nie op een of ander wyse sin en betekenis aan toegeken of gegee is nie, of 'n bepaalde verhouding nie in aansyn geroep of daarmee gestig is nie. Anders gestel, 'n mens en des te meer 'n kind, word groot of bereik volwassenheid met verloop van tyd, en hy is slegs dit wat hy geword het. 'n Mens leef immers in die hede maar sy geskiedenis het dit voorafgegaan, terwyl sy toekoms nog voor lê. Dit wat in die hede gedoen word, het 'n voorgeskiedenis en 'n verloop, maar dit is terselfdertyd 'n vooruitgryp na die toekoms. Wanneer historisiteit in die lig hiervan as 'n verkenningsaspek gesien word, beteken dit een= voudig dat 'n kind se historisiteit 'n grondige begryping van hom is soos hy werklik in die verlede geword het tot dit wat hy in die hede is met al die verwagtinge wat hy van sy toekoms het.

'n Kind wat tot die skool toetree, het reeds 'n lang geskiedenis agter hom. Die ouerhuis waarin hy opgevoed is, het die basis gelê waarop die skool as verlengstuk van die gesin moet voortbou. Van sy ouers het die kind geleer om sekere vaardighede te be= meester, hy het sy taal daar geleer, sy gevoelslewe het hier sy beslag gevind en sy wêreld het al wyer uitgekring namate hy daarmee vertroud geraak en betekenisse daaraan toegeken het. Die sin en betekenis wat dinge vir hom het, het hy deur sy opvoeding gekry. Daarom dat geen twee kinders presies dieselfde sin en betekenis aan hulle wêrelde gee nie. Die skool soek aansluiting by die voorskoolse opvoeding om die kind dan gaandeweg verder in te lei in die formele wêreld van tyd en sistematiek, dit wil sê in 'n wêreld waarin daar op formele wyse orde, dissipline, tydreëlings en ander regulasies geldig is. Om behoorlik te begryp waarom 'n kind handel soos hy handel, is dit belangrik dat die geskiedenis daaragter eers begryp moet word. Dit sal as 'n beligtende horison 'n betekenisvolle bydrae lewer tot die begryping van die toekomsverwagtinge van 'n kind. Om derhalwe 'n toetrede te maak tot die leefwêreld van 'n kind is dit nodig om sy totale opvoedingsverlede waarby noodwendig ook sy leerverlede (leerhistorisiteit) ingesluit is in oënskou te neem, die verhoudinge wat hy in die verlede gestig en beleef het, medebepalend is vir die hede en heenwys na die toekoms.

Om 'n historisiteitsbeeld[1)] van 'n kind saam te stel, beteken om 'n totaaloorsig van sy opvoedingsverlede (dit sluit die geskiedenis van sy wêreldverhoudinge in) te verkry. Dit is 'n omvattende en uitgebreide saak wat eintlik nie anders aangepak kan word as

1) Vgl. ook: Die betekenis van die anamnese in die Pedodiagnostisering van kinders. J.G.H. de Necker, Pedagogiekstudies nr. 51 U.P.

deur middel van 'n gesprek met die ouers/voogde van 'n kind nie, en dan nog aangevul word deur gesprekke met onderwysers of ander volwassenes wat regstreeks of onregstreeks met die kind gemoeid is. 'n Gesprek met die kind self het ook sin vir sover dit nie ontaard in 'n joernalistieke bevraging nie, maar hom binne die grense van die pedagogiese hou, dit wil sê dat die gespreksituasie nie die grense van 'n opvoeding=situasie oorskry nie. Daar kan dus 'n onderskeid gemaak word tussen twee vorme van die historisiteitsgesprek, te wete 'n hetero-historisiteitsgesprek, en 'n outo-historisiteitsgesprek. Die hetero-historisiteitsgesprek word met ouers, onderwysers of ander belanghebbendes gevoer terwyl 'n outo-historisiteitsgesprek met die kind/leerling self gevoer word.

a. Die hetero-historisiteitsgesprek

In die hetero-historisiteitsgesprek gaan dit om 'n sistematiese en doelgerigte ver=kenning van 'n kind se totale opvoedingsverlede. Dit sal noodwendig 'n soeke wees na bepaalde wordingsmomente soos hulle in die loop van die tyd verwerklik is of nie verwerklik is nie. Hierdie momente kan basies onderskei word as -

(1) die affektiewe of gevoelsmatige wordingsmomente,
(2) die kognitiewe of verstandelike wordingsmomente,
(3) die normatiewe wordingsmomente,
(4) die fisiese wordingsmomente, en
(5) die taalverwerwingsmoment.

Al hierdie opvoedingsmomente is dwarsdeur die opvoedingsverloop van 'n kind minder of meer opvallend en juis daarom sal daar 'n grondige deurskouing gemaak moet word van die aard van die primêre opvoedingsituasie, dit wil sê 'n ontleding van die gesin=struktuur, die aard van die gesinsverhoudinge, die mate van humanisering (dit wil sê die mate waarin die norme vir sindelikheid, ordelikheid, redelikheid en die estetiese reeds gehoorsaam word) wat die kind op bepaalde stadiums in sy lewe bereik het, asook van die aard van affektiewe, kognitiewe en normatiewe wording. Aangesien 'n kind egter ook 'n groot deel van sy opvoeding in die skool ontvang, sal die skoolsituasie as opvoedingsituasie met besondere verwysing na die leerverlede van 'n kind onder die soeklig geplaas moet word. In dié verband is dit veral belangrik om die gesprek te laat handel oor sake soos skoolgereedheid, skoolvordering, onderwyser-kindverhouding, kind-leerstofverhouding en ouer-skoolverhouding.

Ten einde aan die hetero-historisiteitsgesprek enigermate sisteem en derhalwe ook deeglikheid te verleen, word die volgende riglyne aangebied aan die hand waarvan sodanige gesprek sy sinvolle verloop kan neem:

1. Fisiese ontwikkeling

(i) Swangerskap - duur van swangerskap, siektes wat die moeder gedurende swanger=skap opgedoen het wat moontlik 'n effek op die baba kon gehad het, enige traumatiese ervaringe van die moeder tydens swangerskap, die algemene ge=sondheidstoestand van die moeder tydens swangerskap, omstandighede van gesin (moeder) tydens swangerskap soos kommer, vrese, liggaamlike uitputting of enige

ander saak wat regstreeks of onregstreeks die toestand van die moeder tydens swangerskap kon beïnvloed het;

(ii) Geboorte van die baba - normale geboorte, instrumentbaba, buitengewoon lang bevalling, fisiese toestand van baba na geboorte, fisiese toestand van moeder met geboorte van baba;

(iii) Erflikheidsfaktore - enige oorerflike siektes in die familie (allergieë, liggaamsgebreke of psigiese kwaliteite wat oorerflik is), besondere begaafdhede of gestremdhede;

(iv) Verwagtinge van ouers - enige besondere verwagtinge wat ouers van baba gehad het soos voorkeur van geslag, fisiese voorkoms van baba en die tydigheid van die baba se koms;

(v) Fisiese ontwikkelingstadia van baba - begin sit, kruip, loop en praat;

(vi) Siektes wat kind gehad het - kindersiektes, operasies, traumatiese ervaringe of enige ander fisiese ongesteldheid van die kind wat moontlik 'n langdurige invloed op die verdere fisiese of psigiese ontwikkeling van die kind gehad het;

(vii) Puberteitsjare - ouderdom waarop puberteit ingetree het, die wyse waarop dit deur die kind aanvaar is, die geslagsvoorligting wat die ouers gegee het, liggaamsbelewing by die kind.

2. Affektiewe of gevoelsmatige wording van die kind

(i) Hulpeloosheid - die mate van en bereidwilligheid by die kind tot selfstandig= heid, die bereidheid om te waag, om die wêreld te verken, om homself te help en die verantwoordelikheidsin wat aangekweek is;

(ii) Veiligheid - die mate van geborgenheid wat die kind by sy ouers en in die skool beleef, sy sekerheid en die vertroue wat hy in sy opvoeders het;

(iii) Affektiewe verhoudinge - bereidheid tot gevoelsmatige deelname aan en stigting van verhoudinge met andere - volwassenes, onderwysers, kinders en vreemdes.

3. Normatiewe wording van die kind

(i) Gesagsaanvaarding - gesagserkenning en gesagsgehoorsaming;

(ii) Verantwoordelikheid - die mate waarin die kind bereid is om verantwoordelik= heid vir sy dade te aanvaar, die verantwoordelikheid waarmee hy opdragte uitvoer en die verantwoordbaarheid van die beslissings wat hy neem;

(iii) Toekomsgerigtheid - die toekomsverwagtinge van die kind, sy strewe om dit te verwesenlik, sy ideale, sy wense en sy bereidheid om die uitdagings wat aan hom gestel word, te aanvaar.

4. Taalverwerwing

(i) Praat - ouderdom waarop eerste woorde gepraat word, sinne begin vorm het, spraakgebreke soos hakkel, lispel, stotter, die niveau van sy taalgebruik;

(ii) Skryf - spellingprobleme, skryfprobleme;

(iii) Denke - die vlak waarop die denke beweeg, abstrak, konkreet, logies.

5. Gesinstruktuur

(i) Gesinsvolledigheid - vader/moeder oorlede, kinders oorlede, plek van kind in gesin, oudste, jongste, enigste seun/dogter, enigste kind, sieklike kind;

(ii) Gesinsomstandighede - beroepe van ouers, finansiële posisie van ouers, ander inwoners by die gesin (ouma, familielid, ander persone);

6. Gesinsverhoudinge

(i) Verhouding tussen vader en moeder - ook wat betref die benadering tot die opvoeding van die kind;

(ii) Verhouding tussen kind en moeder/vader, broers/susters;

(iii) Die toepassing van gesag en die aanvaarding/afwysing daarvan deur die kind, die hegtheid van gesinsbande, die vertroulikheid tussen gesinslede onderling, die norme wat voor- en nageleef word.

7. Die skoolsituasie as opvoedingsituasie

(i) Ouderdom van kind by skooltoetrede - redes vir vroeë of te laat skooltoetrede, die gereedheid van die kind vir skooltoetrede (skoolgereedheid).

(ii) Leerhistorisiteit - die mate waarin die kind daarin slaag om die skoolwerk te bemeester, sy prestasies en mislukkings op skool.

(iii) Leerverhoudinge ten aansien van - die ouers en die kind wat met skoolwerk besig is, die onderwysers en die kind, die kind met sy klasmaats (kompeteer met maats, belewe homself as dom/slim), die gesindheid van die kind teenoor sy skoolwerk (afwysend, inspannend, onverskillig).

Bogenoemde inligting is onontbeerlik as die skoolvoorligter daarin wil slaag om 'n persoonsbeeld van die leerling op te bou. Hy moet egter voortdurend in gedagte hou dat hierdie inligting van die ouers af kom en daarom sal dit dikwels subjektief geklee wees. Dit neem nie die feit weg dat dit tog van groot belang is nie, omdat dit in die laaste instansie die ouers se siening van hul kind is wat in groot mate hulle opvoedingsbenadering bepaal.

b. Outo-historisiteitsgesprek

'n Outo-historisiteitsgesprek word met die leerling self gevoer oor sy eie gesitueerdheid, dit wil sê 'n beeld van die kind se eie unieke situasie. Die skoolvoorligter sal hom hier baie deeglik moet vergewis van die feit dat 'n gesprek van hierdie aard altyd 'n opvoedingsinslag (pedagogiese inslag) moet hê, al word die leerling oor sy eie verlede uitgevra. Dit beteken geensins dat die leerling 'n objek onder observasie is nie; inteendeel, hy is mede-deelnemer aan die konstituering van 'n ons-wêreld (kind-skoolvoorligterwêreld) en kan nie gedistansieerd betrag word nie. Dit word bewerkstellig deur 'n situasie waarin die leerling en skoolvoorligter in vertroue ge=

samentlik verantwoordelikheid vir hierdie gesprek aanvaar. Die gedagte waarom dit hier gaan, is dat 'n leerling in die gesprek sy wêreld vir die skoolvoorligter oopstel of bekendstel vir grondige deurskouing.

Die outo-historisiteitsgesprek is by uitstek 'n verkenningsgesprek. Hierdie gesprek kan ook as 'n vorm van beraadslaging geïnterpreteer word omdat daar nog vaaghede by die skoolvoorligter oor die leerling en by die leerling oor sy eie situasie bestaan, wat verhelder moet word - vermoedens moet bevestig word en die weg vir inligting en raad=gewing of selfs terapie moet voorberei word.

'n Saak wat in dié verband voortdurend in gedagte gehou moet word, is die feit dat die gesprek 'n voortsettingskarakter toon deurdat dit onderbreek, voortgesit of selfs her=haal kan word. 'n Outo-historisiteitsgesprek vind dus nie eenmalig plaas nie, maar loop dwarsdeur die verkenningsprogram en nader sy voltooiing as die kind die dag tot sedelik-selfstandige selfbepaling in staat is, dit wil sê tot ongeveer aan die einde van sy skoolloopbaan.

Die daarstelling van 'n historisiteitsbeeld wat hoogstens 'n voorlopige persoonsbeeld is wat voortdurend aangevul moet word, is slegs die aanloop tot verdere sistematiese verkenning aan die hand van psigologiese of ander pedagogiese hulpmiddele. Dit is belangrik om daarop te let dat enige verdere verkenning wat volg op die historisi=teitsverkenning gedoen behoort te word in die lig van dit wat uit die historisiteit geblyk het.

#### 4.4.3 <u>Verkenning deur middel van die inskakeling van bepaalde verkenningsmedia (psigologies en pedagogies)</u>

Toetse wat deur die RGN opgestel en vir skole beskikbaar is, word breedvoerig bespreek in die verslag getitel: <u>Handleiding vir die gebruik van sielkundige en skolastiese toetse as hulpmiddels by skoolvoorligting</u> (RGN Voorligtingsreeks VR-2).
Die toetse wat indiwidueel en in groepsverband die meeste in ons skole gebruik word, is intelligensie-, persoonlikheids-, belangstellings- en aanlegtoetse.

#### 4.4.4 <u>Pedagogiese observasie</u>

Omdat groepsverkenning, maar ook individuele verkenning, aan baie beperkinge onder=hewig is, is dit van die grootste belang dat dit deur pedagogiese observasie aangevul moet word.

Pedagogiese observasie is nie net 'n blote passiewe en objektiewe bekyking of waarneming van 'n leerling nie, maar ook en veral 'n aktiewe ondersoeking, sonder proefneming of toetsing. Onder pedagogiese observasie word verstaan 'n sistematiese en doelgerigte houding van die skoolvoorligter en 'n noukeurige , sistematiese waarneming met die doel om die leerling wat waargeneem word, se handelinge te interpreteer om sodoende die leerling te begryp. Die skoolvoorligter wat wil observeer moet in gedagte hou dat die leerling wat hy besig is om te observeer, 'n mens is wat sy eie intensies het en sy eie redes waarom hy op 'n bepaalde wyse handel. Wil die voorligter 'n leerling se handelswyses of optredes enigermate begryp, moet hy hom as't ware in die kind se

leefwêreld verplaas en van daaruit probeer begryp waarom hy handel soos hy handel. Dit gaan hoegenaamd nie om 'n gedistansieerde bekyking van 'n leerling as objek nie; dit gaan om 'n subjektiewe inlewing in die situasie van 'n leerling waarna daar periodiek gedistansieer word om tot ware begryping te kom. Namate die skoolvoorligter betrokke raak in die unieke situasie, kan hy die leerling teen sy besondere agtergrond raaksien en begryp, en juis daarmee is daar dan sprake van objektiwiteit. Dit volg hieruit dat pedagogiese observasie nie dieselfde tipe objektiwiteit as dié van 'n natuurweten=skaplike veronderstel nie. Die skoolvoorligter kry sy objektiwiteit kragtens sy subjektiwiteit, omdat hy nie 'n objek nie maar 'n subjek (kind) observeer wat anders, radikaal anders is as 'n dier of dingmatige. Anders gestel, die skoolvoorligter moet hom eers in die wêreld van die leerling inleef (subjektief) en hom daarna weer daaruit onttrek voordat hy tot ware begryping (objektief) kan kom.

Die implikasie van die onmiddellik voorgaande is duidelik. Slegs die voorligter wat reeds die leerling in 'n mate ken, kan pedagogies doelgerig observeer. Hy moet meer dikwels met 'n leerling te doen kry as net in die voorligtingsituasie. Hy sal hom onder andere in sy daaglikse lewe op die speelgrond, in die klaskamer, selfs tuis, op die sportveld of enige ander moontlike plek moet leer ken en observeer. Kennis van die historisiteit van 'n leerling is natuurlik noodsaaklik as die skoolvoor=ligter enigsins sistematies en doelgerig wil observeer.

4.4.5 Voorligtingsgesprek as verkenningsgesprek

Die voorligtingsgesprek wat tussen die skoolvoorligter aan die een kant en die leer=ling aan die ander kant gevoer word, is deurgaans 'n pedagogiese gesprek, of dit inligtend, beraadslagend, raadgewend of terapeuties van aard is. Juis omdat dit 'n pedagogiese gesprek is, kwalifiseer die voorligtingsgesprek ook as 'n verkenningsgesprek. Die eerste ontmoeting met 'n leerling is gewoonlik beraadslagend van aard omdat daar in die aanvanklike verhouding tussen die skoolvoorligter aan die een kant en die leerling aan die ander kant bepaalde leemtes as onbekendhede bestaan wat hulp- en steungewing aan die leerling aan die begin begrens. Die twee gespreksvennote moet eers iets van mekaar begryp voordat daar van hulpverlening of vertroue sprake kan wees. Dit moet egter baie duidelik gestel word dat die onbekendhede waarna hierbo verwys is, nie betrekking het op daardie persoonlike dieptegeheime van elke mens waartoe die ander nie toegang hoef te hê nie. Feit van die saak is egter dat, wanneer en op watter bepaalde wyse of plek ook al, 'n gesprek met 'n leerling gevoer word, dit altyd die moontlikheid inhou om verkennend van aard te wees. Die skoolvoorligter moet die pedagogiese gesprek geensins sien as die blote uitruil van gedagtes nie; hy moet as opvoeder en as geskoolde pedagoog 'n oop oor hê vir enige woord van die leerling wat sy beeld enigsins kan toelig, ook dit wat nie gesê word nie.

4.5 Persoonsbeeldvorming

Persoonsbeeldvorming volg na 'n grondige deurskouing van die leerling se totale leef=wêreld soos dit aan die lig gebring is uit groeps- en individuele verkenningsmedia, historisiteitsgesprekke, vakprestasies, observasies en enige ander relevante bron van inligting. 'n Persoonsbeeld neem gestalte aan met die eerste ontmoeting en word al=



RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

gaande aangevul, geverifieer en reggestel namate die verkenningsprogram vorder, maar bereik nooit 'n punt van "volmaaktheid" nie, bloot omdat 'n leerling hom nooit ten volle laat ken nie, net so min as wat die skoolvoorligter daartoe in staat is om 'n leerling ooit ten volle te ken.

Die vraag is egter waarna die skoolvoorligter moet soek om 'n persoonsbeeld van 'n leer= ling daar te stel. Die volgende sake word as riglyne aangebied waarlangs die siste= matiese en doelgerigte opbou van 'n persoonsbeeld enigermate bewerkstellig kan word.

a. Intuïtiewe persoonsbeeldvorming

Reeds met die eerste ontmoeting vorm die skoolvoorligter 'n intuïtiewe persoonsbeeld van die leerling wat in die algemeen as die "eerste indrukke" beskryf word. Die begroeting word ingelei deur die blik waarin voorligter en leerling mekaar aansien en die moontlikheid van 'n "eerste verkenning" daarstel. Niemand sou wou betwyfel dat hierdie eerste indrukke sterk subjektief gekleurd is nie, en dit is dan gewoonlik ook nie sonder vooroordele nie. Juis omdat dit so subjektief bevooroordeeld is moet die skoolvoorligter daarteen waak om nie sy verdere verkenningsprogram daardeur te laat lei nie, want as hy die leerling werklik wil ken, moet hy hom nie net op hierdie introspektief-toeganklike "subjektiewe" bevindinge verlaat nie. Dit is merkwaardig hoe dikwels hierdie subjektiewe bevindinge die voorligter op die regte spoor kan plaas, maar net so dikwels lei dit hom op dwaalweë. 'n Verantwoordbare optrede om hom nie deur die intuïsie te laat mislei nie, is om so spoedig moontlik alle voor= oordele in 'n hetero- en outo-historisiteitsgesprek te bevestig of die teendeel daarvan te vind. Daarmee het hy die waarde van sy intuïtiewe bevindinge dan nie verontagsaam nie.

'n Intuïtiewe persoonsbeeld staan nie op suiwer wetenskaplike gronde nie, sodat die geldigheid of ongeldigheid daarvan eers deur pedagogiese verantwoordbare verkenning bewys moet word. Die een kind gee met die eerste ontmoeting die indruk van rebelsheid, 'n ander die indruk van beskeidenheid en so meer, telkens is dit iets anders wat eerste aanspreek, maar die subjektiwiteit daarvan staan voorop. Desnieteenstaande moet 'n intuïtiewe indruk nie sonder meer afgemaak word as onwetenskaplik of subjek= tief-bevooroordeeld nie; die waarheid daarvanmoet net nog wetenskaplik bewys word.

b. Kwantitatiewe persoonsbeeldvorming

Die praktyk van verkenning en "toetsing" berus grotendeels op die inskakeling van gestandaardiseerde media waarvan die uitkoms in 'n syfer- of simboolwaarde uitgedruk word. Na afloop van die verkenningsprogram is daar 'n hele reeks syfers wat op een of ander wyse geïnterpreteer moet word ten einde 'n bydrae tot die totale persoonsbeeld te maak. Daar is reeds gewys op die gevaar van verabsolutering van syfers, sodat dit nie nodig is om weer daarop in te gaan nie. Wat die skoolvoorligter egter in gedagte moet hou, is dat die waarde van die syfers of simbole beslis aangevul moet word met kwalitatiewe evaluering. 'n Kwantitatiewe persoonsbeeld moet dus altyd met kwalitatiewe toeligting gepaard gaan. In alle gevalle moet die volgende in berekening gebring word by die interpretasies van toetsresultate:



041662

(i) Die betroubaarheid daarvan,

(ii) die geldigheid daarvan,

(iii) die analitiese waarde daarvan,

(iv) die bydrae wat dit tot die totale beeld lewer, en

(v) die subjektiwiteit en die objektiwiteit daarvan.

c. Kwalitatiewe persoonsbeeldvorming

Dit sluit in -

(i) 'n evaluering van die opvoedingsgesitueerdheid van die leerling, veral soos dit gemanifesteer word in sy opvoedingsverhoudinge, die verloop van die opvoedingsgebeure, die opvoedingsbedrywighede en in welke mate die opvoedings=doel reeds gerealiseer is;

(ii) 'n evaluering van die wordingstand van die leerling soos blyk uit die niveau van sy affektiewe, kognitiewe en normatiewe lewe;

(iii) 'n evaluering van die didaktiese situasies waarmee die leerling vir 'n baie groot deel van sy skoollewe gekonfronteer word; soos onder andere blyk uit sy skolastiese prestasie, leerbereidwilligheid, gesindheid teenoor die onderwyser en ingesteldheid teenoor sy skoolvakke;

(iv) 'n evaluering van die beleweniswêreld van 'n leerling - dit beteken dat die skoolvoorligter verslag moet kan gee van die wyse waarop 'n bepaalde leerling sy opvoeding, sy liggaam, die skool, sy maats, sy ouers en die gemeenskap beleef; en

(v) 'n evaluering van die positiewe persoonsmoontlikhede van 'n leerling na die mate waarin dit reeds verwerklik word, asook na die mate wat dit verwerklik behoort te word - dit behels byvoorbeeld 'n evaluering van die verstands=moontlikheid (kwantitatief en kwalitatief) asook na die mate waarin dit in die leeropgaaf verwerklik word.

d. Normatiewe persoonsbeeldvorming

Die normatiewe het betrekking op onder andere die etiese, die religieuse en die morele. Die skoolvoorligter sal hier moet soek na die mate waarin 'n leerling in staat is om gesag te erken en dit te volg, die mate van verantwoordelikheid wat hy kan aanvaar, en die mate waarin hy sy verantwoordelikheid teenoor die godsdiens aanvaar.

## 4.6 SAMEVATTING

Nadat die skoolvoorligter 'n persoonsbeeld van 'n leerling saamgestel het wat op pe=dagogiese gronde regverdigbaar is, kan hy sy hulpplan uitwerk om met verdere inlig=tings-, raadgewings- en terapeutiese gesprekke die kind te lei tot 'n verantwoordelike en verantwoordbare onderwys- en beroepskeuse.

HOOFSTUK 5

# DIE ONDERHOUD IN DIE SKOOLVOORLIGTINGSITUASIE

## 5.1 INLEIDING

Aangesien al die voorligtingsaktiwiteite van die skoolvoorligter kulmineer in die onderhoud, stel dit besondere hoë eise aan hom wat betref sy opleiding en persoonlike inset. Die plek en betekenis van die onderhoud in skoolvoorligting is van besondere belang ook omdat die skoolvoorligter hier die geleentheid kry om uitspraak te gee oor die verantwoordelikheid van die onderwys- en beroepskeuses van die leerlinge met wie hy werk.

Die onderhoud word gekenmerk deur momente van beraadslaging, inligting en raadgewing. Die onderhoud ontleen sy sin aan die probleem wat dit voorafgaan en aan die verwagting dat daar beter insig by die leerling sal deurbreek ten aansien van sy probleem.

## 5.2 BERAADSLAGING AS MOMENT VAN DIE ONDERHOUD

Beraadslaging is nodig omdat die probleem na sy aard en omvang nie altyd onmiddellik duidelik is nie.

Die beraadslaging wat tussen die skoolvoorligter (raadgewer) en die leerling (raad=soeker) plaasvind, is by uitstek 'n verkenningsgesprek. Die skoolvoorligter en leerling moet hulle vir mekaar oopstel en kenbaar maak sodat toereikende wedersydse aanvaarding van vertroue in en begrip vir mekaar eers kan realiseer. Die verkennings=gesprek verhelder die probleemsituasie vir die leerling en die skoolvoorligter en bevestig of verwerp vermoedens veral by die skoolvoorligter insake die leerling se probleem. Dit is nodig omdat, die resultate van psigometriese en ander verkennings=media nie altyd as genoegsame verheldering van die keusemoontlikhede van 'n leerling dien nie.

'n Leerling word eers in 'n beraadslagingsgesprek betrek sodat daar saam oorweeg en sekere besonderhede geanaliseer en geïntegreer kan word. Die beraadslaging het alleen trefkrag as die skoolvoorligter hom deeglik kan vergewis van <u>wie</u> 'n bepaalde leerling is en wat die <u>aard</u> en <u>omvang</u> van sy probleem is. Hierdie insig bekom hy na deeglike beraadslaging met 'n leerling en sy ouers. Raadgewingsmomente staan nie heeltemal los van die beraadslagingsgesprek nie, inteendeel dit is daarby geïntegreer en die skoolvoorligter moet uiters bedag daarop wees om hierdie momente nie sonder meer te laat verbygaan nie.

## 5.3 RAADGEWING AS MOMENT VAN DIE ONDERHOUD

Raadgewing is 'n aangeleentheid wat net onder en tussen mense aangetref word. Waar mense met mekaar in verhoudinge staan en met mekaar saam verkeer, bestaan die moont=likheid dat daar raad gegee word en dat dit in meerdere of mindere mate deur ander aanvaar, oorweeg of selfs verwerp kan word. Die verskynsel dat een mens aan 'n ander raad kan gee, setel in die oorspronklike menslike ervaring. Dit is nie 'n saak wat net die voorreg van 'n klein minderheid (gewoonlik hoogs gekwalifiseerde persone) is nie, dit is nie net tot bepaalde situasies, soos byvoorbeeld 'n opvoedingsituasie of 'n

terapeutiese situasie beperk nie, maar dit is deel van menswees om mekaar ten aansien van een of ander saak van raad te dien.

Wat hieronder aangebied word, is enkele riglyne aan die hand waarvan die skoolvoor= ligter te werk kan gaan om die raadgewingsmomente in die onderhoudsituasie te implementeer.

a. Raadgewing aan 'n leerling geskied met 'n doel en planmatig. Die oomblik wanneer die skoolvoorligter 'n leerling in 'n onderhoud betrek, doen hy dit om 'n bepaalde rede, naamlik om die leerling hulp en steun met betrekking tot sy onderwys- en beroepskeuse te gee. Wanneer hy egter tot raadgewing oorgaan, is hy besig om sy bemoeienis met daardie besondere leerling in die skoolvoorligtingsituasie te verskerp deurdat daar 'n baie duidelik aanwysbare probleem vir die leerling opgeduik het (byvoorbeeld 'n vakkeuseprobleem) ten opsigte waarvan hy op grond van sy eie ervaring, kennis en insig nie raad het nie. Dit is belangrik om daar= op te let dat sodanige probleemsituasie nie noodwendig 'n problematiese opvoeding= situasie teenwoordig stel nie, dit wil sê daar hoef nie noodwendig van pedago= giese of opvoedingsverwaarlosing in die strenge sin van die woord sprake te wees nie.

b. Die raadgewer (skoolvoorligter) word voor die taak gestel om die raadsoeker (leerling) te aanvaar soos hy <u>is</u> met die doel om hom deur middel van raadgewing te lei na dit wat hy kan en behoort te word. Om 'n leerling te aanvaar soos hy is, omvat nie net begrip van kindwees in die algemeen nie, maar ook begrip van die besondere leerling wat hom as raadsoeker aankondig. Die aanvaarding wat uit goeie begrip voortvloei, lei tot die noodsaaklike ontmoeting wanneer die wêreld van die leerling en die wêreld van die skoolvoorligter in 'n ons-wêreld versmelt. Wat hier in gedagte gehou moet word, is dat 'n leerling nie altyd in staat is om sy probleem te formuleer nie, dit wil sê om die omvang en aard daarvan te bepaal en in perspektief te sien nie. Daarom is dit vir die skoolvoorligter dikwels so moeilik om die wêreld van die leerling te betree en deelgenoot daaraan te word. Voordat hy nie deelgenoot geword het nie, kan 'n ontmoeting nie bewerk= stellig word nie en sy raadgewing is in daardie geval hoogstens lukraak, en die duursaamheid daarvan kan geensins gewaarborg word nie. Hiermee word nie te kenne gegee dat die ontmoeting die raadgewingseffek geheel en al waarborg nie; daarvoor bly die persoon van sowel die skoolvoorligter as die leerling te veel ope moontlikheid.

c. Die raadgewing van die skoolvoorligter moet te alle tye toekomsgerig wees in dié sin dat die raad wat aan 'n leerling gegee word, 'n middel sal wees waardeur die kind perspektief op sy toekoms kan kry. Verwyte en beskuldigings hoort hoegenaamd nie tuis by raadgewing nie. Die doelstellings wat by skoolvoorligting in die algemeen geld, geld ook by die raadgewing. In die gesprek handel dit oor 'n bepaalde leerling met 'n bepaalde probleem sodat die tipe raad wat aangebied word asook die omvang daarvan medebepaal sal word deur hierdie twee sake.

d. Dit is van die grootste belang dat die raad van 'n skoolvoorligter aan 'n leerling nie in die eerste plek ingestel is op die oplos van die probleem nie, maar daarop ingestel is om aan die leerling self perspektief te gee waarmee hy sy probleem self kan opklaar.

e. Die raadgewingsmoment is inderdaad 'n ingrypingsmoment omdat wanneer 'n leerling se gerigtheid op 'n onderwys- en beroepskeuse en sy gereedheid om keuses te doen, gevaar loop om te stagneer of vertraag te word, daar deur middel van raadgewing ingegryp kan word om 'n leerling se onderwys- en beroepskeuseprobleme te verhelder. 'n Probleemsituasie van hierdie aard roep dus raadgewing op en nie andersom nie. Die verwagting word immers gekoester dat die raad wat die skoolvoorligter aan 'n leerling gee, daartoe sal bydra dat die probleem enigermate deursigteliker vir die leerling gemaak sal word en nie dat dit verder moet ver= troebel nie. Raadgewing skep juis 'n probleem wanneer dit onbeplan en selfs ongevraag aangebied word, dit wil sê wanneer die leerling nie behoefte aan raad het nie.

## 5.4 INLIGTING AS MOMENT VAN DIE ONDERHOUD

In die hoofstuk oor inligting is daar breedvoerig gehandel oor die deurgee van inligting wat vir die doel van persoonstruktuur- (persoonlikheids-), onderwys- en beroeps= voorligting van belang is. In hierdie paragraaf sal daar slegs gepoog word om die inligtingsmoment in die onderhoud aan te dui.

Inligting word insake persoonstruktuur-, onderwys- en beroepsaangeleenthede in die eerste plek aan 'n leerling, sy ouers en onderwysers verstrek. Die verskaffing van hierdie inligting binne die skoolvoorligtingsopset aan 'n leerling, sy ouers of onderwysers is vir die sinvolle verloop van sowel die opvoedings- as skoolvoorligtings= gebeure noodsaaklik. Dit gaan egter nie om die verskaffing van inligting ter wille van die kennis daarvan nie. Die leerling, sy ouers of onderwysers moet iets met die inligting maak, anders is dit pedagogies sinloos. Die inligting moet verwerk word deur sowel die leerling as sy opvoeders (ouers en onderwysers) met die oog op die uiteindelike volwassenheid van die leerling. Die oomblik wanneer 'n leerling ten aansien van persoonstruktuur-, onderwys- of beroepskeuse-aangeleenthede probleme ondervind, gebeur dit omrede hy nie toereikende kennis besit nie of omdat hy nie weet hoe om die kennis waaroor hy beskik te interpreteer, te integreer en betekenis daaraan te gee nie. Dit gebeur dikwels dat 'n leerling weet hoe om 'n probleemsituasie die hoof te bied wanneer hy oor toereikende inligting beskik, maar net so dikwels weet hy ook nie hoe om verder te handel nie, omdat hy die inligting nie betekenisvol kan interpreteer nie.

Om nou in die onderhoudsituasie net voort te gaan om meer en meer inligting te ver= strek, dien ook geen doel nie en verwar die leerling eerder meer. Die sinvolheid lê daarin dat die bestaande of reeds beskikbare inligting vir en veral saam met die leerling geanaliseer, geïntegreer en sodanig in perspektief gestel moet word dat die probleem vir die leerling uiteindelik verhelder word. Inligting word

merendeels aan leerlinge in groepsverband verstrek en daarom gebeur dit dikwels dat 'n bepaalde leerling die sin daarvan nie duidelik begryp nie. Inligting kan ook in indiwiduele verband aan 'n leerling verstrek word as die leerling daarom vra. As die verskaffing van inligting in indiwiduele verband die leerling se kennis verbreed, dit wil sê die leerling help om toereikend te weet en te ken, is dit nog steeds inligting wat die leerling tot verkenning steun.

In die onderhoud wat merendeels 'n indiwiduele aangeleentheid is, word hierdie inligting dan duideliker in perspektief geplaas sodat die leerling nog altyd met dieselfde inligting tot sy beskikking nou 'n beter begrip het hoe om sy probleem sinvol die hoof te bied. Trouens, die onderhoud stuur juis daarop af dat die leerling toenemend tot selfbegrip en selfaanvaarding sal kom om die eisestellende werklikheid waarmee hy gekonfronteer word, beter te begryp.

Ten einde 'n onderhoudsituasie soos dit hom in die oorspronklike ervaring openbaar, enigermate verder te ondersoek, is dit nodig dat enkele van die mees fundamentele kwaliteite daarvan onder oë geneem moet word. Verder sal die plek en waarde van die onderhoud in die opvoeding van 'n kind kortliks toegelig word, met spesifieke verwysing na die betekenis daarvan vir die skoolvoorligtingsituasie.

5.5 DIE ONDERHOUD AS PEDAGOGIESE GESPREK

'n Pedagogiese gesprek, soos reeds daarna verwys is, toon geen toevalligheid nie. Dit is die uitkoms van 'n bewus gewilde handeling omdat die gesprek wat 'n volwassene met 'n kind (leerling) voer in die hoogste mate daarvan blyke gee dat beide gespreks=vennote vir 'n bepaalde tyd en vir 'n bepaalde doel op mekaar aangewese is, naamlik die volwassewording van die kind (leerling). 'n Gesprek van hierdie aard laat hom as pedagogies of opvoedend kwalifiseer omrede die deelnemers daaraan nie van gelyke status is nie, ten spyte van hul gelykwaardigheid. Dit beteken dat daar agting vir sowel die persoon van die kind as vir die persoon van die volwassene moet wees, in die mate wat daar sprake is van wedersydse begrip, aanvaarding, vertroue, gesag en 'n bereidheid tot ontmoeting.

Die oomblik dat wedersydse begrip, aanvaarding, vertroue, gesag en 'n ontmoeting ver=werklik word, kom daar vir sover dit die kind (leerling) betref, 'n losmaking van sy situasiegebondenheid deurdat hy in en deur die gesprek op die toekoms gerig word. Die konstituering van 'n gesprek van hierdie aard is moontlik omdat die een gespreks=vennoot hom as't ware beskikbaar stel vir die ander. Sodoende betree die een die wêreld van die ander en maak homself deelgenoot daaraan, waaruit dan uiteindelik 'n ontmoeting voortkom.

'n Verdere belangrike essensiële moment van die pedagogiese gesprek is die feit dat afgesien van die saaklikheid, die hede en die waarheid, veral die toekoms op die spel is. 'n Opvoedingsgesprek onderskei hom van baie ander vorms van die gesprek daarin dat dit by uitstek toekomsgesprek is. Die toekomskarakter is veral geleë in die feit dat die gesprek na sowel sy inhoud as omvang baie duidelik afgegrens is deur die doelstellings wat geld by die opvoeding. Die normatiewe aard wat die

opvoedingsgebeure deurgaans openbaar en wat terselfdertyd die sentrale tema van elke opvoedingsgesprek uitmaak, bepaal die doelstellings met die gesprek. Hierdie toekomsgerigtheid van die gesprek kom nog duideliker tot uitdrukking as in gedagte gehou word dat die opvoeding bedoel is om die kind anders te maak. Hy moet word wat hy kan, en behoort te word, en in die gesprek word daar vir hom bakens verskaf aan die hand waarvan sy wording (verandering) koers en momentum verkry. Die wyse waarop 'n kind hom aan sy verandering of wording gaan waag, sal in groot mate afhang van die wyse waarop die opvoeder die wêreld van die volwassene aan hom bekend stel. 'n Leer= ling wat byvoorbeeld 'n vak-, studierigting- of beroepskeuse doen, doen dit omdat hierdie beslissings hom nader aan 'n verantwoordbare en verantwoordelike beroepskeuse bring. Die voltrekking van so 'n keuse beteken in die lig van voorgaande dat 'n leerling hom sodoende toenemend aan die wêreld van beroepsvolwassenheid waag. Die hulp en steun wat die skoolvoorligter aan 'n leerling ten aansien van genoemde keuses verleen, is die bekendstelling van 'n nuwe "te verowerde" wêreld. In geval waar hierdie bekendstelling deur die moedertaal plaasvind, kan hierdie tegelyk as 'n kultuurgesprek gekwalifiseer word. So 'n gesprek vereis 'n bepaalde medium waarmee albei gespreksvennote vertroud behoort te wees. So 'n gesprek kan kragtens die kultuurhistorisiteit van sowel opvoeder as kind die beste in die moedertaal gedoen word. Deur die moedertaal vind raadgewer en kind baie nouer aanklank by 'n hoër waardesisteem wat van kleins af reeds deur die moedertaal tot hulle gebring is, naamlik 'n eie besondere lewens- en wêreldbeskouing.

As pedagogiese middel openbaar die gesprek verder nog die moontlikheid om in te gryp in die opvoeding van 'n kind, en dit is op sy beurt slegs moontlik as daar blyke gegee word van gesagserkenning en gesagsgehoorsaming. Die ingryping deur die gesprek is van besondere betekenis vir die kind omdat dit nie alleen deur 'n samesyn van volwassene en kind voorafgegaan word nie, maar ook omdat juis deur die ingryping die vrugbare werklikheidsoomblik vir 'n ontmoeting daargestel word.

## 5.6 DIE ONDERHOUD AS METODOLOGIESE AANGELEENTHEID

Ondersoeke wat in verband met onderhoudvoering of gesprekvoering gedoen is, het aan die lig gebring dat daar basies drie metodes onderskei kan word. Hoewel elkeen van hierdie onderhoud- of gespreksmetodes 'n eie prosedure het, is die einddoel wat hierdie metodes nastreef dieselfde en wel in die sin dat die leerling tot die doen van 'n keuse gelei word. Hierdie drie metodes, naamlik die direkte, indirekte en saamgestelde onderhoudsmetode, word vervolgens bespreek.

### 5.6.1 Die direkte onderhoud- of gespreksmetode

Hierdie metode gaan van die standpunt uit dat 'n leerling voor 'n probleem te staan gekom het waarvoor hyself nie 'n oplossing kan bedink nie. Die inisiatief vir die oplossing van sy probleem asook die verloop van die gesprek gaan van die raadgewer (skoolvoorligter) uit. Die kind self speel 'n ondergeskikte rol omdat sy aandeel aan die onderhoud beperk is tot die beantwoording van direkte vrae wat aan hom gestel word. Uit die aard van die saak word die tema van so 'n gesprek aanvanklik deur die

skoolvoorligter bepaal, maar algaande stuur die vrae wat hy vra af op die formulering van die leerling se probleem. Die gevaar is reëel dat die aandeel van die skoolvoor= ligter so outoritêr van aard word dat hy in plaas van hulpverlening direk oorgaan tot die neem van beslissings vir die leerling. Die gevolg is dat 'n leerling op aanbeveling van die skoolvoorligter nou op 'n bepaalde wyse sal handel sonder dat hy die sinvolheid van sy handelinge en van die aanbevelings ten volle begryp, omdat hy nie sy probleem self verken, begryp en opgelos het nie.

Dat daar nietemin sekere voordele in hierdie metode opgesluit lê, kan nie betwyfel word nie. Dit gebeur dikwels dat 'n leerling huiwerig is om oor sy probleem te praat, of dat hy op grond van sy beperkte insig nie in staat is om die werklike aard en omvang van sy probleem te begryp nie. Die skoolvoorligter het dan eintlik geen ander alternatief as om die probleem vir die leerling deur middel van direkte vraagstelling algaande te help formuleer nie. Die aard van die direkte vrae asook die wyse waarop hulle geformuleer word, moet geen joernalistieke ondervragingselemente bevat nie - nog minder moet die indruk gelaat word dat daar uit nuuskierigheid gevra word. Goed= gekose belangstellingsvrae op die regte tydstip in die onderhoud- of gespreksituasie ingeskakel, behoort die vertroue van 'n leerling te wek omdat die vraagstelling die skoolvoorligter se belangstelling in die leerling openbaar, en nie nuuskierigheid impliseer nie.

Die direkte onderhoud kan baie maklik deur direkte vraagstellings in 'n eenrigting= gesprek ontaard, en die oomblik wanneer beraadslagingsmomente sigbaar word, is die leerling as gevolg van die eenrigtingsgesprek wat die direkte onderhoudmetode kenmerk, 'n passiewe luisteraar. Dan is dit geen gesprek meer nie, want die leerling het deur middel van sy aandeel in die gesprek nie tot sinvolle betekenisgewing van sy probleem gekom nie.

5.6.2 Die indirekte onderhoud- of gespreksmetode

Tydens die indirekte onderhoud- of gespreksmetode, word die inisiatief vir die ge= sprek grotendeels aan die leerling oorgelaat. Die leerling kry die geleentheid om sy probleem "uit te praat". Die skoolvoorligter kan nie die tema van die gesprek bepaal of selfs die verloop van die gesprek beheer nie. In hierdie geval vervul hy die rol van 'n simpatieke luisteraar, terwyl die leerling veronderstel is om op 'n spontane wyse uitdrukking te gee aan sy diepere gevoelens. Wanneer 'n onderhoud deurgaans die gestalte van hierdie wyse van gesprekvoering aanneem, bestaan die gevaar dat daar min ruimte vir hulpverlening gelaat word. Dit word in elk geval betwyfel of 'n leerling sonder meer spontaan tot die gesprek sal toetree, veral omdat dit oor hom, sy probleem en sy toekoms handel. Afgesien hiervan vind 'n leerling dit soms moeilik om sy werklike probleem te begryp en te formuleer. Die skoolvoorligter wat hom dus op hierdie metode verlaat, doen dit met die risiko om raad aan te bied waarvoor 'n kind nie eintlik gevra het nie.

Die grootste bate van hierdie wyse van onderhoudvoering is daarin geleë dat die skoolvoorligter nie 'n outoritêre rol speel nie, maar ook aan die leerling geleentheid

gee om 'n bydrae te lewer, sonder dat die gesag van die skoolvoorligter as volwassene daardeur ondermyn word. Die spontaneïteit waardeur die indirekte onder= houdmetode gekenmerk word, is die grootste enkele bydraende faktor tot die stigting van 'n ontmoeting waarsonder hulpverlening in elk geval nie kan realiseer nie.

### 5.6.3 Die saamgestelde onderhoud- of gespreksmetode

Hierdie metode bevat verloopsmomente van sowel die direkte as indirekte onderhoud= metode. Deur middel van direkte en indirekte vrae word die leerling tot spontane deelname uitgenooi. Die vrae wissel mekaar af al na gelang die aard van die probleem en die wyse waarop die besondere leerling sy bereidwilligheid tot deelname aan die gesprek bekend maak. Op die keper beskou kan geen sinvolle gesprek vooraf in 'n definitiewe patroon ingedwing word nie. Derhalwe is dit net logies dat momente van die direkte en indirekte metodes in haas enige onderhoud sal figureer. Ter illustrasie hiervan kan vermeld word dat 'n oorwegend beraadslagingsgesprek as verkenningsgesprek sterk op direkte vraagstellings (direkte metode) sal steun, terwyl die raadgewingsmomente daarin van meer indirekte aard sal wees omdat indirekte vraagstellings aangewend word. Dit sal grootliks van die insig en ervaring van die skoolvoorligter afhang in welke mate hy van die verskillende metodes gebruik gaan maak. Feit van die saak is egter dat die wyses waarop die direkte en indirekte metodes in 'n saamgestelde onderhoud- of gespreksmetode geïntegreer gaan word, deur die doelstelling met die gesprek bepaal gaan word. Van belang is egter dat die saamgestelde onderhoud- of gespreksmetode daarop moet afstuur om beraadslaging, inligting en raadgewing te realiseer ten einde die duursaamheid van hulpverlening enigermate te waarborg.

## 5.7 DIE ONDERHOUD OP PRIMÊRE EN SEKONDÊRE SKOOLVLAK

In hoofstukke 2 en 3 is reeds melding gemaak van die verskillende terreine van skool= voorligting, te wete persoonstruktuurvoorligting, onderwys- en beroepskeusevoorligting. Op elk van hierdie terreine is daar bepaalde aspekte wat al na gelang die praktyk sy verloop neem, besondere aandag geniet, soos die verkennings-, beraadslagings-, inlig= tings-, raadgewings- en verwysingsaspek. Daar is voorts daarop gewys dat genoemde terreine op sowel primêre as sekondêre skoolvlak ter sake is. Die vraag wat vervolgens aan die orde kom, is hoe word die onderhoud op primêre en op sekondêre skoolvlak voltrek vir sover dit persoonstruktuurvoorligting (persoonlikheidsvoorligting), onderwys- en beroepskeusevoorligting betref.

### 5.7.1 Die onderhoud in die primêre skool

a. Junior primêre skoolfase: (6-8 jaar/graad 1 - standerd 1)

Die leerlinge op hierdie ouderdom is nog nie sterk in die formele wêreld van tyd en sisteem ingetrek nie. Die skool verteenwoordig vir hulle in groot mate eerder spel= materiaal as leermateriaal, hoewel daar tog gaandeweg deurgestoot word na meer formele skoolopdragte. Die stelsel van gedifferensieerde onderwys maak dan ook voorsiening vir die belangrikste behoeftes van die leerlinge op hierdie leeftyd in die junior primêre skoolfase soos vir onder andere hulle fisiese ontwikkeling, die ontplooiing en stabilisering van hulle affektiewe (gevoelsmatige) lewe en 'n geleide=

like deurbraak na die kognitiewe (verstandelike), sonder om hulle veral ten aansien van die kognitiewe te oorvra. Die leerlinge word byvoorbeeld nog nie met 'n vak-, skool- of beroepskeuse gekonfronteer nie, omdat dit aangeleenthede is waarvoor hierdie leerlinge nog nie gereed is nie. Dit is vir hulle heeltemal lewensvreemd. Trouens, op hierdie stadium verteenwoordig die skool nog geensins vir hulle 'n instelling waar vakke aangebied word nie; dit is hoogstens nuwe vaardighede wat hulle ontdek, aanleer en algaande inoefen. Onderwyskeuse- en veral beroepskeuseprobleme bestaan nie vir hulle nie. Die enigste vlak waarop daar werklik probleme kan opduik, is ten aansien van die ontplooiing van hulle persoonsmoontlikhede en in die mate wat dit die leergebeure in die skool strem. Skoolgereedheid en die aanleer van basiese vaardig=hede soos lees, skryf en reken sou derhalwe net sowel persoonsprobleme as onderwys=probleme beteken. Hieruit volg dat daar met onderhoudvoering met die leerlinge self vir sover dit onderwyskeuse- en beroepskeuseprobleme betref, geen sprake kan wees nie. Selfs leer- en persoonsprobleme op hierdie stadium regverdig nie onderhoude met die leerlinge nie. Wat wel in dié verband ter sake is, is onderhoude met die ouers en onderwysers(esse) as onderwys- en opvoedingsbegeleiers, maar die leerlinge self word geensins in 'n formele onderhoudsituasie betrek nie.

Blyk leerlinge op hierdie stadium van hulle lewe met 'n probleem van suiwer onderwys=kundige aard (oorwegend didakties van aard) te worstel, is dit die taak van die klas=onderwyser(es) om in oorleg met die ortodidaktikus hulpverleningsprogramme te beplan sodat die klasonderwyser(es) hulp aan die leerling(e) kan verleen. Die moontlikheid bestaan inderdaad dat 'n leerling benewens didaktiese probleme ook sosialiserings=probleme kan hê, in welke geval dit in wese 'n persoonsprobleem is. Dit is dan 'n probleem wat deur 'n ortopedagoog of sosiopedagoog gehanteer behoort te word. Bene=wens terapie aan die leerling word aan die ouers en onderwysers(esse) ook raad gegee om die terapeutiese werksaamhede te bevorder. In vry ernstige gevalle kan dit selfs 'n verwysing na die skoolvoorligtingskliniek regverdig vir intensiewe terapeutiese behandeling.

Opsommenderwys blyk dan dat 'n leerling in die junior primêre skoolfase (ouderdoms=groep 6 tot 8 jaar) nie in 'n formele onderhoudsgesprek betrek word nie, omdat sy probleme nie van sodanige aard is dat die onderhoud die antwoorde kan verskaf nie.

b. Senior primêre skoolfase: (9-11 jaar/standerd 2-4)

Net soos by die junior primêre fase word leerlinge in die senior primêre fase nie voor formele onderwys- en beroepskeuses geplaas nie. Die leerling op hierdie leeftyd is sterk aangewese op sy maats, en die omgang met die ander is vir hom baie belangrik. Daar bestaan dus die moontlikheid dat benewens didaktiese en ander persoonsprobleme daar sosialiseringsprobleme kan voorkom. Die vraag is egter of 'n gesprek die ant=woorde sal verskaf en/of 'n leerling op hierdie leeftyd in 'n formele onderhoud betrek kan word. Die stelsel van gedifferensieerde onderwys maak voorsiening vir sowel die fisiese as sosiale en verstandelike ontplooiing van die leerling, maar waarborg geensins dat leerlinge nie ten aansien van enige van hierdie sake probleme van vry ernstige aard kan ondervind of openbaar nie. Onderhoude word gevoer met die ouers

en onderwysers(esse) en die persoon wat hierdie gesprekke met ouers en onderwysers voer, word deur die aard van die leerling se probleem bepaal.

5.7.2 Die onderhoud in die sekondêre skool

a. Junior sekondêre skoolfase (12 tot 14 jaar/standerds 5-7)

Gedurende die junior sekondêre skoolfase vind daar by leerlinge 'n geleidelike oorgang plaas van die kinderleeftyd na die puberteit wat nie alleen aansienlike verskille tussen seuns en meisies vertoon nie, maar ook tussen leerlinge van dieselfde geslag. Die ingrypende fisiese veranderinge wat tydens hierdie leeftyd by leerlinge intree, bring dikwels ernstige affektiewe en kognitiewe remminge mee omdat die leerling opnuut bewus word van sy liggaam en wel in so 'n mate dat die belewing daarvan hom dikwels in so 'n mate op sy gevoelslewe (affek) teruggooi dat die verstandelik (kognitiewe) lewe nie toereikend ontplooi word nie.

Afgesien hiervan word standerd 5-leerlinge voor 'n definitiewe skool-, maar veral studierigting-, kursus- en vakkeuse geplaas. Hoewel hierdie keuses oor die algemeen nie ingrypende betekenis vir hulle latere skool- en beroepsloopbaan inhou nie, is dit tog van besondere betekenis vir die leerling. Aan die einde van standerd 7 moet hulle 'n finale vakkeuse doen en hierdie keuse het ongetwyfeld beroepskeuse-implikasies. Daar bestaan inderdaad twyfel of leerlinge in standerd 5 gereed is om die keuses waarvoor hulle te staan kom, sinvol te verwerklik. Hoewel leerlinge aan die einde van st. 7 'n meer stabiele gevoelslewe vertoon en meer sekerheid oor hul toekoms het, bly die keuse van 'n studierigting wat by 'n beroepsveld aansluiting moet vind, vir die leerlinge problematies. Leerlinge is nou nie alleen in besondere mate aangewese op hulp en leiding van hulle ouers en onderwysers nie, maar veral op die skoolvoorligter vir sy hulp en bystand. As in gedagte gehou word dat gedurende die junior sekondêre skoolfase (sts. 5-7) 'n leerling met sulke belangrike besluite gekonfronteer word en dat dit met die puberteitsjare saamval, is dit duidelik dat die hulp van die skoolvoorligter onontbeerlik is. Dit is die skoolvoorligter se verantwoordelikheid om met die ondersteuning wat hy aan 'n leerling gee, die leerling in staat te stel om self 'n verantwoordelike en verantwoordbare keuse te kan doen. Die leerlinge in standerds 5 tot 7 sal in die lig hiervan noodwendig in 'n onderhoudsituasie betrek moet word.

Vir 'n standerd 5-leerling is die keuse-opgaaf, hoewel van 'n beperkte omvang, 'n besondere opgawe omdat hy nog nie perspektief op die sekondêre skool of die beroepswerklikheid wat daarop volg, het nie. Hy verlaat hom gevolglik in groot mate op die aanbevelings van die skoolvoorligter en om hierdie besondere rede is dit sinvol om baie kortliks te wys op die onderhoudsmomente wat ten aansien van persoonstruktuur-, onderwys- en beroepskeusevoorligting ter sprake kom.

1. Die onderhoud ten aansien van persoonsmoontlikhede (persoonstruktuur- (persoonlikheids-) voorligting.)

Die leerling in standerd 5 het reeds ver gevorder met die ontdekking van homself as iemand met moontlikhede. Hy raak al hoe beweegliker ten aansien van bepaalde

vaardighede en met toenemende gerigte belangstelling begin hy hom aan die formele skoolopgawes te waag. Die skoolvoorligter, wat teen hierdie tyd reeds 'n historisiteitsbeeld van die leerling asook die uitkoms van enkele psigometriese verkenningsmedia behoort te hê, kan nou in redelike mate 'n evaluering van die leerling se persoonsmoontlikhede maak. Leerlinge wat onderpresteer of affektief labiel (onbestendig) voorkom, behoort uitgewys te kan word. Leerlinge by wie die opvoeding nie geslaag blyk te wees nie, behoort vir intensiewe raadgewing geneem te word, dit wil sê vir terapie waarby die ouers terselfdertyd betrek en van die nodige raad gedien word. 'n Onderwys- en beroepskeuse-opgaaf noodsaak ongetwyfeld 'n formele onderhoud, maar of gesprekke ten aansien van persoonstruktuuraangeleenthede op hierdie stadium sinvol kan wees, word betwyfel omdat die kind op hierdie stadium nog nie baie sterk blyke gee van 'n soeke na eie identiteit nie. Die identiteitsproblematiek tree eintlik eers van standerd agt af sterk op die voorgrond. Vir die standerd sewe-leerling het dit reeds meer sin om hom in 'n gesprek ten aansien van sy persoonstruktuur te betrek, omdat hy dan aan die einde van sy puberteitsjare en begin adolessensie staan en algaande 'n soeke na eie identiteit begin openbaar.

2. Die onderhoud ten aansien van onderwysaangeleenthede

Gedurende die junior sekondêre skoolfase word 'n kind meer as ooit tevore in sy skoolloopbaan met skool- en vakkeuses gekonfronteer. Aan die einde van standerd vyf word die eerste keuses gedoen wat eintlik nie verreikende skoolloopbaanimplikasies inhou nie, omdat die meeste sekondêre skole vir standerds 6 en 7 basies dieselfde vakkeuses aanbied (daar is wel uitsonderings). Standerds 6 en 7 word in die lig van die aanbevelings van die Komitee insake Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting as verkenningsjare gesien, sodat leerlinge die geleentheid kry om met verskillende skoolvakke kennis te maak alvorens 'n finale skool- en vakkeuse gedoen moet word.

Die vakkeuses wat aan die einde van standerd 5, maar veral standerd 7 met die oog op die senior sekondêre skoolperiode gedoen word, het beroepskeuse-implikasies in dié sin dat sekere beroepsvelde sekere vakkeuses vereis. Die vakkeuses aan die einde van standerd 7 is gegroepeer in studierigtings wat by beroepsrigtings of -velde aansluit en moet derhalwe met groot verantwoordelikheid gedoen word. Hierdie keusesituasie is 'n aangeleentheid waarvoor min standerd 7-leerlinge werklik gereed is. Dit verg besondere insigte by leerlinge, en die ouers is nie altyd bevoeg genoeg om hulp te verleen nie. Die insigte wat onder andere van leerlinge vereis word, behels die beroepskeusemoontlikhede wat 'n bepaalde studierigting inhou, selfbeoordeling, die eise wat 'n bepaalde vak in standerds 8 tot 10 aan die leerling se moontlikhede stel en vakkombinasies wat belangrik is vir bepaalde beroepsrigtings. Hierdie is almal sake waarvan die skoolvoorligter 'n deeglike kennis moet hê en wat meer is, sake waarmee hy elke leerling indiwidueel moet konfronteer en hulpverlenend moet kan optree. Trouens, alle verkennings- en inligtingsgesprekke met 'n leerling behoort uiteindelik af te stuur op uiteindelike raadgewing. Dit beteken dat 'n leerling in die onderhoudsituasie nie net met die feite voorhande gekonfronteer moet word nie, maar ook met sy toekoms sodat sy toekoms verhelder word en hy perspektief daarop kan kry. Derhal=

we moet die hulpverlening van die skoolvoorligter sodanig wees dat die keuseprobleem vir die leerling deursigtelik gemaak sal word. Die uitkoms van suksesvolle onder= houde behoort in verantwoordbare en verantwoordelike vak-, studierigting- en skool= keuses tot uitdrukking te kom.

3. Die onderhoud ten aansien van beroepskeuse-aangeleenthede

Hoewel 'n leerling in die reël in standerds 5 en 7 nog nie intensioneel op 'n defini= tiewe beroepskeuse gerig is nie, beteken dit nie dat daar iets met sy toekomsverwag= tinge skort nie. Inteendeel, die feit dat 'n leerling hom wel aan 'n skool- en vakkeuse waag, wys reeds heen na 'n beroepstoekoms. Die beroepskeusewerklikheid is egter nog nie vir hom so reëel, so lewensnaby dat dit vir die leerling self 'n dringendheid geword het nie. Hy weet egter dat dit 'n keuse is wat met die loop van tyd 'n werklikheid gaan word, en juis daarom het dit sin om hom in standerd 5, maar veral in standerd 7 met die beroepswêreld te konfronteer en vertroud te maak. Dit doen die skoolvoor= ligter in groepsverband of groepsituasies deur middel van groepbesprekings, inligtings= gesprekke, loopbaanstudie en selfbeoordelingskale. Dit is egter noodsaaklik dat in standerd 7 die leerling ook nog in 'n indiwiduele gesprek betrek word om waar nodig, aan die leerling hulp te verleen ten aansien van dit waaroor daar by die leerling nog twyfel mag bestaan.

b. Die senior sekondêre skoolfase (standerds 8-10)

Teen die tyd dat 'n leerling hom in standerd 8 bevind, staan hy aan die einde van sy puberteitsjare en betree hy dikwels reeds die drempel van adolessensie. Die werklik= heid spreek hom nou besonder sterk aan en die beroepskeusewerklikheid word 'n sigbare werklikheid wat vir sommige leerlinge reeds in standerd 8, maar vir die res in standerds 9 en 10 aanbreek. Die ingrypende fisiese, psigiese, sosiale en intellektuele veranderinge en aanpassings van die puberteitsjare is nou verby en die leerling is na al die woelinge en onsekerheid nou meer koersvas. Die leerling beskik nou oor 'n suiwerder siening van sy eie waarde, van sy plek in die gemeenskap, van homself as toekomswese en van die noodsaaklikheid om homself deeglik te bekwaam vir die taak wat voorlê.

'n Leerling op hierdie ouderdom raak al hoe meer bewus van sy identiteit en wel in so 'n mate dat hy hom toenemend van sy maats wil onderskei as iemand "anders". Hierdie andersheid word onder andere openbaar in die soeke na 'n eie identiteit, in 'n gerigt= heid op 'n besondere beroepstoekoms, en in sy besondere toekomsverwagtinge. Die implikasie is dat die leerling in standerd 10 met 'n persoonlike saak soos 'n beroeps= keuse nie langer anoniem in 'n groep wil bly nie, maar hom nou as indiwidu aan sy eie beroepstoekoms wil waag. 'n Groepbespreking as sodanig stel hom dus nie langer tevrede nie en die skoolvoorligter sal hom noodwendig in 'n indiwiduele gesprek moet betrek ten aansien van die volgende sake:

1. Persoonsmoontlikhede

Die leerling in standerds 8 tot 10 is, soos reeds vermeld, by uitstek 'n soeker na identiteit. Te midde van 'n komplekse maatskappystruktuur waarin hy hom daagliks

bevind, moet hy vir homself 'n identiteit ontworstel in die lig van sy eie gegewe persoonsmoontlikhede. Die moderne samelewing maak dit geen maklike taak nie omdat die eise wat die maatskappy aan leerlinge stel, dikwels tot 'n konformistiese ingesteldheid by jeugdiges lei, in plaas van 'n toenemende bevestiging van die eie identiteit. Konfliksituasies gedurende hierdie leeftyd kom vry algemeen voor, maar dikwels is dit net die manifestasie van 'n soeke na die eie identiteit.

Onderhoude behoort nou in intensiteit toe te neem sodat die konformistiese ingesteldheid van die "moderne jeugdige" nie bevorder word nie, maar wel die eie identiteit aan die hand van die Hoogste Waarde. Die skoolvoorligter sal verder verplig wees om sy hulpverlening sterk op die lewenspraktyk in te stel omdat die leerling nou juis met talle nuwe situasies (buite die skool) gekonfronteer word. 'n Leerling word in hierdie tyd onder andere stemgeregtig, hy meld hom aan vir katkisasie met die oog op aflegging van geloofsbelydenis, hy word geregistreer as landsburger, die verhouding met die teenoorgestelde geslag kry 'n sterk erotiese inslag, die verantwoordelikheid ten opsigte van kulturele aktiwiteite neem toe en sy verstandelike potensiaal kry sy beslag en leerlinge weet nie altyd wat hulle ingesteldheid ten opsigte van hierdie sake behoort te wees nie. Dit is die verantwoordelikheid van die skoolvoorligter om leerlinge met raad en daad voor te gaan.

2. <u>Onderwysaangeleenthede</u>

Die leerling word nou nie langer met bepaalde vak- of skoolkeuses gekonfronteer nie. Sy grootste taak is om die keuse wat hy wel gedoen het, tot die uiterste konsekwensies deur te voer. Die moontlikheid dat daar twyfel en dikwels ook wanhoop kan intree wanneer die verwagtinge nie bereik word nie, is reëel sodat die skoolvoorligter hom ook ten aansien van hierdie saak nie heeltemal kan onttrek nie. Leerlinge wat enigsins blyke gee van onsekerheid behoort so gereeld as moontlik in 'n onderhoud betrek te word. Dieselfde geld vir leerlinge wat onder andere studieprobleme en sosialiseringprobleme ondervind.

3. <u>Beroepskeuse-aangeleenthede</u>

In standerd 8 word sommige leerlinge reeds voor die voldonge feit van 'n beroepskeuse gestel, terwyl die oorgrote meerderheid eers in standerd 10 voor die keuse van beroepe gestel word. Vanaf standerd 8 word daar 'n begin gemaak met intensiewe loopbaanstudie en teen hierdie tyd behoort die skoolvoorligter oor 'n redelik volledige persoonsbeeld van elke leerling te beskik. Wanneer 'n leerling dan in 'n onderhoud betrek word, beskik die leerling reeds oor sekere basiese insigte ten aansien van homself en die beroepswêreld. In die onderhoud word hierdie insigte geëvalueer, georden, geïnterpreteer en uiteindelik ook geïntegreer. Nou is dit veral ten aansien van die integrasie van hierdie insigte dat die raadgewingsmoment betekenisvol word, omdat 'n sinvolle integrasie 'n realistiese toekomsperspektief by die leerling veronderstel. Die leerling moet self tot sodanige persoonsbeeld-beroepsbeeld-integrasie kom met die hulp van die skoolvoorligter.

## 5.8 PERSPEKTIEF

Daar is in hierdie hoofstuk gepoog om aan die skoolvoorligter enkele riglyne te verskaf aan die hand waarvan hy sy praktyk behoort in te rig. Daar word besef dat 'n gesprek van hierdie aard nie resepmatig vasgelê kan word nie, omdat daar ook ander faktore is wat die aard en sukses van die onderhoud in die skoolvoorligtingsituasie bepaal. Die lewens- en wêreldbeskouing van die skoolvoorligter, sy persoonlike insig in die raadgewingsituasie, sy verhouding tot die leerling, sy eie besondere persoon=likheid, sy belangstellinge en verwagtinge is almal faktore wat daartoe lei dat hy sy eie stempel op die gesprek sal afdruk. Wat hy egter nooit uit die oog mag verloor nie, is dat hy as opgeleide skoolvoorligter 'n hoogs gespesialiseerde taak verrig. Die onderhoud in die skoolvoorligtingsituasie is ook 'n gespesialiseerde taak waarvan die skoolvoorligter vir homself ten alle tye deeglik rekenskap moet kan gee. Hierdie hoofstuk behoort in die lig hiervan van groot waarde vir die skoolvoorligter te wees.

HOOFSTUK 6

# DIE ORGANISASIE VAN DIE SKOOLVOORLIGTINGSPROGRAM

## 6.1 INLEIDING

Die doelstellings met skoolvoorligting, soos in hoofstuk 1 uiteengesit, kan nie ge=realiseer word sonder die instelling van 'n prakties uitvoerbare (verantwoordbare) voorligtingsprogram op skool nie. Sodanige program sluit 'n menigte aspekte in waaronder inruiming van tyd op die skoolrooster, fisiese geriewe vir die implementering van die program en opgeleide skoolvoorligters. Die instelling van 'n skoolvoorlig=tingsprogram verg deeglike beplanning en organisasie van die kant van die onderwys=owerhede. Hiervoor is ook 'n deeglik beplande beheerstruktuur op departementsvlak nodig.

In hierdie hoofstuk sal egter meer aandag gegee word aan die organisasie van die voorligtingsprogram op skool.

## 6.2 VOORLIGTING OP PRIMêRE SKOOLVLAK

By 'n nadere beskouing van skoolvoorligting aan die primêre skool ontstaan die vraag na die wenslikheid en nodigheid al dan nie van intensiewe voorligtingsbemoeienis met leerlinge op hierdie vlak. Vir die beantwoording van hierdie vraag moet daar veral rekening gehou word met die behoeftes van die leerlinge in hierdie skoolfase soos deur hulle wordingsniveau (ontwikkelingspeil) bepaal. Ten aansien van laasgenoemde dien die volgende in oorweging geneem te word:

a. Vir leerlinge in die primêre skool is beroepskeuses nie aktueel nie, want die beroepswerklikheid spreek hulle op hierdie stadium nog nie sterk aan nie. Hulle belangstelling in spesifieke beroepe is grotendeels affektief gekleur. Verder is die leerlinge se selfkonsep grotendeels diffuus, omdat hulle nog na eie identiteit soek. Totdat die stadium bereik is waar hulle belangstellings en aanleg duideliker uitgedifferensieer en hulle selfkonsep ook duideliker vorm aangeneem het, het beroepskeuses nie vir hulle werklik sin en betekenis nie.

b. In die junior en senior primêre skoolfase is nie sprake van 'n onderwyskeuse nie. Teen die einde van standerd 5 moet 'n keuse gedoen word oor 'n skooltipe in standerd 6 asook oor 'n kursuskeuse (gewone/praktiese kursus) en enkele keusevakke. Vanweë die wordingsniveau (ontwikkelingspeil) waarin standerd 5-leerlinge hulle bevind, kan daar nie van hulle verwag word om selfstandig 'n sinvolle keuse te doen oor 'n skooltipe en vakkeuse vir standerd 6 nie. Voor=ligtingshulp sal aan hulle en hulle ouers in dié verband gegee moet word. Vir sover dit voorligting aan leerlinge betref, sal inligting aangaande die keusemoontlikhede in standerd 6 en die implikasies van die keuse vir hulle verdere skoolloopbaan gegee moet word. Hierdie taak kan deur die skoolhoof en/of skoolvoorligter verrig word. Die beroepsoriënteur van die departementele skoolvoorligtingsdiens se hulp behoort ook vir hierdie doel ingeroep te word.

Met die oog hierop behoort daar gedurende die laaste kwartaal/termyn in standerd 5 een periode per week afgestaan te word aan voorligting. Dié periode kan ook dien as oriënteringsperiode met betrekking tot die leerlinge se toetrede tot die sekondêre skool. Inligting in groepsverband moet opgevolg word met 'n raadgewings=gesprek met elke indiwiduele leerling.

Dit is egter die ouers wat die grootste invloed op hul kinders se uiteindelike skool-, kursus- en vakkeuses uitoefen. Gevolglik behoort hulle by die voorligtingsprogram betrek en volledig ingelig te word oor die skool- en vakkeuses wat hulle kinders kan doen. Hulle moet ook ingelig word oor wat hul kinders se moontlikhede is, sodat daar in die lig van laasgenoemde 'n sinvolle keuse gedoen kan word.

Afgesien van die standerd 5-leerlinge wat voor skool-, kursus- en vakkeuses te staan kom, is daar ook nog leerlinge in die junior en senior primêre skoolfases wat op verskeie ander terreine intensiewe hulp nodig het. Dit het betrekking op skoolgereed=making, ortodidaktiese, ortopedagogiese en sosio-pedagogiese en mediese hulpverlening. Hierdie vorms van hulpverlening val egter grotendeels buite die bestek van die skoolvoorligtingsprogram wat deur die skool self aangebied kan word. Deskundiges aan departementele skoolvoorligtingsklinieke behoort hierdie probleme te hanteer soos in hoofstuk 4 verduidelik.

## 6.3 VOORLIGTING OP SEKONDÊRE SKOOLVLAK

### 6.3.1 Die posisie van die skoolvoorligter aan die sekondêre skool

In die sekondêre skool word leerlinge uiteindelik onder andere voor die taak gestel om 'n keuse te doen ten opsigte van verdere studie en beroepe. Die taak van die sekondêre skool in hierdie verband is om die leerlinge te begelei sodat hulle verantwoordbare keuses kan doen. Om hierdie doel te kan bereik, moet deeglik opgeleide skoolvoorlig=ters by die skole beskikbaar wees en die nodige fasiliteite moet verskaf word. Die taak van die skoolvoorligter word vervolgens bespreek.

### 6.3.2 Die inligtingsfunksie aan die ouers

a. Die skoolvoorligter in die skool moet sy spreekure in die namiddag sodanig reël, sodat hy/sy ook beskikbaar is om ouers van leerlinge na hul werksure te woord te staan.

b. Die skoolvoorligter moet periodiek algemene inligtingsbriewe, na oorlegpleging met die skoolhoof, aan ouers van leerlinge stuur om hulle, onder andere, op die hoogte te hou met skoolvoorligtingsprojekte waarmee die leerlinge besig is, be=kend te stel met die dienste wat die skoolvoorligtingsdiens hulle bied deur middel van inligtingstukke wat deur die hoofkantoor van die skoolvoorligtingsdiens verskaf is, om deur middel van hierdie inligting ouers se samewerking in belang van hul kinders op skool te verkry. Sodanige inligtingsbriewe kan deur die leerlinge self tuis versprei word.

c. Wanneer die skoolvoorligter spesifieke sake in verband met indiwiduele leerlinge aan die ouer wil meedeel, kan hy dit in sy kantoor bespreek tydens 'n onderhoud

met die ouer en na gelang van omstandighede kan die skoolhoof ook by die samespreking betrek word. ŉ Uitnodiging na dergelike samesprekings kan per gewone korrespondensie via die skoolhoof geskied.

d. Hy moet periodiek ouer-voorligtervergaderings in oorleg met die skoolhoof reël waartydens inligting aan spesifieke groepe van die ouergemeenskap oorgedra kan word. Voorbeelde van spesifieke groeperings van ouers is ouers van onder andere nuwe standerds 5-, 6- en 7-leerlinge met die oog op vak- en studierigtingskeuse en skoolverlaters.

6.3.3 Die inligtingsfunksie aan die onderwysers

a. Die skoolvoorligter by die skool moet sy/haar spreekure sodanig reël dat hy/sy op vasgestelde tye vir afsprake met onderwysers, wat vooraf met hom/haar reëlings getref het, beskikbaar sal wees.

b. Hy/sy behoort sorg te dra dat die onderwyspersoneel volkome op die hoogte is met die dienste en aktiwiteite van die skoolvoorligtingsdiens om sodoende maksimale benutting van die diens deur, en algehele samewerking met die onderwys=personeel te bewerkstellig.

c. Hy/sy behoort indiwiduele of alle betrokke onderwysers van advies te dien ten aansien van hul verwagtings van, en optrede teenoor leerlinge (didaktiese en ortodidaktiese (remediërende programme) hulpverlening) wat na sy/haar oordeel die spesiale aandag van die onderwysers nodig het.

d. Hy/sy behoort alle personeelbesprekings by die skool, waartydens indiwiduele of groepe van leerlinge bespreek word, by te woon en telkens die personeel van advies en inligting ten aansien van dié leerlinge te dien.

6.3.4 Die inligtingsfunksie aan die leerlinge

a. Inligting in groepsverband

1. Die skoolvoorligter reël in samewerking met die onderskeie vakonderwysers, vakbesprekingsgroepe vir die leerlinge oor onder andere -

   (a) ŉ breë kursusinhoud-oriëntasie, veral met die st. 5- en st. 7-leerlinge;

   (b) verantwoorde studiemetodes;

   (c) beroepsimplikasies van studierigtings en van spesifieke vakke, en

   (d) kursus- en vakkeuses vir die junior sekondêre skoolfase, keuse van vakke op die hoër en standaardgraad, studierigtingkeuse vir sover dit vir die betrokke skool geld en skoolkeuse indien die betrokke skool nie in die leerlinge se onderwysbehoeftes voorsien nie.

2. Hy/sy behoort in samewerking met die skoolhoof leerlinge periodiek en in elk geval tydens toetrede tot die sekondêre skool, oor die skoolvoorligtings=diens en die algemene skoolorganisasie in te lig.

3. Die skoolvoorligter by die skool kan in oorleg met die skoolhoof die besoeke van werwingsinstansies organiseer na gelang van die onderwysdepartement se beleid in hierdie verband.

4. Hy/sy kan ook met toestemming van die Onderwysdepartement besoeke van werkgewers, werknemers, beroepskundiges, jeugorganiseerders, senior studente en voorlig= tingspersoneel van die skoolvoorligtingsklinieke aan die skool organiseer. Hierdie besoeke kan onder andere die vorm aanneem van lesings, besprekings, debatte, vraesessies of mondelinge gesprekke, en hierdie inligting behoort in die skoolvoorligtingsprogram geïntegreer te word deur middel van temabespre= kings.

5. Hy/sy kan besoeke aan werkplekke vir homogene groepe leerlinge reël.

6. Besoeke aan en van persone of instansies behoort sodanig deur die skool= voorligter georganiseer te word, dat dit onder alle omstandighede deel uit= maak van beplande skoolvoorligtingsprojekte. Inligting op dié wyse bekom, behoort volgens die voorskrifte van die skoolvoorligter gedokumenteer, geïndekseer en periodiek op datum gebring te word en as inligtingsbronne vir gebruik deur leerlinge in die inligtingsbiblioteek geliasseer te word. Die projekte kan onder andere die volgende insluit:

   (a) Geskrewe memoranda;

   (b) plakboeke;

   (c) onderhoude, voordragte, kommentaar op kassetbande;

   (d) voorbeelde saamgestel deur leerlinge tydens besoeke aan werkplekke of instansies;

   (e) foto's, kleurskyfies, en

   (f) kombinasies van bogenoemde wyses van inligtingdokumentasie.

7. Die skoolvoorligter behoort ook die volgende aspekte van die inligtings= biblioteek te organiseer:

   (a) Die beskikbaarstelling van materiaal uit die inligtingsbiblioteek vir uitstallingsprojekte deur verskillende klas- of vakgroepe.

   (b) Duplikaat-indekskaarte van alle relevante skoolvoorligtingsliteratuur in die skoolbiblioteek behoort ook in die inligtingsbiblioteek beskik= baar gestel te word.

   (c) Duplikaat-indekskaarte van alle inligtingsbronne in besit van die inligtingsbiblioteek kan ook in die katalogus van die skoolbiblioteek opgeneem word met duidelike aanduiding van waar die bronne verkrygbaar is.

   (d) Aanbeveling vir die aankoop van literatuur wat op die skoolvoorligtings= program betrekking het, word periodiek by die skoolbibliotekaris (es) aanbeveel.

8. Die skoolvoorligter inisieer leeskringe en studiegroepe oor bepaalde onderwerpe as projekte waarby verskillende groepe leerlinge betrek word.

b. Inligting in indiwiduele verband

1. Wanneer 'n leerling oor genoegsame algemene beroepskennis beskik wat gedurende die groepsloopbaanstudie ingesamel is, en sy beroepsrigtingkeuse toegespits het op 'n spesifieke beroep of beroepsrigting, -groep of -veld, behoort hy/sy beroepsontleding of beroepstudie van die geselekteerde beroepe onder leiding van die skoolvoorligter te doen. Hierdie projekte moet in indiwiduele verband met die leerling beplan en na afhandeling met hom bespreek word ten einde die verantwoordbaarheid van gevolgtrekkings te bepaal.

2. Die skoolvoorligter kan selfs samesprekings met werkgewers en werknemers vir indiwiduele leerlinge reël.

6.3.5 Die diagnostiserings- of verkenningsfunksie

a. Die skoolvoorligter stel stelselmatig persoonsbeelde van alle leerlinge saam wat in die persoonlike lêer van elke leerling geliasseer word.

b. Belangstellingsvraelyste, selfskattingskale, verstandstoetse en persoonlikheidsvraelyste word deur die skoolvoorligter (of departementele skoolvoorligtingsbeampte) in groepsverband ingeskakel. Alle ander ondersoeke ten aansien van onderwys-, beroeps- en persoonstruktuurvoorligting geskied in indiwiduele verband.

c. Wanneer dit duidelik blyk dat daar 'n intensiewe ondersoek by die skoolvoorligtingskliniek ten aansien van 'n leerling gedoen moet word, behoort hertoetsing binne 'n bepaalde tydperk voorkom te word.

d. Die skoolvoorligter kan vakonderwysers op grond van sy/haar diagnostisering ten aansien van remediële onderrig adviseer.

6.3.6 Reëlings in verband met onderhoude

a. Die skoolvoorligter reël onderhoude met leerlinge op eie inisiatief of op versoek van die leerlinge, hul ouers en vakonderwysers.

b. Die skoolvoorligter reël onderhoude met ouers skriftelik. Dit word gedoen ten einde 'n afskrif in die leerling se lêer te plaas vir latere verwysing.

c. Die gebruik van 'n onderhoud-afspraakboek word sterk aanbeveel aangesien dit die organisasie vir die skoolvoorligter baie vergemaklik.

d. Waar ouers 'n onderhoud met die skoolvoorligter aangevra het, sal die goeie verhouding tussen sodanige ouers en die skool versterk word indien hulle op die hoogte gehou word met verdere bemoeienis met die leerling in dié verband en veral oor vordering wat gemaak word.

e. Wanneer onderhoude met 'n leerling implikasies inhou met betrekking tot onder andere die leerling se verhouding tot die onderwyspersoneel (binne of buite klasverband) of sy skolastiese vordering, moet die skoolvoor= ligter die samewerking van die betrokke personeel verkry en hulle van die nodige inligting voorsien. Sodoende sal sorg gedra kan word dat daar onder spesifieke omstandighede met die nodige begrip met leerlinge gehandel word en kan die verdere gedragspatroon van die leerling met die personeel bespreek word.

f. Die skoolvoorligter moet te alle tye die gang van raadgewing en terapie, van watter aard ook al, asook, inligting voortspruitend uit alle indiwi= duele bemoeienis met leerlinge, onder die aandag van die skoolhoof bring. Hierdie kennisgewing aan die skoolhoof kan òf geskied by wyse van die al= gemene verslag wat periodiek aan die skoolhoof voorgelê word, òf by wyse van persoonlike mededeling, waartydens die skriftelik saamgestelde inligting ook aan die skoolhoof beskikbaar gestel sal word.

6.3.7 <u>Die verwysingsfunksie</u>

a. Wanneer 'n leerling vir 'n ondersoek na die skoolvoorligtingskliniek ver= wys word, behoort die skoolvoorligter die betrokke leerling se persoon= like lêer aan die hoof van die skoolvoorligtingskliniek ter insae te stuur voordat die leerling vir sy onderhoud opdaag. Sodanige verwysing geskied <u>altyd</u> met die toestemming van die ouers.

b. Wanneer die skoolvoorligter vasstel dat mediese sorg by 'n leerling nodig is, moet hy die leerling en sy ouers daarvan in kennis stel en met hulle toestemming die leerling verwys na provinsiale hospitaaldienste of skoolmediese klinieke. Hierdie prosedure moet gevolg word wanneer die aard van die mediese ondersoek sodanig is dat dit nie deel uitmaak van 'n volledige diagnostiseringsprogram nie. Onder alle ander omstandighede waar mediese en/of fisiese probleme vermoed word as gevolg waarvan die leerlinge probleme ondervind, moet die leerling na die skoolvoorligtings= kliniek verwys word, waar reëlings vir gespesialiseerde ondersoeke getref kan word. In so 'n geval word die volledige onderoek, in samewerking met die skoolvoorligter van die leerling, deur die personeel van die skoolvoorligtingskliniek afgehandel.

c. Die skoolvoorligter verwys leerlinge na die skoolvoorligtingskliniek met aanbeveling vir oorplasing na buitengewone of spesiale onderwys.

d. Onder alle omstandighede behoort die verwysing van leerlinge deur die skoolvoorligter, na beraad met en goedkeuring van die skoolhoof te geskied.

6.3.8 <u>Die skoolvoorligter se skakeling met die skoolhoof en onderwysers(esse)</u>

a. Die skoolvoorligter ontvang alle opdragte (intern en komende van die skoolvoorligtingskliniek) van die skoolhoof self aan wie hy ook in die

eerste instansie verantwoordelik is vir die uitvoering van sy pligte. Die skoolvoorligter se skakeling met die skoolvoorligtingskliniek geskied ten opsigte van alle voorligtingswerksaamhede via die skoolhoof.

b. Die skoolvoorligter voer sy werksaamhede uit in oorleg met die skoolhoof en departementele voorskrifte.

c. Vir die optimale voltrekking van die opvoedingsituasie in die skool is dit nodig dat sowel die skoolhoof as sy personeel elke leerling so goed as moontlik moet ken. Vir die skoolvoorligter is dit ewe waar aangesien dit sy taak is om inligting aangaande elke leerling te bekom waardeur hy 'n duidelike persoonsbeeld van elke leerling kan opbou. 'n Metode wat met groot vrug aangewend kan word, is die klasbespreking. Die skoolhoof reël dat alle vakonderwysers van 'n spesifieke klas saam met hom en die voorligteronderwyser vergader en elke leerling se situasie word indiwidueel bespreek. Die leerling se arbeidsingesteldheid, prestasie en gedrag kan ter sprake kom. Moontlike faktore wat 'n leerling verhinder om sy moontlikhede te realiseer kan ook genoem word. Indien onderwysers insig verkry in die sogenaamde "moeilike leerling" se situasie sal vanuit 'n ander perspektief met hulle gehandel kan word. Die voorligter=onderwyser kan met vrug leiding neem in hierdie besprekings en onderwysers van raad dien ten opsigte van die handeling met leerlinge met probleme.

d. Die persoonlike lêers behoort vir die onderwysers ter insae te wees in die skoolvoorligter se kantoor sodat hulle 'n beter begrip van leerlinge kan kry (behalwe vertroulike verslae).

6.3.9 <u>Die voorsiening vir skoolvoorligting in die skoolprogram</u>

a. Gedurende die laaste termyn/kwartaal in standerd 5 asook gedurende die hele jaar vir standerds 6 tot 10 behoort een periode per klas per week afgestaan te word vir voorligting in groepsverband.

b. Die skoolvoorligter reël in oorleg met die hoof en vakonderwysers afsprake met leerlinge vir voorligting gedurende of buite amptelike skoolure.

c. Diagnostisering in indiwiduele verband kan na skoolure geskied ter wille van die voordeel van 'n ononderbroke en rustige ondersoeksituasie.

d. Die skoolvoorligter moet in die namiddag op kantoor wees vir onderhoude met indiwiduele leerlinge, ouers en onderwysers, die afhandeling van administratiewe take en vir beskikbaarstelling van die inligtingsbiblio=teek aan leerlinge. Daar word aanbeveel dat hy sy kantoorure gedurende een van die middae so reël dat ouers van leerlinge hom na hulle eie werksure kan besoek.

6.3.10 <u>Die skakeling tussen die skoolvoorligter en die skoolvoorligtingskliniek</u>

a. Goeie verstandhouding tussen die personeel van die skoolvoorligtingsdiens en die skoolvoorligter sal tot die voordeel van elke leerling en van die

hele skool wees.

b. Die skoolvoorligter bring onmiddellik gevalle van leerlinge met ernstige probleme (byvoorbeeld leerprobleme en gedragsprobleme) onder die aandag van die personeel van die skoolvoorligtingskliniek (of soos deur die betrokke Onderwysdepartement bepaal).

c. Die skoolvoorligter aan die skool en die skoolvoorligter aan die kliniek bespreek van tyd tot tyd die probleme van spesifieke leerlinge na aan= leiding van ondersoeke wat gedoen is of onderhoude wat gevoer is.

d. Waar groeptoetse deur leerlinge aan die skool afgelê moet word, kan die skoolvoorligter dit self hanteer, indien hy gekwalifiseer is daarvoor, of hy reël vir die afneem van die toets en help die personeel van die kliniek daarmee.

6.3.11 <u>Die beheer oor en inspeksie van die skoolvoorligtingsdiens aan die skool</u>

a. Die skoolvoorligtingsdiens by die skool sal deur die skoolhoof of departe= mentshoof beheer word volgens voorskrifte wat hy van die skoolvoorligtings= dienshoofkantoor ontvang.

b. Die skoolhoof sal hom moet vergewis dat die skoolvoorligtingsdiens aan die skool doeltreffend geïmplementeer word.

c. Die onderlinge skakeling tussen die skoolhoof en die skoolvoorligter behoort sodanig te wees dat die skoolhoof voortdurend op die hoogte sal wees met die werksaamhede van die skoolvoorligter.

d. Met die oog op koördinasie in en evaluering van die diens, behoort perso= neel van die skoolvoorligtingshoofkantoor en/of die lokale skoolvoorlig= tingskliniek van tyd tot tyd inspeksie van die skoolvoorligtingsdiens by die skool uit te voer.

e. By hierdie geleentheid sal nie net 'n evaluering van die voorligtingsakti= witeite gedoen word nie, maar sal die skoolvoorligter ook deur ervare personeel van raad en hulp gedien word.

f. Hierdie inspeksie geskied met vooraf kennisgewing aan en in samewerking met die skoolhoof, aan wie daar ook volledig verslag gedoen sal word van bevindings en aanbevelings.

6.3.12 <u>Verslaghouding deur die skoolvoorligter</u>

a. <u>Persoonlike lêers van leerlinge</u>

1. Aan die begin van die standerd ses jaar moet die skoolvoorligter 'n per= soonlike lêer vir elke leerling open waarin alle inligting aangaande die leerlinge vir die volle duur van hulle sekondêre skoolloopbaan versamel word. Enige inligting wat van die primêre skool af gekom het oor 'n leer= ling moet op sy persoonlike lêer geplaas word (byvoorbeeld inligting verkry van die Kumulatiewe Verslagkaart soos opmerkings wat jaarliks deur

die klasonderwyser opgeteken word).

2. In hierdie persoonlike lêer kan, onder andere, die volgende geliasseer word:

   (a) Anamnestiese (agtergrond-) gegewens (historisiteitsbeeld) soos gesinsamestelling en omstandighede, omstandighede van geboorte, fisiese ontwikkeling, kindersiektes, ongelukke en ander traumatiese belewinge.

   (b) Verslae van alle ondersoeke (deur skoolvoorligtings- en ander personeel uitgevoer) soos onder andere intelligensie-, aanleg-, skolastiese prestasie- en belangstellingsondersoeke asook ondersoeke deur gebruikmaking van observasie- en projeksiemedia.

   (c) Gegewens insake die leerling se deelname aan en prestasie in sowel skoolse as buiteskoolse aktiwiteite, soos onder andere sport, kulturele en godsdienstige aktiwiteite.

   (d) Mediese verslae oor leerlinge met betrekking tot onder andere gesondheidstoestand, kindersiektes, gebreke en tekorte.

   (e) Verslae oor raadgewende en terapeutiese onderhoude met leerlinge, en verslae van onderhoude met onder andere ouers, onderwys- en skoolvoorligtingskliniekpersoneel met betrekking tot probleme van leerlinge.

   (f) Inligting insake vryetydsbesteding van leerlinge.

   (g) Skoolvordering van die leerlinge in die vorm van prestasieprofiele.

   (h) Gegewens oor die beroepswense en -belangstellings van ouers vir hul kinders en van die leerlinge self.

3. Gegewens van leerlinge of hul gesinslede wat intiem-persoonlik van aard is of wat op kriminele aktiwiteite betrekking het en wat die betrokkenes op enige tydstip kan benadeel, sal nie op skrif gestel word nie, tensy die relevansie en omvang van die gegewens van so 'n aard is dat dit dokumentasie ter wille van volledige historisiteitsverkenning en verdere diagnose regverdig. Waar die skoolvoorligter, na groot omsigtigheid, dit nodig vind om gegewens van hierdie aard te dokumenteer, sal dit binne 'n streng vertroulik gemerkte omslag wat slegs numeries met die persoonlike lêer van die betrokke leerling geïdentifiseer is, geliasseer en in die skool se brandkluis geberg word. Hierdie streng vertroulike lêer bly onder alle omstandighede die eiendom van die betrokke skool en sal nie by die persoonlike lêer van die leerling ingesluit word nie. Lêers van streng vertroulike aard sal na 'n periode van vyf jaar nadat die leerling sy skoolloopbaan afgesluit en die skool verlaat het, vernietig word.

Die persoonlike lêer van 'n leerling is die eiendom van die onderwysdepartement onder wie die leerling ressorteer, en word nie aan private persone beskikbaar gestel nie. Wanneer 'n leerling van skool verwissel - verwisseling tussen skole van dieselfde onderwysdepartement of wanneer die leerling na 'n skool van 'n ander onderwysdepartement gaan - word die persoonlike lêer op aanvraag van die skoolvoorligter van die leerling se nuwe skool per aangetekende pos aangestuur. Die skoolvoorligter wat die lêer afgestuur het, moet aanteken na watter skool die lêer gestuur is.

b. Kantooradministrasie

Die aard van die skoolvoorligter se werk vereis dat hy 'n groot mate van administratiewe pligte moet vervul. Dit word veral veroorsaak deur die diversiteit in die funksies wat hy het (byvoorbeeld die versameling van in= ligting oor die beroepswêreld, die organisasie van 'n biblioteek, die versame= ling van inligting oor elke leerling, die skakeling met ouers, universiteite en werkgewers, die skakeling en samewerking met die skoolhoof en personeel, diagnostisering van leerlinge, onderhoude met leerlinge en andere). Daar moet gewaak word teen die oorbelading van die skoolvoorligter met administra= tiewe pligte sodat hy nie verhinder word om sy werklike taak, die steungewing aan leerlinge ten aansien van hulle keuse-uitoefening in skool- en beroeps= verband, uit te voer nie. In menige state en skooldistrikte in die VSA het dit reeds gebeur sodat daar tans heftig beswaar gemaak word teen die admini= stratiewe oorbelading van skoolvoorligters. Die "mislukking" van skoolvoorligting in sommige van daardie skooldistrikte word direk aan genoemde faktor toegeskryf.

As personeellid onder beheer van die skoolhoof moet die skoolvoorligter egter verslag doen van sy werk by wyse van 'n verslagboek en voorbereidingsboek of soos deur onderwysdepartemente voorgeskryf word. Verder word daar deur die Skoolsielkundige en Voorligtingsdiens vereis dat die skoolvoorligter sekere kwartaal- of jaarverslae sal opstel waarin melding gemaak word van die aantal onderhoude gevoer met ouers en leerlinge, aantal ondersoeke gedoen en ander inligting.

Ten einde suksesvol te wees in 'n werk wat so 'n verskeidenheid van pligte behels, is dit noodsaaklik dat daar sistematies te werk gegaan moet word. 'n Doelgerigte, sistematiese werkswyse waar die skoolvoorligter nougeset sy werk doen, verg harde werk, maar verseker dat hy selfversekerd sy taak kan verrig. Twee hulpmiddels waarsonderd die skoolvoorligter nouliks kan klaar= kom, word kortliks bespreek:

1. Die onderhoudafspraakboek

'n Afspraakboek kan in die vorm van 'n dagboek bygehou word. Alle afsprake met ouers, onderwysers, personeel verbonde aan die skoolvoorligtingsdiens, leerlinge en ander persone word hierin aangeteken. Die volgende gegewens kan aangeteken word : datums waarop onderhoude aangevra, bevestig en gevoer is;

naam, standerd en/of adres van persone wat die skoolvoorligter besoek het of wat deur hom besoek is; naam en standerd van die leerling oor of met wie die onderhoud gevoer word; 'n beknopte aanduiding van die aard van die probleem wat bespreek word.

Hierdie boek dien as 'n goeie verwysing na werk wat afgehandel is (veral met die oog op verslae wat ingedien moet word), maar is ook 'n goeie bron wanneer voorbereiding vir 'n dag se werk gedoen en beplan word.

2. Die voorbereidingsboek

Ten einde 'n gladde verloop in sy daaglikse werksaamhede te bewerkstellig, moet die skoolvoorligter daagliks intensiewe voorbereiding doen vir dit wat hy beoog om die volgende dag te doen. Sy werk is van 'n hoogsgespesialiseerde aard en sonder deeglike voorbereiding verval dit in 'n lukraak praktyk.

Indien daar om enige rede afgewyk word van die beplande program vir 'n dag, behoort dit aangeteken te word in die voorbereidingsboek met redes vir eie kennisname. In die voorbereidingsboek kan vir die volgende aktiwiteite beplan word:

(a) Alle groeptoetse wat deur die skoolvoorligter afgeneem moet word of waarmee hy behulpsaam moet wees.

(b) Alle besoeke wat aan ouerhuise en ander instansies afgelê gaan word met 'n baie kort toeligting van die aard daarvan.

(c) Alle lesvoorbereidings, waaronder groepbesprekings en loopbaanstudies, take en opdragte aan leerlinge.

(d) Die skriftelike voorbereiding vir onderhoude wat met leerlinge gevoer gaan word, word in die leerling se persoonlike lêer gehou en hoef nie in die voorbereidingsboek gedoen te word nie. Die voorbereiding word op 'n voorgeskrewe vorm gedoen. Leerlinge met wie die skoolvoorligter 'n onderhoud gaan voer se persoonlike lêer word die vorige dag uit die kabinet gehaal en kan ná die voorbereiding eenkant neergesit word vir die volgende dag se onderhoud.

(e) Onderhoude wat met die skoolhoof en ander persone gevoer gaan word.

Behalwe vir die noodsaak aan sistematiese voorbereiding, dien die voorbereidingsboek ook as handige bron wanneer verslag gedoen moet word oor afgehandelde werk.

6.3.13 Die voorligtingsperiode

Gedurende die weeklikse voorligtingsperiode wat vir elke klas ingeruim is op die skoolrooster, gee die skoolvoorligter onderrig in sy vak. Hier word hy voor die taak gestel om ten aansien van aanbiedingswyse (lestipe), metodes van onderrig en hulpmiddels 'n keuse uit te oefen.

Weens die aard van die inhoud wat betrokke is in die voorligtingsles en veral weens die praktiese aard van 'n groot deel daarvan, leen die voorligtingsles hom tot 'n verskeidenheid van aanbiedingswyses.

a. Klasbesprekings

Veral by die senior sekondêre leerlinge kan klasbesprekings met groot welslae as metode aangewend word. Op daardie stadium is 'n verskeidenheid van onderwerpe, byvoorbeeld oor die persoonstruktuur (persoonskwaliteite) sowel as oor die beroeps=wêreld geskikte inhoud vir klasbesprekings. Leerlinge moet egter reeds in die junior sekondêre fase met hierdie metode kennis maak. Baie kan daardeur bereik word deurdat hulle aktief en denkend moet deelneem en so hulle perspektief op die werklik=heid (veral die beroepswerklikheid) verbreed.

Vir die aanwending van hierdie metode kan verskeie werkswyses gevolg word. 'n Klas kan in vier of vyf besprekingsgroepe verdeel word. Die groepe kry 'n paar minute waarin elke groepie afsonderlik die gegewe onderwerp bespreek. 'n Groepleier van elke groep doen nou verslag voor die hele klas van die belangrikste uitkomste van die groep se bespreking. Die skoolvoorligter kan nou die groepleiers se voordrag reduseer tot die essensiële en die onderwerp vanuit 'n ander perspektief belig waarna 'n skriftelike samevatting van die uitkomste gemaak kan word.

'n Tweede metode is dat daar oor 'n onderwerp gedebatteer kan word. Verder kan 'n ope bespreking gehou word waar leerlinge geleentheid kry om hulle mening te gee nadat die skoolvoorligter die onderwerp ingelei het. Klasbespreking moet as metode gebruik word slegs wanneer die skoolvoorligter oortuig is dat die onderwerp die leerlinge aanspreek, met ander woorde as die saak onder bespreking vir hulle lewensnaby is en binne hulle bevatlikheidsvermoë val.

b. Loopbaanstudie

Die keuse van 'n loopbaan spreek leerlinge veral aan die begin van die junior sekondêre skoolfase nog nie sterk aan nie. Hulle moet egter nou reeds begin om die beroepswêreld te verken. Onderwerpe van 'n algemene aard kan aan hulle gegee word. Waar indiwiduele leerlinge egter in 'n spesifieke beroepsrigting belangstel, moet hulle aangemoedig en gehelp word in die verkenning daarvan. In standerd 8 moet begin word om met indiwiduele voorkeure van leerlinge rekening te hou wanneer loopbaanstudie gedoen word.

Loopbaanstudie moet altyd gepaard gaan met die begeleiding van die skoolvoorligter. Leerlinge moet presies weet hoe loopbaanstudie aangepak word en watter aspekte van 'n loopbaan ondersoek word. 'n Skema kan aan hulle gegee word aan die hand waarvan hulle sistematies verkenning van 'n beroep/beroepsrigting kan doen.

Wanneer daar in erns begin word met loopbaanstudie moet die leerlinge ook ingelig word aangaande tersiêre opleiding sodat hulle op die hoogte is met toelatingsvereistes, studierigtings en duur van opleiding aan tersiêre onderwysinrigtings. Hierdie lesse moet aan alle klasse gegee word vir wie dit relevant is. Die voorligtingsbiblioteek

moet die nodige inligting berg wat leerlinge in hierdie verband nodig mag kry. Indien nodig moet leerlinge onder leiding van die voorligteronderwyser briewe skryf aan betrokke instansies en inligting aanvra in verband met beroepe en studiemoontlik=hede.

c. Die voorligtingsles

Die doel van die voorligtingsperiode is onder andere die oordra van spesifieke inhoude aan die leerlinge en hierin verskil die voorligtingsles dus nie van enige ander periode op die skoolrooster nie. Die inhoude word by leerlinge tuisgebring by wyse van 'n spreekles, klasbesprekings en soms loopbaanstudies. Verskeie hulpmiddels kan ingespan word om veral die beroepswêreld meer konkreet aanskoulik voor te stel as deur middel van die gewone les (vertelmetode).

Films kan 'n belangrike deel uitmaak van die hulpmiddels. Wanneer die beroepswerklik=heid vir kinders so toeganklik gemaak word, spreek die inhoud wat aan hulle oorgedra word, hulle sterker aan, want dit is lewensgetrou en weens die visueel-aanskoulike aard daarvan ook meer interessant. Die filmles verg deeglike voorbereiding van die skoolvoorligter. In die eerste plek moet hy films so kies dat hulle goeie eksemplare is van die spesifieke beroepsrigtings wat uitgebeeld moet word. Die film moet vooraf deur die skoolvoorligter bestudeer word, sodat leerlinge vooraf ingelig kan word oor waarna opgelet moet word en sodat aktuele vrae na die vertoning van die film gevra kan word. Sodanige vrae kan leerlinge se belangstelling in die spesifieke beroep gaande maak en as aansporing dien om verdere loopbaanstudie in dié rigting te doen. Die film kan ook aan leerlinge 'n baie realistieser beeld gee van 'n sekere beroep en 'n totaal verkeerde beeld regstel. Plate en skyfies kan ook van die Nasionale Filmdiens bestel word om die kennis wat leerlinge van die beroepswêreld het, te ver=beter.

d. Uitstappies

In die mate wat 'n besondere gebied hom leen tot besoeke van groepe leerlinge aan werkplekke, kan sodanige geleenthede benut word. Indien die tyd ingeruim kan word, kan besoeke gedurende skooltyd geskied. Leerlinge wat in dieselfde beroepsrigting belangstel, kan as groep ook na skool sekere werkplekke besoek. Sekere aspekte soos die atmosfeer en milieu wat eie aan 'n sekere beroep is en wat nie mondelings aan leerlinge oorgedra kan word nie, kan tydens sulke uitstappies waargeneem word. Op hierdie wyse kan twyfel wat leerlinge nog aangaande 'n beroep het, uit die weg geruim word. Aangesien leerlinge tydens uitstappies konkreet aanskoulik kan waarneem en meer gevoelsmatig betrokke raak by die werksituasie sal hulle 'n vollediger beeld van die spesifieke beroep hê en dus tot 'n meer verantwoorde stellingname kan kom.

Net soos met 'n filmles moet uitstappies ook vooraf gegaan word deur 'n kort inleiding deur die skoolvoorligter waarin leerlinge gewys word op sekere fasette van die werk wat tydens die besoek duidelik waargeneem kan word. Leerlinge behoort dus voorberei te word op besoeke aan werkplekke. Nadat besoeke afgelê is, kan 'n bespreking gehou word waarin die voor- en nadele van die spesifieke beroepe onder oë geneem kan word.

6.3.14 Die skoolvoorligtingseenheid

Die skoolvoorligtingseenheid behoort voldoende voorsiening te maak vir die ruimte en geriewe wat die skoolvoorligter nodig het om sy funksie doeltreffend te vervul. Om praktiese redes kan dit so na moontlik aan die skoolhoof se kantoor en aan die hoofingang van die skool geleë wees.

Daar moet voorsiening gemaak word vir 'n ruim voorligtingsklaskamer waar voorligting in groepsverband (klasverband) aangebied kan word. Indien daar nie 'n aparte vertrek vir 'n voorligtingsbiblioteek is nie, moet hierdie vertrek groot genoeg wees om in daardie behoefte te voorsien. Boekrakke en boekkaste wat kan sluit moet aangebring word. Kennisgewingborde moet beskikbaar wees vir die uitstalling van inligting. Die geriewe van 'n gewone klaskamer moet voorsien word. Verder moet die vertrek ingerig word vir verdonkering en filmvertoning.

'n Tweede lokaal wat beskikbaar behoort te wees, is 'n kantoor wat paslik gemeubileer moet wees en as onderhoudkamer kan dien. Die kantoor behoort toegerus te wees met 'n telefoon en liasseerkabinette vir leerlinge se persoonlike lêers en kumulatiewe verslagkaarte.

'n Derde vertrek wat nodig is, is 'n bergingskamer wat toeganklik moet wees uit die voorligtingskantoor en waar alle psigometriese ondersoekmateriaal, vraelyste, skolastiese toetsmateriaal en vertrekkende leerlinge se persoonlike lêers bewaar kan word.

## 6.4 SLOTOPMERKING

In hierdie hoofstuk is enkele riglyne neergelê waarvolgens die skoolvoorligter in die skool die skoolvoorligtingspraktyk doeltreffend kan organiseer. Hierdie riglyne kan aanvullend wees tot die voorskrifte van onderwysdepartemente.

HOOFSTUK 7

# PERSOONLIKE HOEDANIGHEDE VAN DIE SKOOLVOORLIGTER AAN SEKONDêRE SKOLE VERBONDE

## 7.1 INLEIDING

In die voorgaande ses hoofstukke is hoofsaaklik aandag gegee aan basiese aspekte wat die praktyk van skoolvoorligting ten grondslag behoort te lê. Daar is deurgaans ge= poog om die klem op praktiese aspekte van skoolvoorligting te laat val, sodat die skoolvoorligter wat hierdie verslag ter hand neem, in staat gestel kan word om sy praktyk beter te kan inrig. Dit was egter ook nodig om kortliks na die teorie van skoolvoorligting te verwys, veral om daarop te wys dat die praktyk wat in die voor= gaande hoofstukke beskryf is, op opvoedkundige verantwoordbare grondslag berus. In die lig hiervan moes dit duidelik geword het dat skoolvoorligting besondere insig en veral 'n groot verantwoordelikheid op die persoon van die skoolvoorligter plaas.

Die vraag is nou of die skoolvoorligter uit die insigte wat hy in die voorgaande hoofstukke gekry het, genoegsame waarborg kan vind om sy praktyk doeltreffend in te rig. Dit wil sê, dien die aspekte wat in die voorgaande hoofstukke behandel is as genoegsame voorwaardes vir die suksesvolle implementering van 'n opvoedkundig verant= woordbare skoolvoorligtingsdiens? Om op hierdie vraag te antwoord moet in gedagte gehou word dat die sukses wat die skoolvoorligter met sy werk gaan behaal, sal afhang van sy kennis van en insig in skoolvoorligting, maar dit sal ook bepaal word deur die persoonlike inset, toewyding, belangstelling, verantwoordelikheid en volgehoue ywer waarmee hy sy taak aanpak. Kennis van sy vakgebied maak dus nog nie van die onderwyser 'n voorligter-onderwyser in die ware sin van die woord nie. Die skoolvoor= ligter se persoonlike benadering van sy taak, die samewerking wat hy met die skoolhoof, onderwysers, ouers en leerlinge kan bewerkstellig, sy persoonlike hoedanighede (belang= stelling, meelewendheid, vertroue, verantwoordelikheid, toegewydheid) en sy opleiding sal almal afsonderlik en gesamentlik medebepalend wees vir die sukses wat hy met skoolvoorligting gaan behaal. Met die oog hierop word in hierdie hoofstuk die aandag gevestig op sekere eise wat die praktyk van skoolvoorligting aan die persoon van die skoolvoorligter stel.

## 7.2 DIE SKOOLVOORLIGTER SE PERSOONLIKE BENADERING VAN SY TAAK

### 7.2.1 Die skoolvoorligter het 'n opvoedingstaak

Die opvoeding van kinders vind nie net by die ouerhuis plaas nie. Die skool se taak is ook nie net beperk tot die onderrig van of die bybring van kennis en die leer van vaardighede aan leerlinge nie. Opvoeding het in die moderne tyd net soveel 'n saak van die ouerhuis as die skool geword. Ongelukkig het die tempo waarteen kennis vandag versamel word en die gepaardgaande druk wat die maatskappy op die skool ge= plaas het, in sommige gevalle reeds daartoe gelei dat die opvoedingstaak van die skool ten koste van die leerlinge, taamlik vervaag het, byvoorbeeld as gevolg van oorbe= laaide sillabusse.

Dit is nie die bedoeling om in hierdie afdeling op die opvoedingstaak van die skool in die algemeen te wys nie, maar om meer spesifiek die aandeel wat die skoolvoorlig=

ter in dié verband het, aan te dui.

Die uiteindelike doelstelling van alle opvoeding is die volwassenheid van 'n kind. Die basis of gronddoel met die opvoeding van 'n kind (leerling) is daarop gemik om die kind (leerling) te verander, omdat hy kan verander. Dit stel dus die kind as moontlikheid teenwoordig vir wie die toekoms oop lê. Vir die kind (leerling) is hierdie toekoms egter nie 'n vanselfsprekende saak nie, omdat hy nog nie toereikende kennis van die toekoms het nie. Op skool, net soos by die ouerhuis, is dit die taak van die opvoeders (onderwysers en ouers) om die leerlinge geleidelik en stelselmatig aan die wêreld van die volwassenes bekend te stel. Terselfdertyd rig die opvoeders gedurig 'n bepaalde oproep of appèl tot leerlinge om self hulle toekoms te gaan ver= ken en te verower. Dit word dan van leerlinge verwag om op hierdie oproep te antwoord, en met hierdie antwoorde word bedoel dat die leerling in sy handelinge, waaronder sy keuses, daarvan blyke sal moet gee dat die bemoeienis van sy opvoeders nie tevergeefs is nie, maar dat hy gedurig besig is om anders te word, in dié sin dat hy meer verantwoordelik word, onafhankliker word en in groter mate toerekeningsvatbaar word.

Die skoolvoorligter verteenwoordig in die skoolvoorligtingsituasie die persoon van die volwassene of die opvoeder en die leerlinge is die nie-volwassenes of opvoedelinge. Die taak van die skoolvoorligter is dus nie net beperk tot die verskaffing van inlig= ting (persoonlike, onderwys- en beroepsinligting) aan leerlinge nie, of die afneem en interpretasie van sielkundige toetse of hulpverlening aan leerlinge met onderwys- en beroepskeuseprobleme nie, maar hy het ook 'n opvoedingsverantwoordelikheid. Die skoolvoorligter moet insien en besef dat die skool en derhalwe ook sy praktyk van voorligting in baie opsigte slegs 'n verlengstuk of voortsetting is van aktiwiteite wat reeds in die huisgesin 'n aanvang geneem het. Die wil sê die godsdienstige en sedelike norme wat so gedurig in die ouerhuis ter sprake is, sal noodwendig ook in die voorligtingsituasie ter sprake gebring moet word. Die skoolvoorligter sal moet toesien dat die leerling in die skoolvoorligtingsituasie hom nie aan afkeurenswaardige of onbehoorlike optrede skuldig maak nie, omdat die afkeurenswaardige en onbehoorlike nie ooreenstem met die beeld van die volwassenheid wat deur die skoolvoorligter ge= huldig behoort te word nie.

Voorts sal die skoolvoorligter homself gedurig moet afvra of sy praktyk van voorlig= ting nog in ooreenstemming is met die beginsels van opvoeding. Daarmee word bedoel dat gesonde opvoedingsverhoudinge (vertroue, gesag en wedersydse begrip) die verloop van die opvoeding, opvoedingsaktiwiteite of -handelinge en bowe-al die opvoedingsdoel baie prominent in die voorligtingspraktyk sal figureer. Al gee die voorligter nie vakonderrig nie, ontneem dit hom nie die verantwoordelikheid om gesag uit te oefen nie. Hy staan kragtens sy roeping as opvoeder en kragtens sy lewensbeskouing voort= durend onder die Opdrag om in te gryp as 'n kind verkeerd of onbehoorlik handel. Die skoolvoorligter kan baie maklik onder die indruk kom dat omdat hy by uitstek leerlinge se vertroueling moet wees, hy sy posisie as gesagsdraer ter syde moet stel. 'n Leerling vertrou slegs diegene wie se gesag hy aanvaar en die opvoeder wat nie sy

plek as simpatieke gesagsfiguur kan volstaan nie, moet nie verbaas wees as hy dan ook nie die vertroue van leerlinge geniet nie.

Dieselfde geld vir die opvoedingsdoel, want per slot van sake verteenwoordig die persoon van die skoolvoorligter die beeld van volwassenheid waarheen hy sy leerlinge deur middel van opvoeding rig. Die beeld wat hy as volwassene aan sy leerlinge gaan voorhou, sal in groot mate bepaal hoe suksesvol hy met die opvoeding gaan wees. Die godsdienstige en sedelike norme wat hy aan sy leerling voorhou, moet in sy eie lewe tot uitdrukking kom. Die kultuurnorme wat van die leerlinge verwag word, moet ook in die lewe van die voorligter geld. Wat meer is, hy moet dit as deel van sy taak beskou om die leerlinge stelselmatig in te lei in die kultuurwêreld van die volwassene, maar hy moet ook toesien dat die leerlinge toenemend en op 'n goedkeurens=waardige wyse daaraan deelneem.

### 7.2.2 Die skoolvoorligter lewer 'n onderwyshulpdiens

Skoolvoorligting word nie beskou as 'n skoolvak in die strenge sin van die woord nie, maar as 'n onderwyshulpdiens. Skoolvoorligting verrig 'n begeleidingsfunksie, maar dit maak hom geensins ondergeskik aan vakonderrig nie. Die feit dat die skoolvoor=ligter nie vakonderrig gee nie en dat hy gevolglik ook nie eksamineer nie, dra baie daartoe by dat hy as die vertroueling en "voltydse" raadgewer van leerlinge, ouers en selfs onderwysers beskou kan word. Om hierdie vertroue waardig te wees en sy plek as raadgewer vol te staan, stel egter besondere eise aan die skoolvoorligter.

Een van die belangrikste vereistes wat aan skoolvoorligting as hulpdiens gestel word, is dat die skoolvoorligter te enige tyd beskikbaar moet wees veral vir leerlinge wat hom na die amptelike skoolure wil spreek. Die periode-indeling van die skool waarvolgens leerlinge minstens een maal per week groepsvoorligting ontvang, maak basies net voorsiening vir groepswerk. Die lesvrye periodes van die skoolvoorligter behoort hy te vul met onderhoude met leerlinge, selfs met onderwysers en ouers en met die uitvoering van administratiewe pligte wat met skoolvoorligting verband hou. Daar sal egter nog ekstra tyd na skool ingeruim moet word waartydens leerlinge die skoolvoorligter op eie inisiatief kan kom spreek. Hierdie aspek vorm 'n uiters belangrike deel van die skoolvoorligter se program, omdat dit hom by uitstek die geleentheid bied om 'n meer persoonlike verhouding met leerlinge op te bou. Die wete dat die skoolvoorligter ook na skool beskikbaar is, en dat hy ter wille van leerlinge beskikbaar is, gee hom in 'n sekere sin 'n uitsonderingsposisie wat alleen leerlinge se vertroue in hom kan versterk.

Verder moet die skoolvoorligter in gedagte hou dat hy in 'n baie gunstige posisie verkeer om sy hulpprogram ook na ander aspekte uit te brei wat nie noodwendig direk op die skool betrekking het nie. In 'n sekere sin verleen hy hulp aan die skool deur as skakelbeampte op te tree. Saam met die skoolhoof is hy verantwoordelik vir voor=ligting aan die ouergemeenskap oor interne en eksterne sake van die skool. Interne skoolorganisasie, onderwysbeleid in die algemeen en vak- en studierigtings wat in die skool aangebied word, is maar enkele sake waarvan die ouergemeenskap kennis moet

dra. Verder tree die skoolvoorligter op as skakelbeampte tussen die beroeps- of arbeidswêreld en die skool. Deur persoonlike inisiatief kan die skoolvoorligter 'n daadwerklike bydrae lewer om 'n goeie verstandhouding tussen die skool (leerlinge) en die beroepswêreld (werkgewers) te bewerkstellig. So kan hy byvoorbeeld leerlinge behulpsaam wees om vakansiewerk te bekom ten einde hulle beroepservaring aan te vul.

In die laaste instansie het die skoolvoorligter egter ook 'n verpligting teenoor die onderwysers in die skool. Hy moet in staat wees om vir so ver moontlik hulp te verleen aan onderwysers wat vir die eerste keer tot die beroep toetree. Hy kan selfs ervare onderwysers tot hulp wees veral waar dit gaan om leerlinge wat oënskynlik leer- en/of gedragsprobleme het. Hy is per slot van sake die onderwyser op die personeel wat altyd die meeste persoonlike kennis van indiwiduele leerlinge behoort te hê. 'n Uiters belangrike saak wat die skoolvoorligter nooit uit die oog moet verloor nie, is dat hy nooit sy inligting oor leerlinge "goedkoop" moet maak nie. Dit wil sê, persoonlike inligting oor leerlinge moet net aan belanghebbende persone (onderwysers, ouers, skoolhoof) verstrek word as dit tot voordeel van leerlinge strek. Dit moet nie meegedeel word omdat dit interessant is, of om ander te beïndruk of hom veelweterig voor te doen nie, want so 'n gesindheid is nie alleen onprofessioneel nie, dit skep ook wantroue en is glad nie in ooreenstemming met die beginsel van menswaardigheid en behoorlikheid nie.

7.2.3 Skoolvoorligting is 'n gespesialiseerde taak

Die opmerking is reeds gemaak dat skoolvoorligting nie meer die taak van die onopge=leide of ongekwalifiseerde persoon kan wees nie. Dit moes trouens reeds duidelik geword het in die voorgaande ses hoofstukke waarin daar breedvoerig gehandel is oor die taak van die skoolvoorligter. Die skoolvoorligter is net soos enige ander vakonder=wyser 'n spesialis in sy vak. Dit stel bepaalde eise aan die skoolvoorligter in die praktyk. Enkeles daarvan word kortliks bespreek:

1. Hy moet te alle tye in staat wees om 'n gespesialiseerde inligtingsdiens te lewer. Hy moet homself in die eerste plek deeglik vergewis van die onderwys=opset en verskillende onderwysmoontlikhede aan skole in die RSA. In die tweede plek moet hy vir sover moontlik insig bekom in die arbeidsopset, sowel wat die plaaslike as nasionale arbeidsmark betref. Hy sal moet kennis dra van die mannekragbehoeftes van die land, die vraag na geskoolde arbeiders in verskillende arbeidsektore en die verskillende moontlikhede van beroeps=opleiding. Selfs basiese kennis van die ekonomie kan hom baie goed te pas kom in sy werksaamhede.

2. Die skoolvoorligter moet deeglik onderlê wees in die tegniek van gesprekvoering. Dit is egter nie net die tegniek nie, maar ook die skoolvoorligter se persoon=like aanvoeling vir die gesprek wat belangrik is, omdat elke gesprek met 'n leerling 'n intiem persoonlike gesprek is. Hy moet in staat wees om 'n vertrou=like atmosfeer te skep, terwyl hy besig is om raad te gee. Hy moet beslis taktvol wees wanneer hy ouers spreek, veral wanneer hy die ouers moet oortuig

dat hulle verwagtinge van hul kind onrealisties hoog of laag is. Selfs wanneer hy onderwysers raadpleeg of raad gee oor 'n bepaalde leerling, moet hy sorg dra dat hy hom nie as "beterweter" voordoen nie.

3. Die skoolvoorligter moet in staat wees om met 'n wye verskeidenheid van mense saam te werk. Hy verleen hulp aan leerlinge, hy staan ouers te woord, hy adviseer onderwysers, hy skakel met werkgewers, universiteite, ander opleidingsentra, personeel van skoolvoorligtingsklinieke, welsyndienste en ander hulpdienste. In sommige gevalle mag hy dit selfs nodig vind om voor vergaderings op te tree en groepe mense toe te spreek. Hy sal dus nie alleen kennis moet dra van die verskillende instansies met wie hy kan en moet skakel nie, maar hy moet ook bevoeg wees om in die openbaar op te tree.

4. Wat sy voorligtingswerksaamhede betref, sal die skoolvoorligter behoorlik op= gelei moet wees om sielkundige en skolastiese toetse af te neem, dit na te sien en te interpreteer. Hy sal ook in staat moet wees om kwalitatief te werk te gaan wanneer hy persoonsbeelde van leerlinge vorm. Hy sal moet weet hoe om leerlinge met probleme te hanteer, sy dit by wyse van terapeutiese maatreëls deur homself, of sy dit by wyse van verwysing na deskundiges van die skoolvoor= ligtingskliniek. Hy sal voorts bevoeg moet wees om hulpmiddele soos filmprojek= tors, oorhoofse projektors, prente, bandopnemers en ander toepaslike media met verantwoordelikheid in sy skoolvoorligtingsles en ander werksaamhede in te skakel.

## 7.3 SAMEWERKING TUSSEN DIE SKOOLVOORLIGTER EN DIE SKOOLHOOF, ONDERWYSERS, OUERGEMEENSKAP EN WERKGEWERS

### 7.3.1 Samewerking tussen die skoolvoorligter en die skoolhoof

Die skoolvoorligter kan nie sy voorligtingsprogram doeltreffend inrig sonder die samewerking van die skoolhoof nie. Die skoolhoof moet insae hê in die werksaamhede van die skoolvoorligter, maar aan die ander kant sal die skoolhoof in baie gevalle ten nouste betrek word by die werksaamhede van die skoolvoorligter. Onderhoude wat met ouers gevoer word, die verwysing van leerlinge vir gespesialiseerde hulpverlening, skakeling na buite met werkgewers en die plasing van leerlinge in gedifferensieerde vak-, kursus- en studierigtings, is almal aspekte wat goeie samewerking tussen die skoolvoorligter en die skoolhoof noodsaaklik maak.

Dit is belangrik dat die skoolhoof 'n positiewe gesindheid jeens voorligting moet hê, want deur sy toedoen kan hy veel vermag om ook die gesindheid van die ander onderwysers positief in te stel. Die skoolvoorligter sal egter moet sorg dra dat hy die vertroue van die skoolhoof en sy kollegas geniet en dit kan hy slegs vermag as die bekwaamheid waarmee hy sy voorligtingsopdrag uitvoer bo enige verdenking is.

Goeie samewerking tussen die skoolvoorligter en die skoolhoof kan verder bewerkstel= lig word deur gereeld samesprekings te voer oor leerlinge wat probleme het, soos onder= presteerders, leerlinge by wie se ouerhuise die opvoeding veel te wense oorlaat, of leerlinge wat hulle herhaaldelik aan ernstige oortredings skuldig maak. Optrede

wat die skoolvoorligter in sulke gevalle oorweeg, moet met die hoof bespreek word ten einde sy goedkeuring en samewerking te verkry.

7.3.2 Samewerking tussen die skoolvoorligter en ander onderwysers

Die skoolvoorligter ontmoet die leerlinge hoogstens een maal per week in klasverband wat aansienlik minder is as wat vakonderwysers die leerlinge ontmoet. Verder leen voorligting hom nie so goed as vakonderrig om leerlinge in die formele leer- of onderrigsituasie te ken nie. Eksaminering wat baie doeltreffend as diagnostiserings=middel aangewend kan word, vind nie in voorligting plaas nie. Die gevolg is dat die voorligter relatief min geleentheid kry om leerlinge se indiwiduele prestasies, hulle vordering, terugvalle en leerprobleme behoorlik te begryp. Vir hierdie inligting moet hy dus staatmaak op die samewerking van vakonderwysers.

Aan die ander kant is dit die taak van die skoolvoorligter om vakonderwysers in te lig en raad te gee oor leerlinge wie se vordering nie bevredigend is nie, asook leerlinge wat om bepaalde redes intensiewe aandag verg. Hierdie saak moet die skool=voorligter met groot takt en omsigtigheid hanteer, dit wil sê hy moet nie voorgee om die vakonderwyser te "leer" hoe om onderwys te gee nie.

7.3.3 Samewerking tussen die skoolvoorligter en ouers van leerlinge

Een van die belangrikste faktore wat die sukses van die skoolvoorligter gaan behaal, is die samewerking wat hy van ouers gaan kry. Die beeld wat hy na die ouergemeen=skap gaan uitdra, sal 'n definitiewe invloed hê op die verhouding wat hy met die leerlinge sal hê. Die ouerhuis bied 'n gunstige klimaat waarin die ouers 'n positiewe beeld van die skoolvoorligter aan hulle kinders kan oordra. Aan hierdie gesindheid van die ouers sal die skoolvoorligter moet bou. Dit kan hy doen deur opregte be=langstelling te toon in die wel en weë van leerlinge, ouers voortdurend op die hoogte te hou met die vordering van leerlinge en die ouers so gereeld as moontlik te besoek, of te reël dat die ouers hom op kantoor kan kom spreek. Verder moet hy so gereeld moontlik geleenthede soek om die ouers by wyse van ouervergaderings te ontmoet en toe te spreek oor sake van algemene belang vir die voorligting van leerlinge. Hierdeur kan hy net die positiewe gesindheid van ouers verskerp en beter samewerking van hulle verwag.

7.3.4 Samewerking tussen die skoolvoorligter en werkgewers

Die skoolvoorligter se werksaamhede is van so 'n aard dat hy dikwels met instansies buite die skool moet skakel. Werkgewers in die verskillende sektore van die beroeps=wêreld verteenwoordig so 'n buite-instansie met wie die skoolvoorligter noodwendig samewerking moet bewerkstellig. Enersyds moet hy met werkgewers skakel om sy persoonlike kennis oor die beroepswêreld te verbreed, maar andersyds tree hy ook op as skakel tussen leerlinge (potensiële werknemers) en werkgewers. Dit is dus belangrik dat daar 'n goeie verstandhouding tussen die skoolvoorligter en veral plaaslike werkgewers sal wees.

Die skoolvoorligter sal egter ook voortdurend met ander instansies soos opleidings=kolleges, tegniese institute, universiteite en onderwyskolleges moet skakel, ten einde

hom op die hoogte te hou met nuwe studiemoontlikhede, toelatingsvereistes, sertifi=kate, grade of diplomas wat uitgereik word en die finansiële implikasies daarvan. Die goeie samewerking wat hy in hierdie verband kry, kan hom in staat stel om sy leerlinge beter in te lig en gevolglik sal die raad wat hy kan aanbied, ook meer verantwoordbaar wees.

## 7.4 PERSOONLIKE HOEDANIGHEDE VAN DIE SKOOLVOORLIGTER

Die skoolvoorligter is in die eerste plek onderwyser en dus opvoeder van die jeug. As sulks is hy gemoeid met die kosbaarste kleinnood van die ouergemeenskap en die belangrikste bate van die staat. Dit is dus verstaanbaar dat veral die ouers met 'n streng kritiese oog na die onderwyspersoneel sal kyk wat hulle met so 'n belangrike saak as die opvoeding van hulle kinders moet help.

Die ideale wat ouers vir hulle kinders koester en waartoe hulle poog om die kinders op te voed, kom in groot mate noodwendig ooreen met die doelstellings met die onderwys, naamlik om uiteindelik volwasse en verantwoordelike burgers van die staat daar te stel wat die respek en agting wegdra van almal met wie hulle in aanraking kom. Verder kan daarby gevoeg word dat ouers vir hulle kinders 'n volwaardige en gelukkige staanplek in die arbeidsgemeenskap toewens, met ander woorde 'n loopbaan toewens waarin hulle gelukkig en voorspoedig sal wees en waarin hulle al hulle moontlikhede sal kan verwerklik. Die arbeidswêreld bied tans egter soveel keusemoontlikhede dat ouers en kinders in groot mate afhanklik is van gespesialiseerde leiding en hulp op hierdie gebied. Die opvoeding van hulle kinders tot beroepskeuseverantwoordelikheid is dus 'n saak wat die ouers baie na aan die hart lê. Omdat die ouers aan die een kant en die onderwysers aan die ander kant mekaar dus aanvul wat die opvoeding van die kinders betref, is dit duidelik dat daar 'n gesonde verstandhouding tussen die twee partye sal moet bestaan.

Ouers speel 'n baie belangrike rol in die daarstelling van 'n goeie verhouding tussen onderwyser en leerling. Gesindhede van ouers word tuis oorgedra op hulle kinders. 'n Positiewe houding van en positiewe uitsprake deur ouers jeens die skool in die algemeen en die skoolvoorligter in die besonder, sal ook die kinders positief ten opsigte van die skool, onderwysers en skoolvoorligter beïnvloed. Dit is dus nodig dat die beeld wat die skoolvoorligter na buite uitdra, sodanig is dat 'n gunstige klimaat van huis uit geskep sal word waarin hy kan werk. Hierdie klimaat is tot voordeel van die skool, die ouers en die kinders. Verder sal die skoolvoor=ligter in sy bemoeienis met leerlinge 'n gesonde verhouding moet skep, wat as basis kan dien vir sy steungewing.

In sy skepping van verhouding is daar dus veral twee sake wat die sukses van die skoolvoorligter sal bepaal, naamlik:

1. die beeld wat hy uitdra na die ouergemeenskap, en

2. sy verhouding met die leerlinge aan wie hy leiding moet gee.

Beide hierdie sake het direk te make met die persoonlike hoedanighede van die skool=voorligter. Hy is per slot van sake by uitstek 'n persoon wat met mense moet kan

werk. Dit is ook noodsaaklik dat by die keuring van studente wat hulle as skool=voorligters wil bekwaam, daar rekening gehou moet word met die persoonlike hoedanig=hede waaroor sulke persone behoort te beskik. Enkele belangrike persoonlike hoedanig=hede waaroor die skoolvoorligter moet beskik, word vervolgens bespreek.

7.4.1 Die skoolvoorligter moet opregte belangstelling in die leerlinge toon

Op die gebied van intermenslike verhoudinge speel opregte medemenslike belangstel=ling 'n belangrike rol om verhoudinge tussen mense te verinnig en bande stewig te smee. Klagtes wat ouers by skoolhoofde lê, sluit dikwels in dat hulle kind(ers) verswelg word deur die massa by die skool en dat onderwysers nie hulle kind(ers) ken nie en ook nie in die kind as indiwidu belangstel nie.

'n Opregte, natuurlike belangstelling van die skoolvoorligter in die gemeenskap, in sy omgewing en in die gedurig veranderende arbeidswêreld word dadelik opgemerk deur diegene met wie hy in aanraking kom. Hy bring uit belangstelling besoek aan ouerhuise en verneem ook gedurig na die vordering van leerlinge, Die opofferinge wat dikwels gepaard gaan met en voortvloei uit hierdie opregte belangstelling is die moeite werd en laat leerlinge in vertroue na die skoolvoorligter kom en laat ouers met vertroue uitsien na die leiding wat hy gee.

7.4.2 Die skoolvoorligter moet meelewend wees

Baie nou verweef met belangstelling soos in die voorgaande paragraaf genoem, is die eienskap van meelewendheid. Die begrip vir 'n ander persoon se probleme, die opregte blydskap met die sukses van 'n ander en opregte simpatie met ander se mislukkings is die openbaring van innige menslikheid wat die basis vorm vir goeie verhoudinge. Dit sluit egter stroperige sentimentaliteit en oordrewe emosionele opwinding uit. Die skoolvoorligter moet van nature meelewend van geaardheid wees. In die skoolopset het die onderwyser te doen met nie-volwassenes wat aangewese is op die hulp en steun van volwassenes. Die moderne jeug kla dat die volwassenes hulle nie verstaan nie. Die skoolvoorligter wat insig en begrip toon in die jeug van die dag se probleme het 'n belangrike bate om aan te wend vir die beoefening van 'n suksesvolle praktyk in die skool.

Ook 'n volwasse ouergemeenskap aanvaar en bewonder 'n skoolvoorligter wat hierdie eienskap van meelewing toon. Opregte meelewing deur ander is seker een van die groot behoeftes van die mens veral in die moderne tyd met sy versnelde lewenstempo. Indien dit in ruim mate betoon word, vorm dit 'n stewige basis vir goeie verhoudinge wat daaruit voortvloei. Die skoolvoorligter moet ook poog om so dikwels moontlik ouers te besoek en belangstelling in die kinders en ouers op so 'n wyse te toon.

7.4.3 Die skoolvoorligter moet gesonder menseverhoudings kan stig.

Die skoolvoorligter moet by uitstek die stigter van goeie menseverhoudings wees. Aangesien sy taak primêr 'n werk met mense behels, staan gesonder medemenslike ver=houdinge sentraal in 'n voorligtingspraktyk. Alle persoonlikheidseienskappe wat die voorligteronderwyser openbaar, beïnvloed sy menseverhoudings. So sal vriendelikheid,

openhartigheid, eerlikheid, hulpvaardigheid, opregtheid, integriteit, die vermoë om stelling te kan inneem oor 'n saak en 'n gelykmatige geaardheid, goeie menseverhou= dinge bevorder.

In die opvoedingshandelinge tussen 'n opvoeder en 'n opvoedeling is die stigting van 'n goeie verhouding tussen die twee partye 'n voorvereiste vir opvoeding. Of leerlinge dus die vertroue in die skoolvoorligter sal hê om by hom te gaan hulp soek en of hulle sy hulp sal aanvaar, sal afhang van die verhouding tussen hulle. Die skoolvoorligter het hier met 'n groot taak te doen. Hy moet by uitstek sowel 'n vertrouensfiguur as 'n gesagsfiguur wees. Indien hy toelaat dat sy gesagshandhawing deur leerlinge afge= takel word met die hoop dat hy deur sy toeskietlikheid hulle vertroue sal wen, sal dit fataal wees vir sy voorligtingspraktyk. Hy moet nie gesag (liefdevolle gesags= leiding) inboet om sodoende aan populariteit en vertroue te probeer wen nie. Op hierdie wyse sal hy juis die vertroue van die leerlinge verloor en sodoende sal daar eerder 'n swak verhouding tussen hom en sy leerlinge ontstaan.

7.4.4 <u>Die skoolvoorligter moet in die openbaar kan optree</u>

Die voorligter se taak is nie net beperk tot die klaskamer en die skool nie. In sy daarstelling van 'n gespesialiseerde inligtingsdiens moet hy voortdurend skakel met werkgewers, universiteite en ander opleidingsinrigtings en die afdeling vir Siel= kundige en Voorligtingsdienste van sy onderwysdepartement. Hy voer ook onderhoude en gesprekke met ouers en ander lede van die gemeenskap waarin hy hom bevind. Om veral by die ouergemeenskap waardering en begrip vir sy werk tuis te bring, moet hy die inisiatief neem en ouers toespreek tydens oueraande en ander geleenthede. Waar veral vroueverenigings dikwels sprekers soek om hulle in te lig oor onderwerpe soos die opvoedingstaak, studiegeleenthede, studiebeurse en -lenings en beroepskeuse= moontlikhede moet hy die geleenthede benut.

Die skoolvoorligter moet in die eerste plek bereid wees om in die openbaar op te tree en sodoende insig aangaande die skool se opvoedingstaak in die algemeen en sy taak as skoolvoorligter in die besonder by die gemeenskap tuis te bring. Dit behels egter ook dat hy wydbelese sal wees en sy vakgebied sal ken. Slegs dan kan hy met oortui= ging sy saak in die openbaar stel.

7.4.5 <u>Die skoolvoorligter moet vertroue wek</u>

Opvoeding vind slegs plaas in 'n atmosfeer van vertroue. Dit beteken dat 'n kind of nie-volwassene 'n volwassene soek in wie hy vertroue het om hom te help op sy pad na volwassenheid. Die skoolvoorligter wat dus daarin kan slaag om 'n vertrouensfiguur vir sy leerlinge te wees, het 'n goeie kans om sukses met sy voorligtingspraktyk te behaal.

Wat moet die skoolvoorligter nou doen om die leerlinge se vertroue te wen? 'n Kind wil in die eerste plek voel dat hy onvoorwaardelik en onbevooroordeeld aanvaar word soos hy is (met sowel sy prestasies as sy tekortkominge en swakhede). Tweedens moet die skoolvoorligter eerbied toon vir sy waardigheid as mens. Indien die onderwyser hier= die twee voorwaardes nakom en uitleef in die verrigting van sy taak skep hy die ruimte

waarin hy aanvaar sal word as vertrouensfiguur.

Leerlinge moet voel dat hulle skoolvoorligter (voorligter-onderwyser) hulle graag wil help en moeite sal doen om hulle te help. So moet die leerlinge dit belewe dat hy dit opreg bedoel met hulle en besorg is oor hulle toekoms. Deurdat hy in die na=middae beskikbaar is vir hulle om hom te kom spreek, toon hy hierdie besorgdheid en bereidheid om te help. Die atmosfeer na skool is meer informeel en leerlinge bespreek dikwels hulle probleme makliker in 'n meer ontspanne atmosfeer. Met die moeite wat die skoolvoorligter doen met die versameling van inligting vir leerlinge, toon hy ook sy besorgdheid oor en belangstelling in sy leerlinge se welsyn.

Die feit dat die skoolvoorligter dit wat hy aan sy leerlinge in die klas of in indiwiduele gesprekke voorhou, ook binne en buite die skool voorlewe, sal baie bydra om die leerlinge se vertroue in hom te versterk. Al sy harde arbeid en toewyding sal hom aan die ander kant egter min baat indien die leerlinge geen ver=troue in hom het nie.

### 7.4.6 Die skoolvoorligter moet verantwoordelikheid aan die dag lê

Die skoolvoorligter se taak as opvoeder behels onder andere dat hy die leerlinge wat aan sy sorg toevertrou is, so sal opvoed dat hulle verantwoordelike lede van die gemeenskap sal word. Hierdie aanvaarding van toenemende verantwoordelikheid moet by die jeug teweeggebring word deur dit enersyds by hulle tuis te bring dat toenemende vryheid slegs verwerf word deur toenemende verantwoordelikheid te aanvaar. Die begrippe vryheid en verantwoordelikheid moet dus in 'n noue verband met mekaar gestel word.

Andersyds word die begrip verantwoordelikheid vir leerlinge betekenisvol deurdat dit uitgeleef word deur die skoolvoorligter. Sy verantwoordelikheidsin word onder andere weerspieël deur die erns en toewyding waarmee hy sy dagtaak verrig, die moeite wat hy doen om leerlinge te help, die regte leiding wat hy aan hulle gee en die stiptheid wat hy openbaar in sy werk. Indien die skoolvoorligter hierin kan slaag, sal leer=linge die waarde en betekenis van verantwoordelikheid as deug kan insien.

## 7.5 DIE OPLEIDING VAN DIE SKOOLVOORLIGTER

Skoolvoorligting vervul 'n begeleidingsfunksie in die onderwysopset. Die skoolvoor=ligter verrig dus 'n gespesialiseerde taak. Hy is 'n professionele mens van wie deeglike kennis en insig aangaande die teorie en praktyk van voorligting vereis word. Hierdie grondige kennis en insig impliseer dat hy 'n intensiewe akademiese opleiding moet ondergaan.

Die skoolvoorligter moet 'n deeglike kennis van die opvoedkunde hê, want hy is in die eerste plek opvoeder en onderwyser. Hierbenewens moet hy ook oor gespesialiseerde kennis van alle fasette van skoolvoorligting beskik. Dit sal noodwendig 'n verlengde studietydperk meebring en hom beter skool vir die daarstelling van 'n suksesvolle en verantwoordbare voorligtingspraktyk.

Die sin van sy basiese opleiding lê daarin dat hy sy doelstellings duidelik moet begryp, sy taak duidelik sal sien en sal weet hoe hy te werk moet gaan ten einde sy doel te bereik.

Hy moet positief ingestel wees teenoor sy taak en hy moet met oortuiging en met insig met ouers, kollegas en die skoolhoof oor die verskillende aspekte van sy werk kan gesels.

Die praktyk sal vereis dat hy 'n kennis van die opvoedkunde en sielkunde sal hê. Dit behels onder andere die volgende:

1. kennis van leerlinge,
2. kennis van die doel met opvoeding, en
3. kennis van sy persoonlike verantwoordelikheid vir die opvoeding van leerlinge.

Verder sal hy grondige kennis van skoolvoorligting moet hê. Dit behels onder andere dat hy -

1. leerlinge met fisiese, gedrags-, lees-, leer- en ander probleme sal kan uitken, steun en verwys,
2. kennis sal dra van die tegniek van gesprekvoering,
3. kennis sal hê van die arbeidswêreld,
4. kennis sal dra van studierigtings aan verskillende skole (byvoorbeeld tegniese skole, ambagskole, handelskole, akademiese hoërskole en ander), en
5. op die hoogte sal wees met studiemoontlikhede op tersiêre onderwysvlak (byvoorbeeld aan universiteite, opleidingskolleges en andere).

Die skoolvoorligter wat in die praktyk staan, moet ook besef dat wat sy opleiding betref, hy nie kan volstaan met die basiese opleiding nie. Hy moet op die hoogte bly met nuwe werksaamhede op sy terrein en moet gedurig lees oor sy vakgebied. Dit word verwag dat hy wydbelese sal wees.

## 7.6 TERUGBLIK

Met hierdie verslag oor die beginsels en metodes van skoolvoorligting aan skole in die Republiek van Suid-Afrika is gepoog om in 'n langbestaande behoefte te voldoen. In die verslag van die Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting insake 'n nasionale onderwysstelsel op primêre en sekondêre skoolvlak met verwysing na skoolvoorligting as 'n geïntegreerde diens van die onderwysstelsel vir die RSA en vir SWA, is basiese riglyne aangetoon vir die daarstelling van 'n voorligtingsdiens aan skole. Hierdie verslag oor die beginsels en metodes van voorligting is 'n direkte uitvloeisel van voorgenoemde verslag wat ten doel het om die skoolvoorligter wat in die praktyk staan, tot hulp te wees. Die beginsel en metodes wat in die verslag bespreek is, behoort vir die skoolvoorligter goeie insig in sy werk te gee, maar ter= selfdertyd kan hy dit baie nuttig aanwend om sy praktyk verder uit te bou en steeds meer doeltreffend in te rig. Die vertroue word uitgespreek dat hierdie verslag daartoe sal by= dra dat skoolvoorligting aan primêre en sekondêre skole op 'n stewige grondslag geplaas sal word.

LITERATUURLYS

HOOFSTUK 1


1. BARKHUIZEN, B.P. Op soek na die aktualisering van 'n verantwoorde beroeps=leidingspraktyk in die primêre skool. Educare 3(2).

2. BECK, C.E. Philosophical Guidelines for Counselling. Second edition. Dubuque Towa, W.M.C. Brown Company Publishers, 1971.

3. BOOYSEN, F.C. 'n Ondersoek na 'n pedagogies-verantwoorde stelsel van loopbaanstudies deur leerlinge. Pretoria. (Universiteit van Pretoria. Fakulteit Opvoedkunde. Opvoedkundige Studies nr. 56.)

4. FOURIE, J.J. 'n Ondersoek na die plek en waarde van skoolvoorligting in 'n gedifferensieerde onderwysstelsel. Bloemfontein, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1974. (M.Ed.-verhandeling.)

5. GARBERS, J.G. Beroepsbepaling pedagogies benader verdiept inzicht. Serie 16, Amsterdam, Meulenhof, 1961.

6. JOUBERT, C.J. Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting. My Loopbaan, November 1973.

7. KOK, J.C. Die junior sekondêre leerling: 'n moeilike voorligtingsopgawe. Onderwysblad, April 1975.

8. RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING (Suid-Afrika). Verslag van die Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting insake 'n nasionale onderwysstelsel op primêre en sekondêre skoolvlak. Deel 1. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Instituut vir Opvoedkundige Navorsing, 1970. (Verslag nr. O-1).


HOOFSTUK 2


1. BARKHUIZEN, B.P. Op soek na die aktualisering van 'n verantwoorde beroepsleidingspraktyk in die primêre skool. Educare 3(2).

2. BEUKES, J.H. Vakkeusegereedheid na standerd sewe. Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1974. (M.Ed.-verhandeling.)

3. BOLLINGER, H. Das werden der Person, Personale Antropologie I. München/Basel, Ernst Reinhardt Verlag, 1963.

4. BOOYSEN, F.C. 'n Ondersoek na 'n pedagogies-verantwoorde stelsel van loopbaanstudie deur leerlinge. Pretoria. (Universiteit van Pretoria. Fakulteit Opvoedkunde. Opvoedkundige Studies nr. 56.)

5. DE KLERK, L. De grondsituatie der puberteitsopvoeding. Een theoretisch en empirische voorbereidende studie. Batavia, Wolter, 1949.

6. FOURIE, J.J. 'n Ondersoek na die plek en waarde van skoolvoorligting in 'n gedifferensieerde onderwysstelsel. Bloemfontein, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1974. (M.Ed.-verhandeling.)

7. GARBERS, J.G. Beroepsbepaling pedagogies benader verdiept inzicht. Serie 16, Amsterdam, Meulenhof, 1961.

8. GROENEWALD, J.C. Leerling en loopbaan. Die pedoterapeutiese aspek van beroepsleiding. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1963, (D.Ed.-proefskrif aan Universiteit van Pretoria.)

9. HELLER, K.H. Handbuch der Bildungsberatung, Band 1. Stand und Planung der Bildungsberatung im In- und Ausland. Stuttgart, Ernst Klett Verlag, 1975.

10. JOUBERT, C.J. Beroepskeuse as verantwoordelike en verantwoordbare keuse. 'n Studie in beroepsoriëntering. Pretoria. (Universiteit van Pretoria. Fakulteit Opvoedkunde. Opvoedkundige monografieë IX.)

11. JOUBERT, C.J. Beroepskeuseweerbaarheid. In: BOTHA, J.L. Jeugweerbaarheid. Durban, Butterworths, 1975.

12. JOUBERT, C.J. Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting. My Loopbaan, November 1973.

13. JOUBERT, C.J. 'n Ondersoek na die betekenis van die liggaamlikheid by die beroepskeuse van jeugdiges. Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1963, (D.Ed.-proefskrif.)

14. KOK, J.C. Die junior sekondêre leerling: 'n moeilike voorligtingsopgawe. Onderwysblad, April 1975.

15. KRUGER, H.B. Voorligting aan die junior sekondêre skoolkind: referaat gelewer by SAVBO-kongres, Kaapstad, 17-18 Januarie 1974.

16. LANDMAN, W.A. 'n Antropologiese Pedagogiese beskouing van Beroepsoriëntering met spesiale verwysing na die personologies-etiese. Pretoria, HAUM, 1961. (Universiteit van Pretoria. Fakulteit Opvoedkunde. Opvoedkundige monografieë V.)

17. LANDMAN, W.A. en Gous, S.J. Inleiding tot die Fundamentele Pedagogiek. Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1969.

18. LANGEVELD, M.J. Ontwikkelingpsychologie. Vyfde druk. Groningen, J.B. Wolters, 1963.

19. LOMBAARD, S.G. 'n Pedagogies verantwoorde Beroepsoriënteringspraktyk vir die Swakhorende. Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1972. (M.Ed.-verhandeling.)

20. NAUDÉ, F.A. Die rol van die skoolhoof, klasonderwyser en vakonderwyser in die skoolvoorligtingsdiens aan 'n skool; 'n kritiese ontleding. Bloemfontein, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1977.

21. NEL, B.F. Aspekte van 'n modern-pedagogiese diagnostisering en behandeling van kinders met gedrags- en leermoeilikhede. Pretoria, 1966. (Universiteit van Pretoria. Departement Opvoedkunde. Spesiale uitgawe van Opvoedkundige Studies.)

22. NEL, B.F. Fundamentele Oriëntering in die Psigologiese Pedagogiek. Stellenbosch, Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars (Edms.) Bpk., 1968.

23. NEL, B.F. SONNEKUS, M.C.H. en GARBERS, J.G. Grondslae van die psigologie. Stellenbosch/Grahamstad, Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars, 1965.

24. OBERHOLZER, C.K. Prolegomena van 'n prinsipiële Pedagogiek. Kaapstad, HAUM, 1968.

25. RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING (Suid-Afrika). Verslag van die Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting insake 'n nasionale onderwysstelsel op primêre en sekondêre skoolvlak. Deel 1. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Instituut vir Opvoedkundige Navorsing, 1970 (Verslag nr. O-1.)

26. SCHOMAKER, J.A. Verantwoordelike beroepsbepaling en opvoeding. Hoogveld Insti= tuut: Op zoek naar een pedagogisch denken. Roermond, J.J. Romen en Zonen, 1958.

27 SNYMAN, S.S. Pedagogies-verantwoorde oriëntering van die kind in die primêre skool vanuit 'n beroepskeuse-perspektief. Pretoria, Universiteit van Pre= toria, 1970.(M.Ed.-verhandeling.)

28. SONNEKUS, M.C.H. Die leerwêreld van die kind as beleweniswêreld. Stellenbosch, Universiteituitgewers en -boekhandelaars, 1968.

29. SONNEKUS, M.C.H. et al. Die leermoeilike kind. Stellenbosch/Grahamstad, Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars, 1967.

30. STELLWAG, H.W.F. Situatie en relatie. Pedagogische Grondbegrippen 1. Groningen, Wolters-Noordhoff, 1970.

31. VAN DER STOEP, F. Taalanalise en taalevaluering. Pretoria, HAUM, 1965.

32. VAN NIEKERK, J.F. Skoolvoorligting - teorie en praktyk. Stellenbosch en Grahamstad, Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars (Edms.) Bpk., 1967.

33. WIEGERSMA, S. How do you counsel? Beroepskeuze 23e Jaargang (5/6), Julie 1976: 131-150.

34. WIEGERSMA, S. Psychologie van beroep en beroepskeuze. Groningen, J.B. Wolters, 1967.

HOOFSTUK 3

1. BEUKES, J.H. Vakkeusegereedheid na standerd sewe. Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1974. (M.Ed.-verhandeling.)

2. BOOYSEN, F.C. 'n Ondersoek na 'n pedagogies-verantwoorde stelsel van loopbaan= studie deur leerlinge. Pretoria. (Universiteit van Pretoria. Fakulteit Opvoedkunde. Opvoedkundige Studies nr. 56.)

3. COETZEE, C.J.S., GEGGUS, C. en STIMIE, C.M. Tersiêre opleiding buite die universiteit en beroepsgeleenthede. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskap= like Navorsing, 1977.

4. DE KLERK, L. De grondsituatie der puberteitsopvoeding. Een theoretisch en empirische voorbereidende studie. Batavia, Wolter, 1949.

5. FOURIE, J.J. 'n Ondersoek na die plek en waarde van skoolvoorligting in 'n ge= differensieerde onderwysstelsel. Bloemfontein, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1974. (M.Ed.-verhandeling.)

6. GARBERS, J.G. Beroepsbepaling pedagogies benader verdiept inzicht. Serie 16, Amsterdam, Meulenhof, 1961.

7. GEGGUS, C. en STIMIE, C.M. Toekennings beskikbaar vir voorgraadse studie aan Suid-Afrikaanse universiteite vir Blankes. Pretoria, Raad vir Geestes= wetenskaplike Navorsing, 1976.

8. GROENEWALD, J.C. Leerling en loopbaan. Die pedoterapeutiese aspek van beroeps= leiding. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1963. (D.Ed.-proefskrif aan die Universiteit van Pretoria.)

9. HAASBROEK, J.B. 'n Waardering van die onderhoudmetode vir die doel van beroeps= leiding. Pretoria (Universiteit van Pretoria. Fakulteit Opvoedkunde. Opvoedkundige Studies nr. 32.)

10. HANNART, E. Berufswahl im Spiegel der Meinungen. Berufsberatung und Berufsbil= dung 58 (3/4), 1973.

11. HELLER, K.H. Handbuch der Bildungsberatung, Band 1. Stand und Planung der Bildungsberatung im In- und Ausland. Stuttgart, Ernst Klett Verslag, 1975.

12. JOUBERT, C.J. Beroepskeuse as verantwoordelike en verantwoordbare keuse. 'n Studie in beroepsoriëntering. Pretoria. (Universiteit van Pretoria. Fakulteit Opvoedkunde. Opvoedkundige monografieë IX.)

13. JOUBERT, C.J. Beroepskeuseweerbaarheid. In: BOTHA, J.L. Jeugweerbaarheid. Durban, Butterworths, 1975.

14. JOUBERT, C.J. Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting. My loopbaan, November 1973.

15. KOK, J.C. Die junior sekondêre leerling: 'n moeilike voorligtingsopgawe. Onderwysblad, April 1975.

16. KRUGER, H.B. Voorligting aan die junior sekondêre skoolkind; referaat gelewer by SAVBO-kongres, Kaapstad, 17-18 Januarie 1974.

17. LANDMAN, W.A. 'n Antropologiese Pedagogiese beskouing van Beroepsoriëntering met spesiale verwysing na die personologies-etiese. Pretoria, HAUM, 1961. (Universiteit van Pretoria. Fakulteit Opvoedkunde. Opvoedkundige monogra=fieë V.)

18. LEE, J.M. and PALLONE, N.J. Guidance and Counselling in Schools: Foundations and Processes. New York, Mc Graw-Hill Book Company, 1966.

19. LOMBAARD, S.G. 'n Pedagogies verantwoorde Beroepsoriënteringspraktyk vir die Swakhorende. Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1972. (M.Ed.-verhande=ling.)

20. NAUDé, F.A. Die rol van die skoolhoof, klasonderwyser en vakonderwyser in die skoolvoorligtingsdiens aan 'n skool; 'n kritiese ontleding. Bloemfontein, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1977.

21. NEL. B.F. Aspekte van 'n modern-pedagogiese diagnostisering en behandeling van kinders met gedrags- en leermoeilikhede. Pretoria, 1966. (Universiteit van Pretoria. Departement Opvoedkunde. Spesiale uitgawe van Opvoedkundige Studies.)

22. PETERS, H.J. and HANSEN, J.C. Vocational Guidance and Career Development. New York, MacMillan Company, 1966.

23. RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING (Suid-Afrika). Verslag van die Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting insake 'n nasionale onderwysstelsel op primêre en sekondêre skoolvlak. Deel 1. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Instituut vir Opvoedkundige Navorsing, 1970. (Verslag nr. O-1.)

24. SCHOMAKER, J.A. Verantwoordelike beroepsbepaling en opvoeding. Hoogveld Insti=tuut: Op zoek naar een pedagogisch denken. Roermond, J.J. Romen en Zonen, 1958.

25. SMIT, P.C. Beroepsinligting vir voorligters. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1978.

26. SNYMAN, S.S. Pedagogies-verantwoorde oriëntering van die kind in die primêre skool vanuit 'n beroepskeuse-perspektief. Pretoria, Universiteit van Pre=toria, 1970. (M.Ed.-verhandeling.)

27. SONNEKUS, M.C.H. et al. Die leermoeilike kind. Stellenbosch/Grahamstad, Uni=versiteitsuitgewers en -boekhandelaars, 1967.

28. VAN NIEKERK, J.F. Skoolvoorligting - teorie en praktyk. Stellenbosch en Grahamstad, Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars (Edms.) Bpk., 1967.

29. WIEGERSMA, S. How do you counsel? Beroepskeuze, 23e Jaargang (5/6) Julie 1976: 131-150.

30. WIEGERSMA, S. Psychologie van beroep en beroepskeuze. Groningen, J.B. Wolters, 1967.

HOOFSTUK 4

1. BEUKES, J.H. Vakkeusegereedheid na standerd sewe. Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1974. (M.Ed.-verhandeling.)

2. BIJL, J. Inleiding tot de algemene Didactiek van het basisonderwijs. 2e druk. Groningen, J.B. Wolters, 1960.

3. DUMINY, P.A. Begaafdheid. Enkele psigologiese en pedagogiese aspekte. Amsterdam, Drukkerij en uitgewerij Jacob van Campen, 1959.

4. FRANKL, V.E. Das Menschenbild der Seelenheilkunde. Kritiek des dynamischen Psychologismus. Stuttgart, Hippokratus Verlag, 1959.

5. GOUWS, S.J.L. Pedagogiese diagnostisering van kinders met Leermoeilikhede. Kaapstad, HAUM Boekhandel, 1966.

6. JOUBERT, C.J. Beroepskeuse as verantwoordelike en verantwoordbare keuse. Pretoria, HAUM Boekhandel, 1964.

7. JOUBERT, C.J. 'n Ondersoek na die betekenis van die liggaamlikheid by die beroepskeuse van jeugdiges. Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1963. (D.Ed.-proefskrif.)

8. KINGET, G.M. The drawing completion test. New York, Grune and Stratton, 1952.

9. KOCK, C. The tree test. Bern, Hans Huber, 1952.

10. KWANT, R.C. Fenomenologie van de taal. Utrecht, Het Spectrum, 1963.

11. LANDMAN, W.A. Leesboek vir die Christenopvoeder. Pretoria, NG Kerk=boekhandel, 1972.

12. LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R. Opvoedkunde en opvoedings=leer vir beginners. Tweede druk. Stellenbosch/Grahamstad, Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars (Edms.) Bpk., 1971.

13. LANDMAN, W.A. 'n Antropologiese Pedagogiese beskouing van Beroepsoriëntering met spesiale verwysing na die personologies-etiese. Pretoria, HAUM, Opvoedkundige monografieë V.)

14. LANDMAN, W.A. en ROOS, S.G. Fundamentele pedagogiek en die opvoedings=werklikheid. Durban, Butterworths, 1973.

15. NANINGA-BOON, A. Denken en taal. Groningen, J.B. Wolters, 1958.

16. NEL, B.F. Fundamentele oriëntering in die psigologiese Pedagogiek. Stellenbosch/Grahamstad, Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars, 1968.

17. NEL, B.F. Pedagogiese verwaarlosing. Pretoria, 1965. (Universiteit van Pretoria. Departement Opvoedkunde. Opvoedkundige Studies nr. 46.)

18. NEL, B.F. en ESTERHUYSEN, C.H. Die tekening van die menslike figuur as 'n "projeksie"-tegniek. Pretoria. (Universiteit van Pretoria. Departement Opvoedkunde. Opvoedkundige Studies nr. 22.)

19. Perquin, N. Een Levensschool voor de Jeugd in de Bedrijven. Groningen, J.B. Wolters, 1958.

20. PRETORIUS, J.W.M. Kinderlike Belewing. Johannesburg, Perskor-uitgewery, 1972.

21. RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING (Suid-Afrika). Verslag van die Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting insake 'n nasionale onderwysstelsel op primêre en sekondêre skoolvlak. Deel 1. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Instituut vir Opvoedkundige Navorsing, 1970. (Verslag nr. O-1.)

22. SONNEKUS, M.C.H., et al. Die leermoeilike kind. Stellenbosch/Grahamstad, Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars, 1971.

23. SONNEKUS, M.C.H. Die leerwêreld van die kind as beleweniswêreld. Stellenbosch/Grahamstad, Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars, 1968.

24. VAN DEN BERG, J.H. "Kroniek der Psychologie". In: Wending, Maandblad voor Evangelie en Cultuur. Jaargang 8, nr. 3, Mei 1953.

25. VAN DER MERWE, C.A. Die aktualisering van intelligensie by die agterlike kind. Pretoria. (Pedagogiekstudies nr. 63. Werkgemeenskap ter bevordering van die Pedagogiek as Wetenskap. Universiteit van Pretoria.)

26. VAN GELDER, L. Ontsporing en Correctie - een inleiding tot de school= psychologie. Groningen, J.B. Wolters, 1964.

27. VAN DER STOEP, F. en O.A. Didaktiese Oriëntasie. Pretoria, Academica, 1968.

28. VAN DER STOEP, F. Taalanalise en Taalevaluering as pedagogies-didaktiese diagnostiseringsmetode. Pretoria, HAUM, 1965.

29. VORSATZ, J.M.D. Die aanwending van beeldende ekspressie en beeldende projeksie as terapeutiese hulpmiddele by kinders. Pretoria. (Opvoedkundige Studies nr. 37. Werkgemeenskap ter bevordering van die Pedagogiek as Wetenskap. Universiteit van Pretoria.)

HOOFSTUK 5

1. BEUKES, J.H. Vakkeusegereedheid na standerd sewe. Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1974. (M.Ed.-verhandeling.)

2. BINSWANGER, L. Grundformen und Erkenntnis menschlichen Daseins. München/ Basel, Ernst Reinhardt Verlag, 1964.

3. HAASBROEK, J.B. 'n Waardering van die onderhoudsmetode vir die doel van beroepsleiding. Pretoria. (Opvoedkundige Studies nr. 32. Werkgemeenskap ter bevordering van die Pedagogiek as Wetenskap. Universiteit van Pretoria.)

4. JOUBERT, C.J. Teorie en praktyk van voorligting. Pretoria. 1973. (Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Pretoria.)

5. KILIAN, C.J.G. 'n Fundamenteel-pedagogiese besinning oor aanspreek en aanhoor as pedagogiese synswyses. Pretoria. (Pedagogiekstudies nr. 61. Werkgemeenskap ter bevordering van die Pedagogiek as Wetenskap. Universiteit van Pretoria.)

6. PRAKOP, E. Beeinflussbarkeit in Erziehung und Unterricht. München, Manz Verlag, 1966.

7. KWANT, R.C. Wijsbegeerte van de Ontmoeting. Utrecht/Antwerpen, Het Spectrum, 1966.

8. SREBALLUS, D.J. Rethinking change in Counselling. The personnel and Guidance Journal 53(6), February 1975.

9. VAN DER STOEP, F. Taalanalise en Taalevaluering as pedagogies-didaktiese diagnostiseringsmetode. Pretoria, HAUM-Boekhandel, 1965.

10. WAHRIG, G. Deutches Wörterbuch, Gütersloh. Mahn, Verlag Reinhardt, 1968.

HOOFSTUK 6

1. BARKHUIZEN, B.P. Op soek na die aktualisering van 'n verantwoorde beroeps= leidingspraktyk in die primêre skool. Educare 3(2).

2. BOOYSEN, F.C. 'n Ondersoek na 'n pedagogies-verantwoorde stelsel van loopbaanstudie deur leerlinge. Pretoria. (Universiteit van Pretoria. Fakulteit Opvoedkunde. Opvoedkundige Studies nr. 56.)

3. FOURIE, J.J. 'n Ondersoek na die plek en waarde van skoolvoorligting in 'n gedifferensieerde onderwysstelsel. Bloemfontein, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1974. (M.Ed.-verhandeling.)

4. KOK, J.C. Die junior sekondêre leerling: 'n moeilike voorligtingsopgawe. Onderwysblad, April 1975.

5. LEE, J.M. and PALLONE, N.J. Guidance and Counselling in Schools: Foundations and Processes. New York, McGraw-Hill Book Company 1966.

6. LOMBAARD, S.G. 'n Pedagogies verantwoorde Beroepsoriënteringspraktyk vir die Swakhorende. Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1972. (M.Ed.-verhandeling.)

7. NAUDé, F.A. Die rol van die skoolhoof, klasonderwyser en vakonderwyser in die skoolvoorligtingsdiens aan 'n skool; 'n kritiese ontleding. Bloemfontein, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1977.

8. RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING (Suid-Afrika). Verslag van die Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting insake 'n nasionale onderwysstelsel op primêre en sekondêre skoolvlak. Deel 1. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Instituut vir Opvoedkundige Navorsing, 1970.(Verslag nr. O-1.)

9. VAN NIEKERK, J.F. Skoolvoorligting - teorie en praktyk. Stellenbosch en Grahamstad, Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars (Edms.) Bpk., 1967.

HOOFSTUK 7

1. BOOYSEN, F.C. 'n Ondersoek na 'n pedagogies-verantwoorde stelsel van loopbaanstudie deur leerlinge. Pretoria. (Universiteit van Pretoria. Fakulteit Opvoedkunde. Opvoedkundige Studies nr. 56.)

2. FOURIE, J.J. 'n Ondersoek na die plek en waarde van skoolvoorligting in 'n gedifferensieerde onderwysstelsel. Bloemfontein, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1974. (M.Ed.-verhandeling.)

3. GARBERS, J.G. Beroepsbepaling pedagogies benader verdiept inzicht, Serie 16, Amsterdam, Meulenhof, 1961.

4. GROENEWALD, J.C. Leerling en loopbaan. Die pedoterapeutiese aspek van beroepsleiding. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1963. (D.Ed.-proefskrif aan Universiteit van Pretoria.)

5. JOUBERT, C.J. Beroepskeuse as verantwoordelike en verantwoordbare keuse. 'n Studie in beroepsoriëntering. Pretoria. (Universiteit van Pretoria. Fakulteit Opvoedkunde. Opvoedkundige monografieë IX.)

6. JOUBERT, C.J. 'n Ondersoek na die betekenis van die liggaamlikheid by die beroepskeuse van jeugdiges. Pretoria, 1963. (D.Ed.-proefskrif aan die Universiteit van Pretoria.)

7. KOK, J.C. Die junior sekondêre leerling: 'n moeilike voorligtingsopgawe. Onderwysblad, April 1975.

8. KRUGER, H.B. Voorligting aan die junior sekondêre skoolkind; referaat gelewer by SAVBO-kongres, Kaapstad, 17-18 Januarie 1974.

9. LANDMAN, W.A. en Gous, S.J. Inleiding tot die Fundamentele Pedagogiek. Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1969.

10. LEE, J.M. and PALLONE, N.J. Guidance and Counselling in Schools: Foundations and Processes. New York, McGraw-Hill Book Company, 1966.

11. NAUDÉ, F.A. Die rol van die skoolhoof, klasonderwyser en vakonderwyser in die skoolvoorligtingsdiens aan 'n skool; 'n kritiese ontleding. Bloemfontein, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1977.

12. PETERS, H.J. and HANSEN, J.C. Vocational Guidance and Career Development. New York, MacMillan Company, 1966.

13. RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING (Suid-Afrika). Verslag van die Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting insake 'n nasionale onderwysstelsel op primêre en sekondêre skoolvlak. Deel 1. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Instituut vir Opvoedkundige Navorsing, 1970.(Verslag nr. O-1.)

14. SCHOMAKER, J.A. Verantwoordelike beroepsbepaling en opvoeding. Hoogveld Instituut: Op zoek naar een pedagogisch denken. Roermond, J.J. Romen en Zonen, 1958.

15. VAN DER MERWE, C.A. Die aktualisering van intelligensie by die kind. Pedagogische Studiën 47(11), 1970.

16. VAN NIEKERK, J.F. Skoolvoorligting - teorie en praktyk. Stellenbosch en Grahamstad, Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars (Edms.) Bpk., 1967.

17. WIEGERSMA, S. Psychologie van beroep en beroepskeuze. Groningen, J.B. Wolters, 1967.

# RGN-PUBLIKASIES SEDERT 1 JULIE 1977
# HSRC PUBLICATIONS SINCE 1 JULY 1977

'n Volledige lys van RGN-publikasies is op aanvraag verkrygbaar. Eksemplare van publikasies wat uit druk is, kan deur biblioteekdienste verkry word.

A complete list of HSRC publications is available on request. Copies of publications which are out of print can be obtained through library services.

**GESKIEDENIS/HISTORY**

KOTZÉ, H.P. Geslagsregister van Theunis Johannes Kotzee en Maria Gloudina Louw. 1978 R7,20

VAN DER BIJL, JOHANNES Die familie Roux. 1978 R11,15

FERREIRA, O.J.O. Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers. 1978 R8,00

**INLIGTING/INFORMATION**

HUMANITAS - Vol. 4 No. 2 Tydskrif vir navorsing in die geesteswetenskappe. 1978 R6,75

HUMANITAS - Vol. 4 No. 2 Journal for research in the human sciences. 1978 R6,75

JAARVERSLAG - Verskyn jaarliks. Gratis.

ANNUAL REPORT - Published once a year. Gratis.

IN-30 GEGGUS, C. Toekennings beskikbaar vir nagraadse studie in die RSA en in die buiteland/ Awards available for post-graduate study in the RSA and overseas.
RGN Voorligtingsreeks VR-8/HSRC Guidance Series GS-8. 1977 R4,05

IN-31 COETZEE, C.J.S. *en* GEGGUS, CAROLINE Opleiding en beroepsgeleenthede vir skoolverlaters voor standerd tien. RGN Voorligtingsreeks VR-3. 1978 R1,65

IN-31 COETZEE, C.J.S. *and* GEGGUS, CAROLINE Training and career opportunities for school-leavers before standard ten. HSRC Guidance Series GS-3 1978 R1,65

**KOMMUNIKASIE/COMMUNICATION**

KOMM-14 DU PREEZ, P.H. 'n Ondersoek na tydbenuttings- en agtergrondfaktore wat verband hou met die studiegewoontes en -houdings van standerd agt-leerlinge: 'n Voor-televisie-opname. 1978 R2,30

**MANNEKRAG/MANPOWER**

MM-65 SMIT, P.C. Die arbeidsituasie van ingenieurstegnici in die RSA. 1977 R1,85

MM-66 WESSELS, DINA, M. Vroue in bedryfswerk. 1977 R1,80

MM-67 EBERSOHN, D. Beroepsfunksies van argitekte in 1976. 1977 R3,50

MM-68 LOTZ, J.W. The role, function and training of Black first-line supervisors in some decentralized industries. 1977 R2,45

MM-69 CILLIERS, G.J. Die werksituasie van nuwe toetreders tot die arbeidsmag. 1977 R2,50

**TALENTOPNAME/TALENT SURVEY**

MT-40 ROOS, W.L. Projek Talentopname: Navorsingsbevindings - 1976. 1977 R0,60

MT-40 ROOS, W.L. Project Talent Survey: Research findings - 1976. 1977 R0,60

MT-41 SCHOEMAN, W.J. Die voorspelling van skolastiese sukses. 1978 R4,40

MT-42 BESTER, C.L. Persoonlikheidsvergelykende studie van voorstanders en teenstanders van lyfstraf. 1978 R1,30

**NAVORSINGSONTWIKKELING/RESEARCH DEVELOPMENT**

NAVORSINGSBULLETIN - Verskyn tien keer per jaar.
RESEARCH BULLETIN - Ten issues per annum.

RSA 2000 - Gesprek met die toekoms. Veskyn twee keer per jaar.
RSA 2000 - Dialogue with the future. Two issues per annum.

Kwic-indeks van Navorsingsbulletins, Volume 6 1976. 1977
Kwic Index of Research Bulletins, Volume 6 1976. 1977

Kwic-indeks van Navorsingsbulletins, Volume 7 1977. 1978
Kwic Index of Research Bulletins, Volume 7 1977. 1978

**OPVOEDKUNDE/EDUCATION**

0-9 VENTER, H.C.A. The place of the school library in education. 1977 R1,15

0-14 BIEBUYCK, L.J.T. Introduction of a third and fourth language in South African schools. 1973 (Reprint 1977) R2,65

0-44 DE VAAL, D.J. *en* VAN DEN BERG, D.J. Die ontwerp en toepassing van kriteria vir die samestelling van gedifferensieerde wiskundesillabusse. 1978 R2,30

0-44 DE VAAL, D.J. *and* VAN DEN BERG, D.J. Design and implementation of criteria for the compilation of differentiated Mathematics syllabuses. 1978 R2,30

0-55 ENGELBRECHT, S.W.H. Drug abuse as an educational problem. 1977 R1,95

0-56 STRYDOM, A.E. Drug abuse as a problem of self-realization. 1977 R1,30

0-57 GOUWS, M. Education for mentally highly gifted pupils: A preliminary study. 1977 R1,45

0-59 VENTER, H.C.A. Equal remuneration for men and women in the teaching profession. 1977 R2,15

0-59 VENTER, H.C.A. Gelyke besoldiging vir mans en vroue in die onderwys. 1977 R2,15

0-63 NEL, A. Verantwoordelikheid: 'n Opvoedkundige perspektief. Deel 1: 'n Struktuuranalise van verantwoordelikheid. 1977 R1,85

0-64 NEL, A. Verantwoordelikheid: 'n Opvoedkundige perspektief. Deel 2: Verantwoordelikheid van die Bantoe binne Westerse kultuurverband. 1977 R2,35

0-64 NEL, A. Responsibility: An educational perspective. Part 2: Responsibility of the Bantu in a Western Cultural context. 1978 R1,75

0-65 SPIES, P.G. VAN Z. Professionele beheeruitoefening oor die onderwysberoep in die RSA. 1977 R1,30

0-65 SPIES, P.G. VAN Z. Professional control over the teaching profession in the RSA. 1978 R0,95

0-68 FOURIE, W.N. Leeshulpverlening: Verskillende benaderingswyses. 1977 R1,85

0-69 HAASBROEK, J.B. Leerteorië. Deel 1: Leerteorië vanaf die klassieke filosofie tot die veldteorie van Kurt Lewin. 1978 R5,20

0-71 VAN DEN BERG, D.J. Navorsingstendense met betrekking tot die onderrig van Wiskunde in enkele Westerse lande. 1977 R1,00

0-72 BEUKES, J.H. Skoolvoorligting in Oostenryk. 1977 R0,95

0-73 MAAT, S.J. Leesonderrigmetodiek van Afrikaans. 1977 R2,10

0-74 NEL, A. Verantwoordelikheid: 'n Opvoedkundige perspektief. Deel 3. Opvoeding van die Swartkind. 1978 R11,10

0-74 NEL, A. Responsibility: An educational perspective. Part 3. The education of the Black child. 1978 R11,40

0-76 LIEBENBERG, C.R. Die implementering van televisie by onderwysersopleiding in die RSA. 1978 R2,05

0-79 CARSTENS, J.H. Skoolvoorligting in Frankryk. 1978 R1,40

**PSIGOMETRIKA/PSYCHOMETRICS**

P-15 DE VILLIERS, L. Design and standardization of the senior aptitude tests for Indian South Africans. 1977 R3,15

P-16 KRITZINGER, L.J.R. Construction and standardization of a scholastic achievement test for English first language standard 6. 1977 R2,35

P-18 KRITZINGER, L.J.R. Report on the scholastic achievement test for English second language standard 1. 1978 R4,75

P-20 MARITZ, J.D.G. Tegniese verslag oor die gestandaardiseerde skolastiese prestasietoetse in Afrikaans tweede taal vir standerds 5, 6 en 7. 1978 R3,95

**SOSIOLOGIE, DEMOGRAFIE EN KRIMINOLOGIE/SOCIOLOGY, DEMOGRAPHY AND CRIMINOLOGY**

S-47 SMEDLEY, LINDA N. Czechoslovakian refugees in Pretoria: A follow-up study. 1977 R2,10

S-49 STRIJDOM, H.G. *en* SCHURINK, W.J. Primêre viktimisasie in Soweto. 1977 R1,50

S-51 VAN DER BURGH, C. Smoking and drinking patterns of Whites: 1975. 1978 R1,30

S-53 GROENEWALD, H.J. Fertility and family planning in Atteridgeville: Data for 1969, 1974 and 1975. 1978 R1,15

S-54 LÖTTER, J.M. Certain aspects of human fertility in rural Bophuthatswana. 1978 R0,95

**STATISTIEK/STATISTICS**

WS-20 VAN RENSBURG, F.A.J. Graduation trends for Non-Whites at South African universities 1960-1975, with projections to 1990. 1977 R4,50

WS-21 VAN RENSBURG, L.S.J. Onderwystendense: Statistiek sedert 1910. $A_2$ Kleurlingstudente aan universiteite. 1977 R2,80

**TAAL, LETTERE EN KUNS/LANGUAGES, LITERATURE AND ARTS**

TLK/L-5 SCHEFFER, P. Stedelike Blanke Suid-Afrikaners se koop-, leen- en leesgewoontes met betrekking tot boeke. 1977 R4,35

TLK/L-6 HAUPTFLEISCH, T. Language loyalty in South Africa Volume 1: Bilingual policy in South Africa - Opinions of White adults in urban areas. 1977 R3,65

TLK/L-7 SCHURING, G.K. 'n Veeltalige Samelewing: Deel 2. Afrikaans en Engels onder Swartmense in die RSA. 1977 R1,40

BOTHA, ROSALIE *en/and* VILJOEN, WILMA. Bronnegids vir Toneel, Ballet, Rolprente, Hoorspele en Televisie. Nuwe reeks, deel IV/Source Guide for Drama, Ballet, Films, Radio Plays and Television. New Series, volume IV, 1973. 1977 R4,40

VILJOEN, WILMA. Bronnegids vir Toneel, Ballet, Rolprente, Hoorspele en Televisie. Nuwe reeks, deel V/Source Guide for Drama, Ballet, Films, Radio Plays and Television. New Series, volume V 1974. 1977 R5,25

NIENABER, G.S. *en* RAPER, P.E. Toponymica Hottentotica A** H-Z. Naamkundereeks nr. 7 1977 R12,00

JOUBERT, ESTER. Bronnegids by die studie van die Afrikaanse taal en letterkunde. Nuwe reeks, deel 4. 1977 R2,75

TLK/L-8 HAUPTFLEISCH, T. Language loyalty in South Africa. Volume 2: Using and improving usage in the second language - some opinions of White adults in urban areas. 1978 R3,65

HSRC BIBLIOTEEK | HSRC LIBRARY

Doc. 52665
Copy 52666

118

ISBN 0 86965 559 0
(English edition ISBN 0 86965 560 4)

V&R Pta.